

## **Hoofstuk 7: Empiriese gegewens en navorsingsbevindings ten opsigte van die Kleurling adolessente.**

### **7.1 Inleiding**

Hoofstuk twee van hierdie studie fokus op adolessensie, kinderontwikkelingsteorieë en die invloed van kulturele aspekte op adolessente. Hoofstuk drie fokus op die impak van seksuele misbruik op die adolessent en hoofstuk vier bespreek speltherapie vanuit die gestaltbenadering. Hoofstuk vyf fokus op terapievaardighede en beginsels om die trauma-dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessente wat seksueel misbruik is, te verbeter. Die literatuurstudie kan gesien word as fase twee van intervensienavorsing, en was ook noodsaaklik vir die ontwikkeling van die speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is. Hoofstuk ses bespreek die speltherapieprogram wat ontwikkel is vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is (fase vier van intervensieproses).

In hoofstuk sewe, agt en nege word die resultate wat uit die empiriese ondersoek verkry is, asook die interpretasie daarvan, aangebied. In hoofstuk sewe word die Kleurling adolessente se resultate, in hoofstuk agt die Xhosa adolessente se resultate en in hoofstuk nege die blanke adolessente se resultate en interpretasies daarvan bespreek. Die empiriese ondersoek het die implementering en evaluering van die speltherapieprogram behels (fase vyf van intervensienavorsing). Die empiriese data sal vir praktiese doeleindes in vier dele ingedeel word, naamlik:

- Die terapeutiese sessies sal kortliks bespreek word en daar sal verwys word na toepaslike literatuur soos bespreek in die voorafgaande hoofstukke,
- Die kwalitatiewe bevindinge sal in die vorm van tabelle weergegee word,
- Die kwantitatiewe bevindinge sal in grafieke weergegee en bespreek word, en
- Laastens sal die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge geïntegreer word.

Die individuele terapeutiese sessies word kortliks bespreek, soos wat met elkeen van die respondente deurloop is. Die terapiessessies kan nie in diepte beskryf word nie, aangesien elke respondent vir ongeveer dertig sessies gesien is en die navorser vyftien

respondente moet bespreek. Die navorser sal dus fokus op tersaaklike interessante inligting ten einde die proefskrif bondig te hou. Die kwalitatiewe data was met behulp van ongestruktureerde waarneming, veldnotas en onderhoude met ouer(s) verkry, en ondersteun en verryk die kwantitatiewe meting en bevindinge. Die kwantitatiewe data is met behulp van 'n gestandaardiseerde metingskaal, die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, ingesamel (bylae vier). Hierdie instrument is as voortoets en natoets benut. Die sukses en waarde van die intervensie was dus met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal bepaal. Die kwantitatiewe bevindinge word geanaliseer en in grafieke weergegee.

## **7.2 Die navorsingsproses**

Hoewel die volledige navorsingsproses reeds in hoofstuk een breedvoerig bespreek is, gaan dit weer kortliks aandag geniet om die leser te oriënteer ten opsigte van die empiriese gegewens en bevindinge wat volg.

### **7.2.1 Doelstelling van die studie**

Om 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

### **7.2.2 Doelwitte van die studie**

Die volgende doelwitte is nagestreef, naamlik om:

- 'n Teoretiese raamwerk op te bou ten opsigte van:
  - ✓ Die kort- en langtermyngevolge van seksuele misbruik op die adolessent,
  - ✓ Trauma-dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessent wat seksueel misbruik is,
  - ✓ Speltherapie met die adolessent wat seksueel misbruik is,
  - ✓ Bestaande modelle en programme vir adolessente wat seksueel misbruik is,
  - ✓ Adolessensie as lewensfase en kinderontwikkelingsteorieë,
  - ✓ Die gestaltbenadering.

- Om 'n kritiese ondersoek te doen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is.
- Om 'n spelterapieprogram vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te ontwikkel.
- Om die spelterapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te implementeer.
- Om die impak van die spelterapieprogram te evalueer en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge.

### **7.2.3 Hipotese**

Indien die spelterapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot die verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

### **7.2.4 Navorsingsbenadering**

Die navorser het van 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings gebruik gemaak. Creswell (in De Vos, 2002:365) het tussen verskillende modelle van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing onderskei. Die navorser het van Creswell se gemengde metodologie ontwerpmodel gebruik gemaak. Hierdie model verteenwoordig die hoogste graad van gemengde paradigmas van die drie ontwerpe. Volgens De Vos (2002:366) meng die navorser aspekte van die kwalitatiewe en kwantitatiewe paradigma tydens al die of baie van die metodologiese stappe in die ontwerp.

In hierdie studie behels die kwantitatiewe benadering, die meting van die adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente, met behulp van 'n gestandaardiseerde metingskaal, voor en na intervensie. Sodoende was die navorser dus in staat om te bepaal of daar verbetering plaasgevind het in die

adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en die trauma-dinamika-elemente, en of die spelterapiëprogram effektief was of nie.

Die tweede komponent van hierdie studie is vanuit die kwalitatiewe benadering. Die navorser het 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule, met die respondente se ouer(s) voor en na afloop van die intervensie gevoer. Inligting wat met behulp van die onderhoudskedule ingesamel is, fokus op die respondent se agtergrondinligting asook die impak van die seksuele misbruik op die proefpersoon se emosionele, interpersoonlike, fisiese, gedrags-, kognitiewe en seksuele funksionering. Die navorser het tydens die speltherapie sessies die respondent waargeneem, veldnotas gemaak en 'n verslag van elke sessie geskryf. Ten einde die verandering te verifieer is van triangulasie gebruik gemaak. Drie maande na terminering het die navorser weer 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die respondente en ouer(s) gevoer ten einde die langtermyn-effektiwiteit van die program te monitor.

### **7.2.5 Soort navorsing**

In hierdie studie is van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing is die eksploitering van reeds bestaande kennis ter verkryging van nuwe kennis (Smit, 1983:4). Binne die konteks van toegepaste navorsing was die oogmerk van hierdie studie om intervensienavorsing te doen. Die navorser het 'n speltherapieprogram as intervensie vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer.

### **7.2.6 Navorsingsontwerp**

Navorsingsontwerp kan gedefinieer word as 'n plan vir die navorsing wat gedoen gaan word – die operasionalisering van veranderlikes sodat dit gemeet kan word, die selektering van 'n steekproef, insameling van inligting om te gebruik as 'n basis om die hipotese te toets en die analisering van die resultate (Fouchè & De Vos, 2002:137). Die oogmerk van hierdie studie was om intervensienavorsing te doen. As 'n vorm van toegepaste navorsing, is intervensienavorsing daarop gerig om lig te

werp op of moontlike oplossings te voorsien vir praktiese probleme. Die ses fases van intervensienavorsing is opgesom in bylaag een.

Navorsingstudies wat uitgevoer word om dienslewering aan maatskaplike werk kliënte te evalueer, word enkelstelselontwerpe genoem (Williams, Tutty & Grinnell, 1995:161). Die navorser het van die A-B-A-A ontwerp gebruik te maak, met individuele respondente van drie verskillende etniese groepe, naamlik blankes, Kleurlinge en Xhosas. Die resultate van die verskillende etniese groepe kon dus ook met mekaar vergelyk word, waarna die navorser in staat was om aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe.

Ten einde kwalitatiewe data in te samel het die navorser van 'n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevallestudie, gebruik gemaak. Die respondente wat die navorser bestudeer het, verwys in hierdie studie na adolessente dogters wat seksueel misbruik is. Die ondersoek en beskrywing van elke respondent het plaasgevind deur in-diepte data-insamelingsmetodes, byvoorbeeld onderhoude en respondentwaarneming. Die navorser het 'n kollektiewe gevallestudie uitgevoer ten einde die navorser se begrip oor die populasie wat bestudeer word, te verhoog.

### **7.2.7 Universum en responskoers**

Die populasie waaruit die steekproef vir hierdie studie verkry is, het adolessente dogters (13-17 jarige ouderdom) van drie etniese groepe, wat seksueel misbruik is en wat terapeutiese dienste by PATCH ontvang, ingesluit. Kinders wat geselekteer is vir die studie het nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie.

Die navorser het steekproeftrekking gedoen wat op 'n nie-waarskynlikheidsseleksie berus. Die navorser het 15 respondente by wyse van doelgerigte steekproefneming geselekteer en wel vyf respondente respektiewelik vanuit die etniese groepering Xhosa, blank en Kleurling. Na seleksie is skriftelike toestemming van die respondente en ouers van die potensiële respondente verkry, voordat hulle betrek is by die navorsing. Die volgende kriteria was vir die keuse van die respondente benut, naamlik:

- Seksueel misbruikte adolessente dogters, tussen dertien en sewentienjarige ouderdom,
- Die respondente moet alreeds die seksuele misbruik onthul het,
- Die seksuele misbruik moet nie langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het nie,
- Die respondente moet nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie,
- Respondente moet van verskillende etniese groepe wees, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge,
- Die respondente moet terapeutiese dienste by PATCH ontvang en vanaf Februarie 2004 geselekteer word.

### **7.3 Werkswyse wat in die uitvoering van die studie gevolg is**

Tydens aanvang van die terapie het die navorser PATCH en die navorser se rol verduidelik. Die navorser het reeds van die eerste sessie af begin om 'n vertrouensverhouding met die adolessente respondent te bou, deur aan die respondent die geleentheid te gee om goed na die navorser te kyk en om telkens seker te maak dat die respondent verstaan en saamstem met wat gesê word. Die navorser het ook tydens die eerste sessie belangrike aspekte soos die opvolgmedikasie, die veiligheid van die respondent, en of die beweerde oortreder gearresteer is en administratiewe aspekte soos duur en tye van sessies bespreek.

Deur aan die respondent die geleentheid te gee om 'n toestemmingsbrief te teken, word die adolessente respondent bemaatig en in beheer geplaas. Die navorser het dit duidelik gemaak dat dit die reg van die respondent is om enige tyd van die navorsing te onttrek indien sy nie verder daaraan wil deelneem nie. Om in beheer te voel is 'n magtige veranderlike en help kinders om 'n positiewe selfbeeld te vorm (Landreth, 1991:155).

Die navorser het ook tydens aanvang van die terapie konfidensialiteit met die respondent en ouers(s) bespreek. Konfidensialiteit staan sentraal in die ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding en is beide 'n wetlike en etiese aspek (Corey, 1996:60).

Terapie is nie soos 'n resep wat net gelees en gedoen kan word nie. Elke individu kan anders geaffekteer word deur die seksuele misbruik en die terapeut en die adolessent bring ook elkeen unieke eienskappe na die speelkamer. Die navorser het Geldard & Geldard (2004:43) se raamwerk van die terapeutiese proses en Finkelhor & Browne (1986:186) se model bestudeer en op grond daarvan het die navorser die speltherapieproses in ses fases onderverdeel, naamlik: Bou van 'n terapeutiese verhouding (fase 1); hulpeloosheid (fase 2); verraad (fase 3); stigmatisasie (fase 4); traumatiese seksualisering (fase 5) en terminering (fase 6).

Onder elke fase word verskeie aktiwiteite aanbeveel wat tydens aanvang, die proses en terminering gebruik kan word. Die impak op elke adolessent kan verskillend wees en daarom is dit nie nodig dat die program soos 'n boek van voor tot agter deurgewerk word nie, die terapeut het die geskikte speltherapieaktiwiteite vanuit die speltherapieprogram geselekteer soos dit aan die adolessent se behoeftes voldoen het. Dit het ook soms gebeur dat die terapeut 'n spesifieke aktiwiteit voorberei het, maar 'n ander aktiwiteit moes doen ten einde die adolessent se voorgrondbehoefte aan te spreek. Die navorser het ook telkens gepoog om die adolessente respondent se voorgrondbehoefte by die spesifieke aktiwiteit in te werk. Weens die uniekheid van elke adolessente respondent was die aktiwiteite wat vir elke individu gebruik is, nie noodwendig in dieselfde volgorde nie. Die navorser sal dus tydens die bespreking van die gevallestudies telkens terugverwys na die speltherapieprogram wat volledig in hoofstuk ses bespreek is.

#### **7.4 Kwalitatiewe data van die studie**

Creswell (2003:191-195) se prosedure vir analise van kwalitatiewe data sal gebruik word om die data te ontleed, te verwerk en te beskryf. In hierdie prosedure word soos volg te werk gegaan: transkribeer elke onderhoud / sessie; lees deur al die transkripsies om 'n geheelbeeld en algemene indruk te bekom; kodeer die materiaal en identifiseer kernwoorde; identifiseer temas tydens die koderingsproses deur byvoorbeeld ooreenstemmende temas met dieselfde kleure te merk; beskryf die temas woordeliks en visueel met figure en tabelle en interpreteer die data deur bestaande literatuur te gebruik. Tydens hierdie studie het die kwalitatiewe benadering 'n belangrike deel van die data-insameling uitgemaak.

Kwantitatiewe data word deur die kwalitatiewe data wat tydens terapieessies, in die vorm van veldnotas verkry is, verryk en geverifieer. Data is dus tydens die kwalitatiewe deel van hierdie studie verkry met behulp van ongestruktureerde waarneming, deur die skryf van veldnotas tydens en na afloop van elke individuele terapeutiese sessie en die onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouer(s). Die notas is na afloop van elke sessie in die bepaalde respondent se lêer gestoor, waarop die data na behore op hierdie wyse bestuur is (De Vos, 2002:343).

Die kwalitatiewe data wat vanuit die speltherapieessies met die respondente verkry is, sal vervolgens voorgehou word. Die navorser sal telkens terugverwys na die speltherapieprogram waar elke sessie se doelwitte en instruksies volledig bespreek is. Elkeen van die respondente se biografiese inligting is vanuit die onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouer(s) verkry. Die assessering, analisering en interpretering word gedoen en aan die literatuur getoets na aanleiding van die volgende temas: liggaamshouding / nie-verbale kommunikasie; emosionele uitdrukking / kontak met die self; kontak met die omgewing en weerstand / voorgrondbehoefte. Tydens die bespreking van die terapeutiese sessies, sal deurentyd van skuilname gebruik gemaak word.

## **7.5 Kwantitatiewe data**

### **7.5.1 Data-insameling**

Die data is verkry vanuit 'n gestandaardiseerde metingskaal, die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, wat die selfpersepsie-elemente en trauma-dinamika-elemente van die respondente voor en na intervensie gemeet het. Die voormeting en nameting van die respondent word dan met mekaar vergelyk, ten einde die effektiwiteit van die speltherapieprogram op die adolessent wat seksueel misbruik is, te evalueer. Weens die lengte van die gestandaardiseerde metingskaal (226 vrae) het die navorser besluit om nie drie maande na teminering weer die respondent te vra om dit te voltooi nie, en het slegs 'n onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die respondent en haar ouer(s) gevoer ten einde die langtermyn effektiwiteit van die program te monitor. Skade aan proefpersone kan van



‘n fisiese of emosionele aard wees (Strydom, 2002c: 64). Die navorser is eties verplig om die aard van die navorsing te verander eerder as om die respondente aan die skraalste moontlikheid van fisiese of emosionele benadeling bloot te stel.

Die navorser sou graag weer die metingskaal wou voltooi na drie maande, maar is van mening dat dit nie in die beste belang van die adolessente respondent sou gewees het nie. Die navorser het tydens die opvolgessies opgemerk dat die adolessente drie maande na die terminering reeds aanbeweeg het en nuwe gebeure in hulle lewens (die hier-en-nou) met die navorser wou deel. Die navorser het dus eties verplig gevoel om nie die adolessent weer bloot te stel aan die voltooiing van die lang gestandaardiseerde metingskaal nie en is van mening dat die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule voldoende was om die langtermynimpak van die program te monitor.

## **7.5.2 Analisering van die data**

Die rekenaarprogram van Perspektief Kollege is benut om die data wat ingesamel is met die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool-metingskaal te verwerk. Vergelykings word tussen die voormeting en nameting van die adolessent getref ten einde die effektiwiteit van die speltherapieprogram te bepaal.

## **7.6 Bespreking van gevallestudies**

### **7.6.1 Biografiese inligting van gevallestudie een: Lucy Reef**

**Naam van die adolessent:** Lucy Reef

**Kultuurgroep:** Kleurling

**Ouderdom:** 17 jaar oud

**Geslag:** Vroulik

**Aantal kinders in die gesin:** 5

**Huistaal:** Afrikaans

#### **7.6.1.1 Agtergrondinligting van Lucy Reef**

Lucy het in Raithby grootgeword en toe sy 12 jaar oud was, het hulle na die Helderberg verhuis. Haar vader is oorlede toe sy nog klein was, en haar moeder het haar alleen grootgemaak. Lucy het nog nooit voorheen terapie ontvang nie. Lucy Reef is op 20 Junie 2004 deur die krisissentrum by Hottentots Holland Hospitaal na

PATCH verwys nadat sy na bewering die Saterdagavond verkrag is en by die krisissentrum medies ondersoek is. Lucy en haar vriende was by 'n nagklub en sy het baie alkohol gedrink. Sy kan nie in fyn besonderhede onthou wat gebeur het nie weens die hoeveelheid alkohol wat sy gedrink het. Wat sy wel kan onthou, is dat die beweerde oortreder, bekend aan haar, haar na buite geroep het. Hy het met haar gesels en het probeer om haar te soen. Sy het hom weggestoot waarna hy haar verkrag het. Sy het hom probeer afkry en het terugbakei, maar hy was te sterk. Hy het haar net daar gelos. Tydens die mediese ondersoek by die hospitaal, na die verkragting, is 'n swangerskaptoets gedoen en sy het bewus geword dat sy reeds swanger is weens haar seksuele verhouding met haar kêrel.

#### 7.6.1.2 Impak van die beweerde verkragting op Lucy volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Lucy se moeder, mev. Reef.

Mev. Reef het skriftelike toestemming vir Lucy se deelname aan die navorsing gegee.

**Tabel 7.1 Agtergrondgeskiedenis van Lucy Reef**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Ontwikkelingsgeskiedenis:</b>	Swangerskap onbeplan.	Ouers bly. Hoop vir seun.
	Geboorte: Keisersnit.	Alles suksesvol.
	Ontwikkeling normaal.	Ouers sien Lucy as intelligent.
	Vader oorlede.	Lucy baie jonk, geen impak.
	Geen traumagebeure nie.	Ontwikkeling normaal.
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Geboorte tot verkragting.	Goeie gesondheid.
	Na verkragting.	Slaapprobleme en hoofpyne.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Voor verkragting.	Vrolik, goeie selfbeeld en goeie skoolvordering. Hou van boeke en skoolwerk.
	Na verkragting.	Stil, kwaad, kommunikasie beperk, moeder van mening Lucy voel skuldig.
<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Voor verkragting.	Gesonde verhoudings met vriende, ma en susters.
	Na verkragting.	Onttrek. Hartseer weens stigmatisasie.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Voor verkragting.	Gebruik alkohol sosiaal. Kom laat in die huis.
	Na verkragting.	Gehoorsaam. Alkohol gebruik verminder. Steel nie.
<b>Kognisie:</b>	Voor en na verkragting.	Geen huidige probleme nie.
<b>Seksualiteit:</b>	Voor en na verkragting.	Praat nie oor seks nie.

		Moeder hou nie van Lucy se kêrel nie.
<b>Skoolprestasie:</b>	Voor verkragting.	Skoolvordering en bywoning goed. Matriek.
	Na verkragting.	Skryf nie twee eksamenvakke nie, weens voorval.
<b>Voorvalinligting:</b>	Die verkragting.	Moeder wil nie daarvoor praat nie. Staan Lucy by.
<b>Dissipline:</b>	Voor voorval.	Lucy baie rondgeloop. Kom dronk by die huis.
	Na voorval.	Vroeg by die huis.
<b>Gesinslewe:</b>	Voor verkragting.	Lucy baie onafhanklik.
	Na verkragting.	Gesinslede ondersteun Lucy.

### 7.6.1.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Lucy Reef en mev. Reef.

Die navorser bespreek PATCH se rol en die doel van die navorsing. Volgens Mogan (1995:28) is dit belangrik om vertroue en kommunikasie te vestig tydens die eerste onderhoud. Lucy het behoefte om te ventileer en verkies om die navorser te vertel wat gebeur het. Sien aktiwiteit: “Insamel van inligting van die voorval,” (soos bespreek onder punt 6.2.1.3 in hoofstuk ses). Lucy is baie ontsteld oor haar tante wat gesê het dat die mense in die gemeenskap gaan praat oor wat gebeur het. Stigmatisasie word volgens Finkelhor & Browne (1986:184) versterk deur houdings van ander persone in die familie of die gemeenskap.

**Tabel 7.2: Kwalitatiewe data van sessie een met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Volgens Mev. Reef het sy opgemerk dat Lucy stil en teruggetrokke is na die voorval.	Lucy noem aan die navorser dat sy nie haar ma wil inlig van die swangerskap nie, want dit sal haar ma hartseer maak. Volgens Lucy het sy vermoed dat sy swanger is omdat sy nie haar laaste maandstonde gekry het nie. Mediese ondersoek na verkragting bevestig swangerskap, kêrel se baba.
Lucy knip heelryd en vinnig haar oë. Lucy kom hartseer voor en huil.	Lucy noem dat sy ‘n “snaakse” gevoel het van die “AZT”-medikasie en dat sy sukkel om te slaap in die aande.
Lucy kom moeg voor. Volgens Lucy kan sy nie slaap in die aande nie.	Lucy was baie ontsteld oor haar tante wat gesê het dat die mense in die gemeenskap goed gaan sê (stigmatisasie).
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>WEERSTAND / VOORGROND</b>
Lucy het haar kêrel ingelig van die swangerskap.	Die verkragting, swangerskap en stigmatisasie weens die verkragting is op Lucy se voorgrond.

Lucy se ma en susters ondersteun haar ten opsigte van die verkragting.	Weerstand om haar moeder in te lig van die swangerskap.
Lucy het die saak op dieselfde aand van die voorval by die polisie aangemeld. Lucy was by die hospitaal vir 'n mediese ondersoek. Sy moet haar opvolgmedikasie by die hospitaal gaan haal.	
Die beweerde oortreder se ouers was by Lucy se huis nadat hy gearresteer is. Hulle wou presies weet wat gebeur het en wou haar weer na 'n dokter neem. Volgens Lucy het dit haar baie ontstel.	

#### 7.6.1.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser gaan saam met Lucy na die organisasie "Choices" ten einde haar opsies ten opsigte van die swangerskap, naamlik abortsie, enkelouerskap, pleegsorg of aanneming, met haar te bespreek. Volgens Geldard & Geldard (2002:120) kan die terapeut slegs alternatiewe oplossings voorstel en moet nooit die adolessent probeer oortuig nie.

**Tabel 7.3: Kwalitatiewe data van sessie twee met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy kom baie senuweeagtig voor.	Lucy lig die navorser in dat sy besluit het om deel te neem aan die navorsing (keusevryheid).
Lucy speel met haar hande tydens die onderhoud. Lucy kom hartseer voor en is huilerig tydens die onderhoud.	Lucy noem dat die tyd nie reg is vir haar om swanger te wees nie en dat haar moeder nie moet weet van die swangerskap nie. Lucy noem dat haar kêrel nie ten gunste van 'n abortsie is nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Lucy en die navorser besoek die organisasie "Choices".	Voorgrondbehoefte is die abortsie.
Lucy het besluit om deel te neem aan die navorsing en om in te skakel vir terapie.	Weerstand dat haar moeder ingelig moet word van die swangerskap.
Die polisie sal die beweerde oortreder se familie gaan waarsku om nie weer na Lucy se huis te gaan nie.	

### 7.6.1.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Lucy.

Alhoewel Lucy sê dat sy wil gaan vir 'n aborsie, het sy verskonings gegee oor waarom sy nog nie gegaan het nie. Die navorser het haar verseker dat die navorser haar sal ondersteun watter besluit sy ookal neem. Volgens Gil (1996:155) is adolessente sensitief oor volwassenes se oordeel oor hulle gedrag. Lucy voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Die navorser samel agtergrondinligting by Lucy in met behulp van die aktiwiteit: “Die lewenslyn”, (sien punt 6.2.1.1.).

**Tabel 7.4: Kwalitatiewe data van sessie drie met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy het aanvanklik senuweeagtig voorgekom tydens die voltooiing van die vraelys en later ontspan. Lucy se stem was bewerig en sy het emosioneel voorgekom.	Lucy lig die navorser in dat sy op die kalender gekyk het en dat sy nog net 8 weke swanger is. Volgens Lucy het sy nie vir die aborsie gegaan nie en gee die verskoning dat sy nie weet hoe die hospitaal werk en waarheen om te gaan nie. Sy noem weer dat haar kêrel nie ten gunste van 'n aborsie is nie, maar sy voel steeds dat dit die beste vir haar sal wees.
Lucy se oë was tranerig. Energievlakke laag tydens aanvang van sessie, vermeerder geleidelik soos sy ontspan	Sy vertel humoristies tydens lewenslynaktiwiteit van haar sussie wat haar per ongeluk met 'n mes gesny het op driejarige ouderdom en van haar “draakonderwyseres” in standard een.
	Sy noem dat sy op 17 jarige ouderdom uitgevind het dat sy swanger is en ook verkrag is. Sy dui ook aan op die lewenslyn dat hierdie 'n slegte jaar vir haar is.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die geheimhouding tussen Lucy en haar moeder, en die tekort aan kommunikasie en kwaliteit tydens 'n onvoltooidheid in Lucy se lewe.	Weerstand om moeder in te lig van die swangerskap. Sy toon tog in 'n mate weerstand om te gaan vir die aborsie alhoewel sy sê dit sal die beste wees vir haar (polariteit).
Sy deel met die navorser dat haar ma nie van haar kêrel hou nie.	Voorgrondbehoefte is die swangerskap en haar besluit wat sy moet neem asook die verkragting.

### 7.6.1.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Lucy.

Lucy lig die navorser in dat sy nog nie 'n afspraak vir die aborsie gemaak het nie, maar dat sy wel die komende Maandag wil gaan vir die aborsie. Volgens Blom (2004:62) is weerstand die kind se manier om na haarself te kyk en dit moet verwag,

erken en gerespekteer word tydens die terapeutiese proses. Die navorser betrek Lucy by die aktiwiteit: “My liggaamgevoelens”, (sien punt 6.2.1.5.). Omdat Lucy tydens die aktiwiteit genoem het dat sy terugflitse kry, het die navorser ook die aktiwiteit: “Terugflitse”, (sien punt 6.2.2.2.), gedeeltelik behandel. Aangesien Lucy bang is dat sy weer verkrag kan word het die navorser voorkomende gedrag met haar bespreek.

**Tabel 7.5: Kwalitatiewe data van sessie vier met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy is hartseer en huil.	Lucy verduidelik dat sy ‘n klein bietjie gelukkige gevoelens het omdat sy ‘n goeie kêrel het, as haar vriende by haar is en omdat haar familie haar bystaan ten opsigte van die verkragting.
Sy vryf haar hande.	Sy dui aan dat sy baie hartseer voel en noem dat sy nie die verkragting kan verwerk nie, dat sy terugflitse kry daarvan, dat sy ontsteld raak wanneer sy die beweerde oortreder se vriende sien, en dat dit vir haar voel of mense van haar praat (stigmatisasie).
Lucy neem verantwoordelikheid vir haar helingsproses deur alleen te kom vir haar sessies.	Volgens Lucy ervaar sy kwaadgevoelens omdat haar moeder haar nie verstaan nie, weens die groot ouderdomsverskil tussen hulle. Sy raak ook kwaad omdat sy dinge vergeet en vra die vraag: “Hoekom het hy dit gedoen?” en sy voel asof sy hom kan slaan.
	Volgens Lucy is sy bang sy word weer verkrag en is sy bang wanneer sy by seuns is.
	Lucy is bekommerd en stel die volgende vrae: “Hoe gaan ek my lewe aanpak? Hoe gaan ek mense in die oë kyk wat dink dat die verkragting my fout was?”
	Lucy is spyt dat sy te veel dink aan die verkragting. Sy erken dat sy die aand van die voorval nie notisie geneem het wat om haar aangaan nie, weens die alkohol gebruik.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy en haar vriende het gaan “pool” speel.	Die swangerskap, aborsie, verkragting, kwaadgevoelens en terugflitse is op Lucy se voorgrond.
Sy kom na die navorser vir terapie.	Weerstand om haar moeder in te lig omtrent die swangerskap. Weerstand om te gaan vir die aborsie.

### 7.6.1.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Lucy.

Lucy vertel vir die navorser dat sy nie vir die aborsie gegaan het nie en beplan om hierdie Maandag te gaan. Deur die waarheid te verdraai, beskerm die adolessent haarself teen ongemaklike gevoelens (Geldard & Geldard, 2002:108). Die navorser betrek Lucy by bespreking van kwaadgevoelens deur die volgende aktiwiteite: “Die vulkaan” (punt 6.2.4.3), “Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens” (punt 6.2.4.4) en “Die verkeerslig” (punt 6.2.4.5).

**Tabel 7.6: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy is spontaan en spraaksaam wanneer daar gepraat word oor nie-bedreigende aspekte. Wanneer daar egter gefokus word en spesifieke aspekte aangespreek word, dan trek haar oë op skrefies, haar mond lyk hartseer en sy verbreek oogkontak en loer van onder af na die navorser, alhoewel sy steeds poog om baie goeie samewerking te gee.	Volgens Lucy word haar ore rooi, sy kyk stip, sy word stil en voel bewierig wanneer sy kwaad word.
Dit lyk of sy ineenkrimp wanneer sensitiewe aspekte bespreek word.	Sy erken dat sy soms stilbly wanneer sy kwaad is.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Kom alleen na navorser vir haar sessies.	Weerstand om te gaan vir die aborsie. Weerstand om te kommunikeer met haar moeder en om haar moeder in te lig omtrent die swangerskap (Valslaag).
	Die swangerskap en hantering van kwaadgevoelens is op haar voorgrond.

### 7.6.1.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Lucy.

Lucy noem dat sy nog nie vir aborsie gegaan het nie. Sy noem dat sy na die voorval baie hoofpyn kry. Psigo-somatiese klagtes ontstaan wanneer emosies fisies uitgedruk word in die liggaam (Knauer, 2000:65). Die navorser vra dat sy al haar gedagtes rondom die swangerskap nou moet neerskryf. Om die adolessent te help om die werklikhede van pynlike gebeure in haar lewe te erken en te aanvaar is ‘n belangrike deel van terapie (James, 1989:4).

**Tabel 7.7: Kwalitatiewe data van sessie ses met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy is emosioneel en huil. Sy kom hulpeloosheid voor ten opsigte van die swangerskap en die stigmatisasie.	Lucy vertel aan die navorser dat haar ma gesê het dat “self as die oortreder vrykom dan sal sy bid of so iets” en dit het haar ontstel.
Lucy het deur haar gevoelens neer te skryf, nie-verbaal haarself uitgedruk.	Lucy voel dat haar verhouding met haar ma nie goed is nie en dat sy wens dat haar ma net beseft dat sy uniek is en verskillend as haar susters is.
Sy kom senuweeagtig voor, tik met bene en lag senuweeagtig, tog stem sy in om na die dokter te gaan vir die sonar. Alhoewel Lucy ‘n sterk persoonlikheid het, lyk dit asof sy eeneenkrimp wanneer sy oor moeilike aspekte praat en kom minder selfversekerd voor. Beweeg heen senuweeagtig en speel met hande toe die navorser die hospitaal bel om ‘n afspraak vir ‘n sonar te maak.	Lucy sê sy is bang wat die mense alles gaan sê indien hulle uitvind sy is swanger (stigmatisasie) en sy dink dat hulle dan gaan sê dat sy nie verkrag is nie. Lucy voel skuldig oor die geheimhouding oor die swangerskap. Lucy wil nie haar ma seermaak nie en weerhou daarom die inligting van die swangerskap van haar, maar is ook kwaad vir haar ma omdat haar ma nie met haar gepraat het oor voorbehoedmiddels nie (polariteit).
	Goeie gebruik van selfstellings: “ <b>Ek</b> weet ek moet iets aan die swangerskap doen, maar is bang, maar is bereid om my vrese terug te sit”, “ <b>Ek</b> sal minderwaardig voel”.
	Volgens Lucy voel sy vanaf na die voorval nie lus vir mense nie. Haar kêrel was Saterdag by haar en sy het vir hom gesê om later terug te kom en toe hy later terugkom was sy nie daar nie.
	Lucy vertel dat ‘n man vir haar gesê het: “...jy was al klaar verkrag...ek hoop hulle doen dit weer.” Hy het dit voor sy vriende gesê en sy het kwaad gevoel. Volgens Lucy sit sy net nou heeldag by die huis.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die navorser maak ‘n afspraak vir Lucy vir ‘n sonar.	Weerstand om swangerskap aan te spreek, maar met ondersteuning van die navorser het sy ingestem om vir ‘n sonar te gaan. Die navorser het haar daarop gewys dat dit vir haar gesondheid is asook om ‘n ingeligte besluit verder te kan neem.
Lucy huil en vra of sy soms die navorser kan bel as dinge net te veel raak. Die navorser het haar selfoonnommer ook vir Lucy gegee.	Alhoewel sy swangerskap heelyd in agtergrond wou plaas, het die navorser dit bewustelik na haar voorgrond gebring deur haar te betrek by bespreking daarvoor.



### 7.6.1.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Lucy.

Navorser neem Lucy na die hospitaal vir die sonar. Lucy sal Sondag al 17 weke swanger wees. Trek bloed vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Terug by die kantoor word Lucy se opsies bespreek. Die maatskaplike werker van Kinder-en Gesinsorg gee aan Lucy die opsie dat sy of sy en haar kêrel haar ma kan inlig andersins is sy bereid om dit te doen. Lucy toon weerstand op hierdie stadium dat haar ma ingelig moet word. Sy kry daarom geleentheid om oor alles te dink en die navorser in te lig van haar besluit op Maandag. Die navorser doen daarna hofvoorbereiding, aangesien die polisie 'n verslag van die navorser aangevra het en besluit moet word of sy in oop hof kan getuig of nie. Sien aktiwiteit: “Hofvoorbereiding”, (sien punt 6.2.2.7.).

**Tabel 7.8: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Op pad na die hospitaal lyk Lucy heel op haar gemak, maar noem dat sy nie eintlik weet hoe sy voel nie.	Oppad na die hospitaal noem Lucy dat sy nie eintlik weet hoe sy voel nie.
Lucy kom kalm voor tydens die sonar en toe daar bloed getrek word. Na sonar kom sy tog senuweeagtig voor. Sy tik haar voet onbewustelik op die grond en maak minder oogkontak. Terug by die kantoor is Lucy emosioneel. Lucy huil en haar liggaam ruk oor haar ma wat ingelig moet word en sy verbreek oogkontak.	Lucy skryf dat sy bang en bekommerd voel oor die hofsaak omdat sy nog nooit 'n hof van binne gesien het nie en nie weet wat om te verwag nie. Sy is ook bekommerd hoe die mense teenoor haar sal optree.
Lucy het haar gevoelens ten opsigte van die hofsaak neergeskryf.	Lucy is van mening dat haar ma haar gaan uitskop en verwerp, omdat sy moes geleer het uit haar ander drie susters wat ook swanger geraak het.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die hospitaal vir 'n sonar.	Lucy toon weerstand dat haar ma ingelig moet word van die swangerskap.
Kinder-en Gesinsorg se maatskaplike werker in verband met opsies ten opsigte van die swangerskap.	Op Lucy se voorgrond is die swangerskap en dat haar moeder ingelig moet word daarvan.

### 7.6.1.10 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser neem Lucy na die hof, as deel van hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Die navorser betrek haar daarna by rollespel. Die navorser en Lucy lag saam na afloop van die rollespel. Volgens Van der Merwe (1996d:128) gee dramatiese spel

aan die adolessent die geleentheid om haar gevoelens te ontlaai terwyl sy nie-bedreigend voel weens die afstand wat die dramatiese spel skep van haar probleem en kan die adolessent in kontak kom met die realiteit.

**Tabel 7.9: Kwalitatiewe data van sessie agt met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy se oë lyk asof dit moeilik is om oop te bly, sy knip dit die heeltyd, wanneer dit vir haar moeilik raak om oor iets te praat.	Lucy is egter baie onseker of sy kan sien om in die groot hof te getuig.
Lucy was aanvanklik ingetoë omdat sy die navorser moet inlig omtrent haar besluit ten opsigte van die swangerskap. Later tydens die sessie kom sy minder ingetoë voor en geniet die rolspel by die hof.	Lucy noem dat sy met haar kêrel gepraat het en dat sy nie aanneming of pleegsorg op die stadium wil oorweeg nie, sy wil 'n spesialis gaan sien in verband met 'n aborsie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Besoek aan die hof.	Weerstand om moeder in te lig omtrent die swangerskap. Weerstand om in die oop hof te getuig.
	Die hofvoorbereiding is Lucy se voorgrondbehoefte.

#### 7.6.1.11 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Lucy.

Lucy lig die navorser in dat sy nie meer swanger is nie en dat die baba “afgekom” het. Waargenome inligting is van groot waarde en help die terapeut besluit hoe om voort te gaan (Geldard & Geldard, 2002:89). Die navorser gaan vir haar 'n afspraak by die dokter maak vir 'n ondersoek. Die navorser betrek Lucy by die Aktiwiteit: “Onvoltooide sinne”, (sien punt 6.2.3.4.). Lucy spreek die behoefte uit om soms net alleen te wees en stil te wees. Volgens Cattanaach (1992:24) onttrek baie adolessente wat seksueel misbruik is hulle van verhoudings met ander kinders en word geïsoleerd.

**Tabel 7.10: Kwalitatiewe data van sessie nege met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Alhoewel sy sê dat sy tevrede oor die miskraam voel, merk die navorser wel die pyn in haar oë en liggaamshouding op.	“Ek raak ontsteld wanneer iemand te hard met my praat, ek alleen is met my gevoelens en klomp dinge dink oor my basiese lewe soos die baba, die verkragting en ons huisgesin.”
Lucy se oë het vol tranes geword toe sy vertel het van haar argument met haar moeder.	“Ek voel op my beste wanneer ek net kan lag en ek by vriende en familie kan wees en aan

	my voorregte en goeie dinge kan dink.”
Daar straal tog ‘n vegtersgees en positiwiteit uit Lucy, want sy wil ‘n sukses van haar lewe maak.	“Ek is onseker van myself, wat ek wil doen en bereik. Hoe ek dinge moet aanpak en situasie moet hanteer.”
Wanneer dit egter moeilik raak vir haar om oor iets te praat, raak sy emosioneel en huil. Sy druk egter deur en vertel waarom sy hartseer is. Sy verbreek dan oogkontak.	“My ma is ‘n baie sterk vrou eintlik. Sy probeer my ondersteun waar ek dit nodig het. Baie dinge wat ons kinders op haar plaas. Sy is soms onredelik en dan verstaan ons mekaar nie.”
Sy het aanvanklik vrolik gelyk en was mooi aangetrek, maar Lucy se hart is eintlik baie seer. Alhoewel sy dit probeer onderdruk, kom dit gou na die oppervlak wanneer die navorser met haar praat. Sy is baie emosioneel en ervaar baie polariteite ten opsigte van die geheimhouding van die swangerskap en haar verhouding met haar ma.	“Ek wil nie altyd alles doen wat ek gedoen het nie. Byvoorbeeld interaksie met my vriende, ek lus nie meer mense nie en soms ook nie die familie nie, wil net alleen wees. Ek huil wanneer ek onsteld is, en wanneer ek nie weet hoe om my gevoelens en emosies oor te dra nie. Ek voel deurmekaar wanneer ek nie oplossings kan vind vir ‘n probleem nie, byvoorbeeld my toekoms en kommunikasie met my ma.”
	“Ek weet ek kan baie dinge bereik, weer iets goeds van my lewe maak.”
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Lucy moet Dinsdag na die staatsaanklaer vir ‘n konsultasie gaan.	Geen weerstand nie.
Die navorser het ‘n afspraak met die dokter gemaak vir ‘n opvolgondersoek.	Voorgrondbehoefte is dat haar verhouding met haar moeder moet verbeter.
Die navorser het ‘n gesamentlike afspraak met Lucy en haar moeder gereël.	

#### 7.6.1.12 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Lucy en mev. Reef.

Lucy het nie opgedaag vir haar vorige sessie vir die afspraak met die dokter vir ‘n opvolgondersoek na die miskraam nie. Die navorser verduidelik dat ons vandag aan drie aspekte moet aandag gee, naamlik Lucy se toekoms, kommunikasie tussen Lucy en haar moeder en laastens die hofsak. Die navorser, Lucy en mev. Reef neem aan die aktiwiteit deel: “Reg of verkeerd?”, (sien punt 6.2.5.5.). Die navorser betrek hulle daarna by ‘n speletjie: “Ken mekaar”, (sien punt 6.2.5.4.). Hulle het beide aktief deelgeneem. Daar was humor, maar ook ernstige aspekte.

**Tabel 7.11: Kwalitatiewe data van sessie tien met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy noem met ‘n stroewe gesig aan haar moeder, dat haar kêrel haar gelukkig maak. Lucy het ‘n aanvallende houding ingeneem toe haar moeder ingestem het om te probeer om Lucy se kêrel ‘n kans te gee. Sy wou	Lucy noem dat sy kwaad word as haar ma negatief is oor haar kêrel. Lucy noem: “Ek wil hê ek en my ma moet meer openlik met mekaar wees, meer kommunikeer, ons ken mekaar nie en my ma moet my kêrel ‘n kans

weet waarom haar ma nou eers sê dat sy hom 'n kans sal probeer gee.	gee.” Mev. Reef sê: “Ek sal probeer om hom 'n kans te gee”.
Lucy vermy steeds oogkontak wanneer sy oor bedreigende sake praat.	Lucy noem dat haar ma kwaad is wanneer sy dronk in die huis gekom het; haar moeder bevestig dit.
Lucy noem dat haar ma se lelikste kledingstuk haar jas is en Mev. Reef noem dat Lucy se lelikste kledingstuk die kort rokkies is. Humor en lag, want nie een van hulle gaan ophou om dit te dra nie.	Lucy noem dat mev. Reef hartseer was oor haar ander dogter se swangerskap. Mev. Reef het verduidelik dat haar dogter in st. 9 was, sy was 'n enkelouer, dit was die begin van die jaar, die skoolfooie was betaal en sy was teleurgesteld.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mev. Reef noem dat Lucy hartseer was na die voorval en Lucy beaam dit. Beide noem dat hulle nie praat oor seksualiteit nie. Mev. Reef noem dat haar grootste vrees is dat Lucy kan swanger word. Lucy noem dat haar grootste vrees is dat sy nie haar ma kan tevrede stel nie. Mev. Reef is van mening dat Lucy met haar praat oor probleme, maar Lucy noem dat sy met haar vriende praat oor haar probleme .	Weerstand om na die dokter te gaan vir 'n opvolgondersoek, want sy het nie opgedaag vir die afspraak nie. Die navorser kan haar nie dwing om te gaan nie, maar is bereid om haar te neem wanneer sy instem. Weerstand om nou 'n besluit te neem ten opsigte van die hofsak. Sy wil daarvoor gaan dink.
Die staatsaanklaer het die navorser ingelig dat die kans op 'n suksesvolle verhoor skraal is aangesien Lucy baie alkohol gedrink het die aand van die voorval en nie alles kan herroep wat gebeur het nie. Die staatsaanklaer het dus die keuse by Lucy gelaat of sy wil voortgaan met die saak.	Haar verhouding met haar moeder is op haar voorgrond.

### 7.6.1.13 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by bespreking van die aktiwiteit: “Meryl se storie,” (sien punt 6.2.4.1.). Lucy het 'n paar dae na die sessie, die navorser gebel, net om met die navorser te deel dat sy gelukkig is, dat die matrieks vandag hulle hemde laat teken het by die skool en dat hulle nou gaan braai. Sy het ook genoem dat sy nie die braai gaan “oordoën” nie, menende dat sy nie te veel alkohol gaan gebruik nie.

**Tabel 7.12: Kwalitatiewe data van sessie elf met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy kom meer selfversekerd voor, maar het weer emosioneel geword en gehuil toe sy vertel het van die omkeerpunt in haar lewe en het minder oogkontak gemaak.	Volgens Lucy het sy en haar moeder gepraat en besluit dat sy nie moet voortgaan met die saak nie, omdat sy nie alles kan onthou nie en die kans op 'n suksesvolle verhoor skraal is.
Sy is meer positief ingestel.	Lucy noem dat sy skuldig voel omdat sy die aand van die voorval gedrink het.
	Volgens Lucy het sy haarself “gemartel” deur

	terug te dink aan wat gebeur het en haarself te onttrek, maar doen dit nie meer nie.
	Lucy erken dat sy soms haar kwaadgevoelens op haar ma uitgehaal het. Volgens Lucy voel sy nie reg vir 'n intieme verhouding nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy spandeer weer meer tyd saam met haar vriende en onttrek nie meer soos aanvanklik nie.	Op Lucy se voorgrond is haar toekoms en die eksamen.
Die navorser gee inligting van die voorvereistes vir 'n lugwaardin en ook in watter koerante poste geadverteer word.	

#### 7.6.1.14 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die aktiwiteit: “Sintuie van my liggaam”, (sien punt 6.2.2.3.). Sy gee voorbeelde van mooi en positiewe inligting wat sy onlangs met behulp van haar sintuie ontvang het. Bewustheid is die proses van erkenning en waarneming van wat die persoon doen, voel, dink asook wat haar liggaamsensasies is (Passons, 1975:47).

**Tabel 7.13: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy kom vrolik voor.	Lucy noem dat die afskeid by die skool en toe hulle hemde geteken word, ook 'n hartseer oomblik was. Sy vertel ook van die samesyn tussen hulle as vriende toe hulle hemde geteken is, die braai en die eksamen.
Dit is asof 'n las van Lucy se skouers af is noudat die saak teruggetrek gaan word en sy nie meer swanger is nie.	Volgens Lucy het sy gehoor die beweerde oortreder sê vir haar dat hulle 'n entjie moet stap.
Goeie verbale deelname, die navorser kon opmerk dat dit seermaak om te praat oor die voorval, maar sy het dit goed hanteer en nie gehuil nie. Sy knip nie meer haar oë herhaaldelik nie, sy vermy nie meer oogkontak nie en haar energievlakke bly goed.	Sy het gevoel hy probeer haar soen en sy het weggeruk en hy het haar hand gewelddadig gegryp. Volgens Lucy wou sy weet waarom hy dit doen en was ontsteld dat hy haar so geruk het.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die navorser het die staatsaanklaer en die ondersoekbeampte ingelig dat sy die saak wil terugtrek.	Die afskeid by die skool en die eksamen is op Lucy se voorgrond.
Daar bestaan 'n hegte band op die oomblik tussen die matrikulante.	

#### 7.6.1.15 Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Lucy.

Tydens sessie dertien fokus die navorser op Lucy se voorgrondbehoefte en gee aan haar die geleentheid om te ventileer oor haar vriende en probleme wat sy ervaar met vriendskappe. Sy is hartseer, huil en voel dat haar vriendinne net oor outjies en hulleself praat. Tydens sessie veertien is Lucy weer emosioneel en vertel dat die storie uitgekóm het dat 'n meisie swanger is weens 'n seksuele verhouding met Lucy se kêrel. Volgens Lucy voel sy asof sy nie kan opkyk nie. Die navorser gee aan Lucy die geleentheid om te ventileer. Deur te luister en waar te neem, help die terapeut die adolessent om haar storie te vertel en om probleme te identifiseer (Geldard & Geldard, 2002:93). Die navorser gee twee selfbeeldaktiwiteite, (sien punt 6.2.3.5), vir huiswerk aan Lucy, naamlik: “Kyk vorentoe en nie agtertoe nie” en “Verander jou negatiewe selfgelowe.”

#### 7.6.1.16 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser lees die twee selfbeeldaktiwiteitsblaaië wat sy ingevul het. Lucy het onder andere die volgende by die opdrag geskryf: “Watter negatiewe geloof van jouself het jy vervang met 'n positiewe geloof oor jouself?”, naamlik: “Om selfmoord te pleeg, maar hoekom daar's ander wie se probleme groter is as myne, om teruggetrokke te wees, maar hoekom die lewe staan nie stil nie, om gedurig te wonder waarom sekere dinge saam met my gebeur het, maar hoekom moet ek so wonder, want alles gebeur met 'n doel en bied 'n lewensles.” Lucy het ook die volgende geskryf by die opdrag: “Het jy al gewens jy het iets nie gedoen of gesê nie?”, naamlik: “Ek moes nie so baie die aand van die verkragting gedrink het nie, maar hoekom, ek het my aand geniet, maar ongelukkig het die voorval gebeur en ek het daaruit geleer. Dat ek swanger geword het, maar dit het my meer oor verantwoordelikheid, keuses en 'n duur lewensles geleer. Ek moet nie so openlik met my ma wees nie, maar hoekom nie dis goed om anders te wees as die res van haar kinders.”

**Tabel 7.14: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Lucy Reef**

LIGGAAMSHOUDING	EN	NIE-	EMOSIONELE	UITDRUKKING	EN
VERBALE KOMMUNIKASIE			KONTAK MET DIE SELF		

Lucy kom meer positief en selfversekerd voor.	Lucy vertel dat sy en haar suster vir haar ma Sondag gesê het dat hulle voel hulle kan nie met haar praat nie, want sy praat met haar vriendin oor alles, wat dan weer stories versprei.
Lucy was in staat om haar probleme te verwoord sonder om te huil.	Lucy onthul dat sy selfmoordgedagtes gehad het na die voorval. Die navorser is trots op haar dat sy Saterdag die navorser gebel het toe sy ontsteld was. Lucy erken dat sy geleer het uit die dinge wat in haar lewe gebeur het.
Lucy het haarself nie-verbaal uitgedruk deur positiewe gelowe oor haarself en haar toekomsvisie neer te skryf.	Lucy noem dat haar niggie kwaad was vir haar omdat Lucy nie met haar wou praat oor die hofsak nie. Lucy het die saak teruggetrek weens geheueverlies weens alkoholgebruik die aand van die voorval.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Lucy het die navorser gebel oor die naweek toe sy ontsteld was oor haar ma en suster se gedrag.	Lucy se voorgrondbehoefte is om te ventileer oor haar ma en suster se gedrag. Geen weerstand nie.

#### 7.6.1.17 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die aktiwiteit: “Vertroue”, (sien punt 6.2.4.2.). Sy erken dat sy in die verlede rof was, heelnag gepartytjie het, uitgegaan het saam met haar vriende en haar ma het soms nie geweet waar sy is nie. Lucy noem egter dat haar ma nou weet waar sy is en sy stel grense vir haarself ten opsigte van die gebruik van alkohol. Sy noem dat sy haar vorige kêrel vermy en noem dat hy haar vertroue verbreek het. Verraad verwys na die dinamiek waartydens die kind ontdek dat iemand van wie sy afhanklik is, haar skade aangedoen het (Finkehor & Browne, 1986:182).

**Tabel 7.15: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy kom aanvanklik vrolik en opgewonde voor.	Sy noem dat vertroue vir haar beteken dat jy kan staatmaak op ‘n persoon, dat die persoon daar sal wees vir jou en jou sal uithelp, met alles, jy kan jou geheime met daardie persoon deel en die persoon laat jou beter voel oor jouself.
Toe die navorser Lucy betrek by bespreking van vertroue het sy weer haar oë herhaaldelik begin knip en aanvanklik oogkontak verbreek. Later het sy ontspan.	Lucy verduidelik dat sy weet dat die navorser nie sal uitpraat nie, die navorser laat haar beter voel, gee raad en leiding vir haar waar nodig en is altyd daar vir haar. Daarom vertrou sy die navorser. Sy vertrou ook haar ouer vriendin wat soos die gedig beskryf

	altyd dieselfde is, sy praat nie uit nie, sy is 'n goeie vriend, en is altyd gewillig om te luister na haar.
Lucy huil toe sy vertel dat haar vorige kêrel haar blameer en vir ander noem dat Lucy sy kind vermoor het.	Lucy ventileer oor haar vorige kêrel wat haar vertrouwe verbreek het deur 'n ander seksuele verhouding met 'n ander meisie aan te knoop terwyl hulle uitgegaan het en deur te praat van Lucy by ander mense. Lucy noem dat sy kwaad is vir haarself omdat sy nog lief is vir haar vorige kêrel.
	Lucy vertel die navorser opgewonde van die matriekafskeid en die "after party." Sy het dit baie geniet en haar metgesel was ook baie gemaklik.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die navorser gee meer inligting ten opsigte van die weermag en hoe om aansoek te doen vir 'n lugwaardin.	Alhoewel Lucy perke stel ten opsigte van haar alkoholgebruik, toon Lucy weerstand om heeltemal op te hou drink en noem dat dit 'n "festival season" (Desembermaand, na die eindeksamen is).
Lucy kom gereeld vir haar terapisessies na die navorser.	Op haar voorgrond is haar kêrel wat haar vertrouwe verbreek het.

#### **7.6.1.18 Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Lucy (sessie sewentien) en Lucy en mev. Reef (sessie agtien).**

Lucy is hartseer, huil en ventileer oor 'n skinderstorie wat deur 'n meisie versprei word dat sy swanger is. Lucy se ma het haar toe kliniek toe geneem, maar die swangerskaptoets was volgens Lucy negatief. Daarna het daar nog 'n skinderstorie ontstaan dat Lucy swanger is van die verkragting, dat Lucy vantevore 'n verhouding met die beweerde oortreder gehad het en dat die saak daarom teruggetrek is. Volgens Finkelhor & Browne (1986:184) kan die kind verder gestigmatiseer word deur mense in haar omgewing wat as 'n resultaat van die seksuele misbruik ander negatiewe karaktereenskappe aan die slagoffer toeskryf. Tydens sessie agtien lig Lucy haar misnoeë dat haar ma met haar raas wanneer sy drink, maar nie haar vordering opmerk en sien dat sy meer verantwoordelik optree nie. Mev. Reef noem dat Lucy voor die voorval baie gedrink het, laat huis toe gekom het en dan baie aktief was en net iets wou doen, en gebrak het van die hoeveelheid alkohol wat sy gedrink het. Volgens mev. Reef kom Lucy nou vroeër huis toe, gaan slaap wanneer sy huis toe kom en braak nie meer nie. Volgens Stallard (2002:22) is dit belangrik om betekenisvolle persone (soos die ouers) te erken en te betrek, aangesien die adolessent baie keer nie in staat is om besluite te neem oor dinge wat hulle affekteer nie.



**7.6.1.19 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Lucy.**

Die navorser betrek Lucy by die aktiwiteit: “My naam”, (sien punt 6.2.3.3.). Tydens die kleispiel het sy ‘n Afrikapot van die klei gemaak om uit te beeld dat sy ‘n Afrika-van het en dat haar pa van ‘n Xhosa-agtergrond was. As ‘n spieël van die adolessent se innerlike wêreld is materiaal soos klei van onskatbare waarde (West, 1996:83).

**Tabel 7.16: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy is nie emosioneel nie, sy maak goeie oogkontak en kom rustig voor. Haar energievlakke is hoog.	Lucy noem trots dat sy ‘n “identiteit” het en haar nie gaan steur aan die meisie wat stories oor haar versprei nie.
Sy knip nie heelyd haar oë nie.	Lucy het die wens uitgespreek om meer te leer van die Xhosa-kultuur, omdat sy ‘n Xhosa-van het en haar pa van ‘n Xhosa-agtergrond was. Sy het die wens uitgespreek om te leer Xhosa praat.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Lucy en van die ander matrikulante het gaan kamp vir hulle matriekvakansie en sy het dit baie geniet. ‘n Seun stel in haar belang, maar sy het besluit dat sy hom eers beter wil leer ken.	Voorgrondbehoefte is om te praat oor haar identiteit, wie sy is, daarom het navorser besluit om die naamaktiwiteit te doen.
Lucy bring haar CV vir die navorser.	Geen weerstand tydens die sessie nie.

**7.6.1.20 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Lucy.**

Lucy gee ‘n persent en ‘n kaartjie vir die navorser om dankie te sê vir alles. Die navorser betrek Lucy by onvoltooide sinne, (sien punt 6.2.3.4.). Lucy en die navorser bespreek Lucy se voorgrondbehoefte wat na vore kom vanuit die onvoltooide sinne, naamlik “portuurgroepsdruk”. Portuurgroepe beïnvloed sosialisering al hoe meer soos ‘n kind ouer word (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:93).

**Tabel 7.17: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy kom in ‘n goeie gemoedstoestand voor en is nie emosioneel nie. Die navorser merk liggaamsveranderinge op by Lucy, asof sy nog kan swanger wees, maar Lucy hou daarby dat sy nie meer swanger is nie.	Lucy deel haar ervaringe en lewensles wat sy geleer het as gevolg van portuurgroepsdruk. Sy lig die navorser in dat die meeste van haar vriende seksueel aktief was en dat sy daarom na ‘n jaar wat sy met haar vorige kêrel uitgegaan het, seks met hom gehad het. Sy

	het egter geleer vanuit haar ervaring om nie weer te swig onder portuurgroepdruk nie.
Lucy maak goeie oogkontak.	Lucy noem dat haar grootste vrees is dat sy haar moeder sal verloor terwyl sy haar nog so baie nodig het.
Sy kom meer selfversekerd voor.	Ek-stellings: “Ek is trots op myself, ek het matriek geslaag, op wie en wat ek is, ek kyk mooi na myself.” ; “Ek weet ek kan iets goeds van my lewe maak” ; “Wanneer ek groot is, wil ek vir my ma werk en haar ‘n goeie lewe gee.”
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy en haar vriende was see toe en Kaapstad toe.	Lucy se voorgrondbehoefte is om te praat oor portuurgroepdruk en haar besluit in die verlede om seksueel aktief te wees en die les wat sy daaruit geleer het.
	Weerstand om weer onder portuurgroepsdruk te swig en sy wil haar eie identiteit vorm.

#### 7.6.1.21 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die bespreking van die aktiwiteit: “Nie-verbale gevoelens”, (sien 6.2.1.6), en verhoog haar bewustheid van haar nie-verbale kommunikasie.

**Tabel 7.18: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy is emosioneel en huil. Sy knip nie meer haar oë so herhaaldelik nie.	Lucy lig haar ontsteltenis dat haar moeder nie direk met haar kommunikeer nie.
Lucy kom frustreerd voor weens die geheim dat sy swanger was en haar moeder nie daarvan weet nie.	
Die navorser het opgemerk dat Lucy of gewig opgetel het of moontlik nog swanger is, want haar maag het groter geword.	
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Lucy kom gereeld vir haar sessies na die navorser.	Lucy se voorgrondbehoefte is om te ventileer oor die kommunikasieprobleme tussen haar en haar ma.
Die navorser is van mening dat die geheim ten opsigte van die swangerskap ‘n wig tussen Lucy en haar moeder kan indryf, omdat Lucy die behoefte het om openlik oor alles met haar moeder te kommunikeer.	Weerstand om die moontlikheid te oorweeg dat sy steeds swanger is ten spyte van haar liggaamsveranderinge.

### 7.6.1.22 Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser noem aan Lucy dat haar ma die navorser gebel het omdat sy vermoed dat Lucy swanger is. Sy was baie positief en het dit duidelik gemaak dat sy vir Lucy sal ondersteun as sy swanger is. Lucy gee aan die navorser toestemming om 'n swangerskaptoets te doen. Dit is positief. Die navorser neem Lucy na die hospitaal vir 'n sonar. Daar is 'n hartklop en die baba is gesond. Die navorser gaan sien mev. Reef saam met Lucy. Mev. Reef is rustig en noem dat sy die baba sal grootmaak en dat sy van Lucy verwag om haar kant te bring.

**Tabel 7.19: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy was aanvanklik emosioneel en het gehuil en was stil nadat sy die positiewe swangerskapresultate gekry het.	Lucy erken dat daar bloed was, dat sy nie self gesien het dat die baba afgekom het nie en dat sy geglo het dat nie meer nie swanger is nie.
Lucy het nie gehuil nie en was stil toe die navorser haar ma gaan ingelig het van die swangerskap. Sy het kalm voorgekom.	Lucy is positief en verwys na die ander maatskaplike werker se woorde, naamlik: "... dit sal aanvanklik nie maklik vir my ma wees nie, maar sy dit wel later sal aanvaar".
	Lucy noem op pad na haar huis dat die navorser gaan dink dat sy selfsugtig is, maar sy sien nie kans vir die verantwoordelikheid om 'n baba te versorg nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mev. Reef het die navorser gekontak en ingelig dat sy vermoed Lucy is swanger weens Lucy se vriende wat noem dat Lucy swanger is: Lucy se veranderende gemoedstoestand en haar magie wat groter word.	Lucy was heeltemal in ontkenning ten opsigte van die swangerskap, sy het nie aandag gegee aan haar liggaamsveranderinge en veranderende gemoedstoestand nie. Sy het geglo dat sy nie meer swanger is nie, al was sy.
Lucy se moeder het Lucy se vorige kêrel gekontak in verband met die swangerskap, hy aanvaar verantwoordelikheid.	Weerstand om verantwoordelikheid te neem om die baba te versorg.

### 7.6.1.23 Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Volgens Lucy is haar ma en vriende opgewonde oor die swangerskap en baba. Lucy en haar moeder het besluit dat sy steeds moet aansoek doen vir die weermag, want dan kan sy ook finansiële bydra. Volgens Gil (1996:185) moet die eng definisie van "terapeut" verbreed word om die konsep advokaat en voorsiener van konkrete dienste

in te sluit. Die navorser gee aan Lucy die geleentheid om te ventileer. Lucy noem dat sy dit glad nie verwag het dat haar ma so opgewonde sal wees oor haar swangerskap en die baba nie. Lucy noem dat sy bly is dat die atmosfeer by die huis nou baie beter is. Lucy is vrolik en dit lyk asof daar ‘n berg van haar skouers af is. Haar vorige kêrel het geld gebring sodat hulle goed vir die baba kan koop. Sy en haar vorige kêrel het ook alles uitgepraat en bou weer aan hulle verhouding.

#### 7.6.1.24 Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die bespreking van die aktiwiteit: “Boodskappe”, (sien punt 6.2.3.6.). Weens die ander meisie wat ook ‘n baba van Lucy se vorige kêrel het se uittartende en uitlokkende houding teenoor Lucy betrek die navorser ook vir Lucy by die bespreking van die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag”, (sien punt 6.2.3.8.).

**Tabel 7.20: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Lucy Reef**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Lucy straal van blydschap.	Lucy noem dat baie mense positiewe boodskappe vir haar gee en sê dat sy goed lyk en dat dit haar baie goed laat voel en meer selfvertroue gee. Lucy noem dat haar ma ‘n positiewe boodskap vir haar gegee het toe haar ma gesê het dat sy vir Lucy sal ondersteun en dat sy baie opgewonde en gelukkig daarvoor voel.
Lucy kom nie meer gespanne voor nie.	Die ander meisie wat ook ‘n kind het van Lucy se vorige kêrel het vir Lucy ‘n negatiewe boodskap gestuur dat sy haar gaan slaan wanneer sy gekraam het. Dit het Lucy afgekraak en sleg laat voel.
	Lucy noem dat haar ma en suster vir haar ‘n negatiewe boodskap gegee het waarin waarheid steek, naamlik dat sy gou kwaad en opstandig word. Sy het verduidelik dat sy dit nie so bedoel het nie en nou daaraan werk.
	Lucy erken dat sy in die verlede aggressiewe gedrag getoon het.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Goeie ondersteuning van familie en vriende.	Op Lucy se voorgrond is haar swangerskap en ondersteuning van haar familie en vriende.
Lucy spreek die wens uit om terapie voor te sit en die natoets na die geboorte te voltooi.	Toon weerstand om te termineer en wil die navorser nog sien tot na die geboorte van die baba.

### 7.6.1.25 Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Lucy, mev. Reef, die maatskaplike werker van die betrokke welsyn.

Die doel van die vergadering tydens sessie vyf-en-twintig was om Lucy se swangerskap en versorging van die baba te bespreek. Mev. Reef was bereid om die baba te versorg op 'n privaatreëling tussen haar en Lucy. Die navorser het Lucy na geboorte van die baba in die hospitaal asook verskeie kere by die huis besoek. Lucy en haar moeder het 'n goeie verstandhouding ten opsigte van die versorging van die baba. Die navorser het Lucy ondersteun en gehelp om 'n interdik teen die ander meisie wat aanhoudend dreigemente en neerhalende aanmerkings teenoor Lucy maak, te verkry. Lucy is ook aktief besig om aan haar toekoms te werk. Die terapeut kan slegs alternatiewe oplossings voorstel en moet nooit die adolessent probeer oortuig nie (Geldard & Geldard, 2002:121). Sy het intussen haar leerlinglisensie deurgekom en is besig met bestuursklasse. Sy het besluit om haar baba 'n Xhosa-naam te gee wat beteken: "Die liefde wat ontwikkel het", want dit is hoe sy haar swangerskap en die geboorte van haar baba ervaar het.

### 7.6.1.26 Verloop van sessie ses-en-twintig en sewe-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy tydens sessie ses-en-twintig by die aktiwiteit: "7de Laan", (sien punt 6.2.2.6). Tydens sessie sewe-en-twintig voltooi Lucy die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

**Tabel 7.21: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Lucy Reef**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy is mooi aangetrek en vrolik, groot glimlag.	Lucy vertel hoe sy die meisie wat stories versprei het dat die baba die beweerde oortreder se kind is, gaan aanspreek het op 'n selfgeldende manier
Lucy kom trots op haarself voor toe sy haar leerlinglisensie aan die navorser wys.	Volgens Lucy raak sy nie meer kwaad as sy die beweerde oortreder in die gemeenskap sien nie. Volgens Lucy het sy en haar moeder daaroor gepraat en besluit dat 'n persoon nie jou lewe "kwaad" vir iemand kan lewe nie. Stem saam dat die beweerde oortreder wel eendag verantwoordelikheid vir sy gedrag sal moet neem.

<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Verhouding met moeder is goed.	Lucy is opgewonde oor haar leerlinglisensie en bestuursklasse.
	Geen weerstand nie.

#### **7.6.1.27 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Reef na afloop van die terapeutiese dienslewering aan Lucy.**

Die navorser gee terugvoer aan mev. Reef ten opsigte van Lucy se deelname aan die navorsing en die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate.

**Tabel 7.22 Lucy Reef se huidige funksionering volgens mev. Reef**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Na verkragting. Huidig.	Slaapprobleme en hoofpyn. Goeie gesondheid. Geen slaapprobleme nie, soms hoofpyn.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Na verkragting. Huidig.	Stil, kwaad, kommunikasie beperk, moeder van mening Lucy voel skuldig. Vrolik, weer haar "eie ek". Leerlinglisensie verwerf en gaan vir ryklasse. Konsentrasie en liggaamsbeeld is goed, geen aggressiewe gedrag nie.
<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Na verkragting. Huidig.	Onttrek. Hartseer weens stigmatisasie. Tevrede met Lucy se vriende. Mev. Reef en Lucy se verhouding het baie verbeter.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Na verkragting. Huidig.	Gehoorsaam. Steel nie. Alkoholgebruik verminder. Gehoorsaam. Lucy help met die baba se versorging, maar sy gee ook vir Lucy vrye tyd wat sy saam met haar vriende kan spandeer.
<b>Kognisie:</b>	Na verkragting en huidiglik.	Geen probleme nie.
<b>Seksualiteit:</b>	Na verkragting. Huidig.	Praat nie oor seks nie. Moeder hou nie van Lucy se kêrel nie. Geen probleme nie.
<b>Skoolprestasie:</b>	Na verkragting. Huidig.	Skryf nie twee eksamenvakke nie. Matriek geslaag en aansoek gedoen by die weermag.
<b>Dissipline:</b>	Na verkragting.	Vroeg by die huis.

	Huidig.	Geen probleme.
<b>Gesinslewe:</b>	Na verkragting.	Lucy baie onafhanklik.
	Huidig.	Goeie gesinsverhoudinge.

#### **7.6.1.28 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram**

Die voortoets het daarop gedui dat Lucy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Lucy se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Lucy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Lucy se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 30% en haar vorige telling tydens die voortoets was 44%. Haar selfpersepsietelling het goed verbeter, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is.

Trauma kan die positiewe gevoelens wat 'n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om sleg te wees (Williams & Poijula, 2002:162). Lucy se angstigtheid, gebrek aan selfwaardetelling, verantwoordelikheid vir ander en gebrek aan selfgelding baie verbeter het. Die navorser is van mening dat Lucy se "verantwoordelikheid vir ander" telling steeds bo 30 is omdat sy baie besorgd en beskermend teenoor haar moeder is. Sy wil nie haar moeder teleurstel nie en dit was vir haar 'n groot struikelblok toe sy uitgevind het dat sy swanger was. Alhoewel Lucy se skuldgevoelens en isolasietellings verhoog het, dui dit nie op 'n behoefte aan verbetering nie en is dus nie problematies nie. Die navorser skryf egter die toename aan die volgende toe:


- Sy het intussen geboorte geskenk aan 'n pragtige baba vir wie sy baie lief is. Sy het nadat sy uitgevind het dat sy swanger is, oorweeg om te gaan vir 'n aborsie, en het die swangerskap 'n geheim gehou. Sy word nou goed ondersteun deur

haar moeder en voel moontlik daarom in 'n mate skuldig oor die geheimhouding oor die swangerskap en dat sy 'n aborsie oorweeg het.

- Haar isolasietelling het moontlik verhoog omdat sy nou verantwoordelik is vir die versorging van die baba, en nie soos ander tieners meeste van die tyd saam met haar vriende kan spandeer nie. Sy moes haar toekomsplanne en werkaansoeke, tydelik terughou weens die baba se versorging. Sy en haar kêrel het hulle verhouding verbreek.

Lucy het tydens terminering van terapeutiese dienslewering sekuriteit beleef in haar verhoudings en is nie meer bang om emosioneel seer te kry nie. Haar moeder en susters het haar ondersteun na die beweerde verkragting asook die swangerskap. Sy het nie meer bedreig gevoel deur haar omstandighede nie en is nie bang vir die toekoms nie. Sy het intussen haar leerlinglisensie gekry en kry bestuursklasse. Die weermag het ook reageer op haar aansoek en sy moet na 'n ontmoeting gaan vir verdere keuring. Lucy het die volgende belangrike kenmerke van 'n persoon met 'n goeie selfwaarde ontwikkel: sy is dankbaar vir wie sy is, sy beleef haarself as belangrik en spesiaal en voel goed oor haarself.

**Figuur 7.1: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie**




Lucy se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 29% en haar vorige telling tydens die voortoets was



35%. Haar trauma-dinamatelling het goeie verbetering getoon, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is.

Lucy se trauma-dinamika-elemente het afgeneem behalwe vir haar wantroue en stigmatelling wat toegeneem het. Lucy se hulpeloosheidtelling het baie verbeter wat daarop dui dat sy huidig beheer oor die omgewingsfaktore in haar lewe kan uitoefen. Haar skoolproblemetelling het 'n klein bietjie toegeneem, maar is steeds onder die aanbevole gebied. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy net voor die matriekeindeksamen verkrag is en uitgevind het dat sy swanger is. Sy het intussen matriek geslaag en ervaar geen skoolprobleme meer nie. Die navorser skryf die toename in haar wantroue en stigmatelling aan die volgende toe:

- Die navorser werk die afgelope vyf jaar reeds met die gemeenskap waar Lucy bly en al die kliënte van daardie gebied kla oor dieselfde probleem naamlik stigmatisasie en dat die gemeenskapslede skinder. Lucy was ook daaraan blootgestel na die verkragting en swangerskap.
- Die skinderstorie is versprei in die gemeenskap dat Lucy swanger is as gevolg van die verkragting wat nie waar is nie. Haar tante het na die verkragting voor Lucy gesê dat die mense gaan skinder en dit het Lucy baie ontstel.
- Lucy het aanvanklik gevoel dat haar vriende nie verstaan waardeur sy gaan nie.
- Haar wantrouetelling het moontlik ook gestyg omdat haar vorige kêrel wat onderneem het om onderhoud te betaal weens werkloosheid net elke nou en dan onderhoud betaal. Sy het na die verkragting uitgevind dat haar vorige kêrel 'n seksuele verhouding met 'n ander meisie gehad het wat toe ook geboorte aan 'n baba geskenk het. Sy het baie probleme met die meisie wat ook in die gemeenskap bly, ervaar.
- Haar wantrouetelling het ook moontlik gestyg omdat sy deur 'n persoon bekend aan haar, verkrag is.

**Figuur 7.2: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika**

#### 7.6.1.29 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Lucy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Lucy het tydens aanvang van terapie meestal gehuil tydens sessies, oogkontak verbreek en haar oë herhaaldelik geknip. Sy het aggressief opgetree en ander blameer dat hulle haar nie verstaan nie. Sy was frustreerd omdat sy nie eerlik met haar ma kon wees nie, weens die geheimhouding van die swangerskap, en dit het veroorsaak dat hulle verhouding verswak het. Na afloop van dienslewering, was Lucy vrolik en nie meer emosioneel nie. Sy was in staat om haarself op 'n selfgeldende manier uit te druk en is huidig positief ingestel op haar toekoms. Sy het intussen aansoek vir die weermag gedoen en moet gaan vir verdere keuringonderhoude. Haar verhouding met haar ma het baie verbeter wat 'n positiewe invloed op Lucy het omdat haar verhouding met haar ma vir haar baie belangrik is. Die onderhoude met mev. Reef het ook daarop gedui dat Lucy positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Lucy en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Beide was

dit eens dat dit goed gaan met Lucy en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur beleid. Lucy hou steeds telefonies kontak met die navorser en dit gaan baie goed met haar. Beide Lucy se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Lucy se selfpersepsie en traumadinamika-elemente verbeter het.

### **7.6.2 Biografiese inligting van gevallestudie twee: Julie Dowling**

**Naam van die adolessent:** Julie Dowling

**Kultuurgroep:** Kleurling

**Ouderdom:** 15 jaar oud

**Geslag:** Vroulik

**Aantal kinders in die gesin:** 3

**Huistaal:** Afrikaans

#### **7.6.2.1 Agtergrondinligting van Julie Dowling**

Die Dowlinggesin was nog altyd in die Helderbergarea waanagtig. Julie het nog nooit voorheen terapie ontvang nie. Julie is deur 'n familielid na PATCH verwys nadat sy onthul het dat sy deur haar stiefpa seksueel misbruik is. Die navorser het die saak skriftelik aangemeld by die betrokke welsynskantoor in hulle gebied. Tydens aanmelding het Julie nie by die huis gebly nie en het by die familielid gebly wat die seksuele misbruik by PATCH aangemeld het. Mev. Dowling het Julie geglo, maar het 'n baie apatiese houding ingeneem ten opsigte van optrede teen die beweerde oortreder. Sy het die besluit geneem om vir Julie te beveilig teen die beweerde oortreder, deur haar werk te los, maar het die beweerde oortreder weer 'n kans gegee en hy het weer by hulle ingetrek. Die navorser het die polisie in kennis gestel van die beweerde seksuele misbruik en hulle ingelig dat Julie inskakel vir terapeutiese dienslewering, maar nie 'n saak aanhangig wil maak nie.

#### **7.6.2.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Julie Dowling volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Julie se moeder, mev. Dowling.**

Mev. Dowling gee skriftelike toestemming vir Julie se deelname aan die navorsing.

**Tabel 7.23: Agtergrondgeskiedenis van Julie Dowling**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Ontwikkingsgeskiedenis:</b>	Swangerskap onbeplan. Geboorte: normaal. Ontwikkeling normaal.	Ouers tevrede. Alles suksesvol. Alle mylpale bereik.
	Ouers skei.	Ma se saamleefmaat baie jaloers op mev. Dowling. Geskiedenis van gesinsgeweld.
	Motorongeluk, sub B.	Ouma oorlede.
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Geboorte tot voorval. Na onthulling van voorval.	Geniet goeie gesondheid. Hoofpyn.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Voor voorval. Na voorval.	Vrolik. Belangstelling is musiek. Moeder minimaliseer impak. Julie toon tekens van aggressiewe gedrag. Boetie wil weet of sy pa tronk toe gaan.
<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Voor en na voorval. Na voorval.	Gesonde portuurgroepverhoudings. Goeie verhouding met kêrel, ma en broers. Moeder hou van Julie se kêrel. Moeder gee beweerde oortreder nog 'n kans ten spyte van beweringe.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Voor en na voorval. Na voorval.	Rustige en gehoorsame kind, meestal by die huis. Drink of steel nie. Julie trek uit en gaan bly by tante vir 'n tydperk. Moeder hartseer daarvoor.
<b>Kognisie:</b>	Voor en na voorval.	Geen probleme.
<b>Seksualiteit:</b>	Voor en na voorval. Na voorval.	Praat oor seks. Moeder kla dat Julie "oop bene" by die huis sit. Julie het 'n kêrel, nie seksueel aktief nie. Moeder hou van hom.
<b>Skoolprestasie:</b>	Voor en na voorval.	Skoolvordering en bywoning is goed. Sertifikaat vir geskiedenis gekry.
<b>Voorvalinligting:</b>	Voorval inligting.	Vanjaar, in die aande. Beweerde oortreder is ma se saamleefmaat. Moeder van mening dat Julie hom sien as haar pa. Moeder kwaad vir hom en glo vir Julie.
<b>Dissipline:</b>	Voor en na voorval.	Kommunikasie as dissipline-metode. Gehoorsaam.
<b>Gesinslewe:</b>	Voor voorval.	Gesinsgeweld. Beweerde oortreder slaan mev.

		Dowling en Julie. Mev. Dowling trek interdik terug.
	Na voorval.	Beweerde oortreder hou op drink. Geen verdere fisiese mishandeling nie.

### 7.6.2.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mev. Dowling, Julie en die familielid wat die saak rapporteer het.

Die navorser verduidelik PATCH se rol asook die rol van die navorser. Volgens Van der Merwe (1996a: 10) moet die terapeut kalm, eerlik asook vertrouenswaardig en betroubaar wees. Volgens mev. Dowling glo sy die beweringe van seksuele misbruik. Mev. Dowling, Julie en die seuns bly op die oomblik by die familielid. Die navorser verduidelik aan Julie die proses wat volg indien sy 'n saak aanhangig maak. Julie wil die navorser vertel wat gebeur het. Sien aktiwiteit: “Insamel van inligting van die voorval”, (soos bespreek onder punt 6.2.1.3.).

**Tabel 7.24: Kwalitatiewe data van sessie een met Julie Dowling**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie bedek haar hartseer agter 'n brawe glimlag, maar haar oë is tranerig.	Volgens Julie kon sy dit wat gebeur het nie meer ingehou het nie. Volgens Julie het sy so gevoel asof sy niks is nie.
Sy kom teruggetrokke voor.	Julie noem dat sy nie wil hê dat die beweerde oortreder tronk toe moet gaan nie en is daarom onseker of sy 'n saak aanhangig wil maak.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie, haar ma en die familielid was by die betrokke welsynsorganisasie in hulle gebied.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak en dat die beweerde oortreder gearresteer moet word.
	Die seksuele misbruikvoorvalle is op Julie se voorgrond.

### 7.6.2.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Die Lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.).

**Tabel 7.25: Kwalitatiewe data van sessie twee met Julie Dowling**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is skaam, lag en verbreek oogkontak.	Julie vertel eerlik dat sy en haar vriende vir die eerste keer geëksperimenteer het en

	elkeen 'n bier gedrink het. Sy noem egter dat dit net hoofpyn gee en dat sy nie weer gaan drink nie.
Julie is mooi aangetrek.	Julie vertel van 'n seun wat haar uitgevra het, maar dat sy dit nog deurdink. Julie vertel dat die seun haar wou soen, maar dat sy vir hom gesê het dat dit nie reg is nie en hy het dit respekteer.
	Julie is bang om 'n saak te maak en noem dat die beweerde oortreder gesê het dat hy vir haar en haar ma sal doodmaak as sy 'n saak aanhangig maak.
	Julie deel met die navorser dat sy bang was wanneer die beweerde oortreder aan haar gevat het. Volgens Julie het hy aanvanklik die verskoning gegee dat hy "verdwaal" het, wanneer hy onder die invloed van alkohol was en by haar in die bed geklim het.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Julie se moeder het saam met haar gekom vir ondersteuning.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak.
Gesinsgeweldbevel is ingedien.	Die seksuele misbruik is op haar voorgrond.

### 7.6.2.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: "My liggaamgevoelens", (sien punt 6.2.1.5.). Die navorser en Julie voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

**Tabel 7.26: Kwalitatiewe data van sessie drie met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy is mooi aangetrek en alhoewel sy min oogkontak maak, glimlag sy baie en noem dat dit nou baie beter gaan. Kom kom skaam voor.	Sy deel die goeie nuus dat haar ma nou weet van haar seunsvriend en hulle verhouding goedkeur solank hulle nie seksueel aktief is nie.
Julie poog soms om die erns van 'n saak weg te lag, dis haar hanteringsmeganisme wanneer sy bedreig voel deur die onderwerp van bespreking.	Julie voel gelukkig omdat haar vriende haar bystaan. Sy is ook gelukkig dat sy in die skool is en dat sy goed gedoen het die eksamen.
Sy toon goeie belangstelling in die aktiwiteite.	Sy sê dat sy hartseer voel oor wat die beweerde oortreder gedoen het en dat sy kwaad is vir die beweerde oortreder. Sy is bang vir die beweerde oortreder en vir wat hy kan doen.
Sy was selektief in die keuse van haar gevoelens wat sy ervaar.	Sy is bekommerd dat sy dalk nie gaan goed doen in haar skoolwerk nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
'n Vriendin het saam met Julie na haar sessie	Weerstand om 'n saak te rapporteer.

gekom.	
Die navorser is van mening dat die krisisingryping, ondersteuning en beveiliging deur Julie se tante, Julie baie reeds gehelp het in haar helingsproses.	Op haar voorgrond is dat haar ma haar verhouding met haar nuwe vriend goedkeur.

### 7.6.2.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Reaksie van belangrike persone in die adolessent se lewe na onthulling van die seksuele misbruik,” (sien punt 6.2.2.1.). Julie sê dat haar verhouding met die beweerde oortreder nou sleg is omdat sy vertel het. Volgens Williams & Poijula (2002:105) is die kans goed dat die slagoffer van seksuele misbruik skuldgevoelens sal ervaar indien sy verantwoordelik voel vir die gebeure wat sy ervaar het.

**Tabel 7.27: Kwalitatiewe data van sessie vier met Julie Dowling**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Alhoewel sy skaam voorkom, toon sy verantwoordelikheid vir haar herstel deur sonder haar ma na die sessies te kom.	Volgens Julie het haar vriendin haar dadelik geglo en gesê dat sy haar ma moet sê, maar Julie het gesê dat sy te bang is om haar ma te sê. Haar vriendin het gesê dat sy nie bang moet wees nie. Haar vriendin het haar vasgehou toe sy gehuil het en het haar ma gaan sê wat toe vir Julie se tante gaan sê het.
Sy maak oogkontak, maar verbreek soms oogkontak wanneer ‘n bedreigende onderwerp bespreek word.	Volgens Julie sou sy graag die volgende vir haar vriendin wou sê: “Dankie dat jy jou ma gaan sê het, want anders was dit net tussen ons gewees, dankie dat jy my moed gegee het om aan te gaan.” (Leë-stoeltegniek)
Sy teken op die gevoelsgesiggie dat sy geskok voel omdat sy nooit gedink het dat hy dit aan haar sal doen nie.	Volgens Julie was sy bang toe sy haar tante vertel het. Haar tante was hartseer en kwaad, want sy was goed bevriend met die beweerde oortreder. Sy het vir Julie vasgehou en het na die maatskaplike werker gegaan. Sy teken dat sy gelukkig voel oor haar tante se reaksie. Volgens Julie sou sy vir haar tante wou sê: “Dankie dat jy my verstaan en geglo het en dat ek by jou kan bly.” (Leë-stoeltegniek)
	Julie het haar ma vertel van die seksuele misbruik en haar ma het haar geglo. Haar ma het niks gesê nie en het gehuil. Sy het toe gesê dat sy nie meer saam met hom wil wees nie en hulle het uitgetrek. Sy teken dat sy gelukkig voel oor haar ma se reaksie. Sy sal vir haar ma wil sê: “Dankie dat ma my bygestaan het en my geglo het.” (Leë-stoeltegniek)

	Volgens Julie het haar ma die beweerde oortreder ingelig, maar het gesê dat Julie lieg. Volgens Julie het haar ma vir haar gesê dat hy woedend was. Volgens Julie het hy voor haar ma vir haar en haar ma gevra of hulle nie wil huis toe kom nie, dat hy jammer is (erkenning) en of hulle nie weer 'n gesin kan wees nie. Volgens Julie was haar verhouding met die beweerde oortreder voor die seksuele misbruik 'n "bietjie reg" en noem dat dit nou "bad" is. Volgens Julie sal sy vir hom wil sê: "Jy moet uit die huis uit gaan en klaarmaak.". (Leë-stoeltegniek)
	Julie noem dat sy geskok voel omdat sy nooit gedink het dat die beweerde oortreder dit aan haar sal doen nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Julie se vriendin het saam met haar gekom na die sessie en wag vir haar.	Op Julie se voorgrond is haar gevoel van ongeloof en skok oor die beweerde oortreder se gedrag, sy het nooit gedink dat hy dit sou doen nie.
	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak.

#### 7.6.2.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Julie.

Julie lig die navorser in dat hulle teruggetrek het na hulle huis, sy, haar ma, twee broers en oupa. Die beweerde oortreder gaan in Macassar bly. Hy bly op die oomblik by haar oom, nie ver van hulle huis af nie. Die navorser fokus op die aktiwiteite: "Die vulkaanaktiwiteit", "Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens" en "Die verkeersligaktiwiteit", (sien punt 6.2.4.3, 6.2.4.4. en 6.2.4.5.). Bewustheid is die kapasiteit om te fokus, om aandag te gee (Passons, 1975:21). Indien 'n persoon nie bewus is van wat sy doen nie, dan neem sy nie verantwoordelikheid vir haar dae nie. Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: "Ontspanningsoefeninge", (sien punt 6.2.4.8.).

**Tabel 7.28: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie is mooi aangetrek en spontaan. Sy kom nie meer so skaam voor nie.	Julie noem dat sy baie bly is dat hulle nou weer in hulle huis woon.
Sy is meer op haar gemak as voorheen.	Julie noem dat haar wange rooi word, dat sy haar vingers kraak en dat sy al in die rondte loop wanneer sy kwaad is.
Julie kom meer selfversekerd voor as voorheen.	Julie noem dat sy soms vloek, soms net weglou en soms gaan praat sy met iemand daarvoor wanneer sy kwaad word.



<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Julie vertel dat sy en haar broers baie baklei, en dat hulle nie weet wat die beweerde oortreder gedoen het nie.	Op Julie se voorgrond is haar blydschap dat hulle weer in hulle huis woon.
	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak.

### 7.6.2.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Nie-verbale gevoelens”, (sien punt 6.2.1.6.). Die navorser betrek haar daarna by die aktiwiteit: “Persoonlike spasie”, (sien punt 5.6.2.11.).

**Tabel 7.29: Kwalitatiewe data van sessie ses met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie kom vrolik voor en het haar hare mooi versorg en krullerig gemaak.	Julie noem dat haar vriende, kêrel en ma in haar persoonlike spasie mag kom. Sy identifiseer die beweerde oortreder en 'n meisie wat verlief is op haar kêrel, as die persone wat nie in haar persoonlike spasie mag kom nie.
Julie geniet die rollespel waartydens sy gevoelens nie-verbaal moet uitbeeld en neem aktief deel. Tydens die rollespel sukkel Julie om nie te lag nie toe sy die gevoel “hartseer” moet uitbeeld. Sy huppel en lag ten einde die gevoel “gelukkig” nie-verbaal uit te beeld, en frons en loop op-en-af om die gevoel “kwaad” uit te beeld.	
Julie praat baie onduidelik, binnensmonds, en sy het verkoue.	
Die navorser en Julie oefen in hoe jy jou liggaam kan gebruik om aan te dui dat jy ongemaklik voel indien iemand in jou persoonlike spasie kom.	
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Dit gaan goed met Julie se verhouding met haar kêrel en hy ondersteun haar.	Julie se verhouding met haar kêrel is op haar voorgrond.
	Weerstand om saak te rapporteer.

### 7.6.2.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Julie Dowling.

Die navorser lig Julie in dat die navorser gehoor het dat die beweerde oortreder weer in die huis woon. 'n Metode van waarneming is om op te let wat gebeur wanneer die terapeut optree op 'n direkte manier (Geldard & Geldard, 1997:89). Sy bevestig dat hy daar bly totdat hy ander blyplek kry. Die navorser spreek kommer oor haar

veiligheid uit. Volgens Julie slaap sy, haar ma en broer in ‘n bed, en die beweerde oortreder en haar ander broer slaap op die “bunker beds”. Die navorser beklemtoon dat sy nooit alleen saam met hom by die huis moet wees nie en dat sy dit moet oorweeg om weer by haar tante te gaan bly. Die navorser betrek Julie by die bespreking van die aktiwiteit: “My sintuie”, (sien punt 6.2.2.3.).

**Tabel 7.30: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Die navorser vra hoe sy daarvoor voel dat die beweerde oortreder weer by hulle bly en Julie kyk net af en skud haar kop dat sy nie daarvan hou nie. Haar liggaamshouding dui duidelik daarop dat sy ongelukkig is daarvoor.	Julie vertel dat sy gesien het hoe die beweerde oortreder vir haar kyk, en sy het gedink: “Kan ek nie êrens anders bly nie”, en sy het bangerig gevoel. Volgens Julie het sy gehoor dat hy haar eenkeer terugroep en hy het gesê dat hy “mal is” vir haar. Volgens Julie het sy toe maar gedink dat hy dit sê omdat hy haar stiefpa is. Hy het aan haar borste gevat en sy het op daardie stadium net gehuil en niks gedink nie.
Sy praat soms onduidelik. Sy sal soms lag indien sy skaam is en oogkontak vermy. Vermy ook oogkontak tydens gesprek oor beweerde oortreder en dat sy nie die daarvan hou dat hy weer in die huis woon nie.	Julie wil weet of sy nog ‘n saak kan maak en die navorser bevestig dat sy kan en dat die navorser haar sal ondersteun. Sy noem dat sy op hierdie stadium net nie krag het om dit te doen nie en dat sy na haar eksamen dit sal oorweeg. Volgens Julie praat sy nie met hom nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Haar kêrel moedig haar aan om ‘n saak aanhandig te maak.	Op Julie se voorgrond is dat die beweerde oortreder weer in die huis bly en dat sy oorweeg om ‘n saak aanhangig te maak.
Haar ma het weer die beweerde oortreder toegelaat om by hulle te kom bly. Die navorser het die betrokke welsyn in kennis gestel daarvan.	Weerstand om ‘n saak aanhangig te maak. Sy noem egter dat sy net nie nou krag het nie, maar dit dalk na die eksamen gaan doen.

#### **7.6.2.10 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling.**

Volgens mev. Dowling gaan sy en die beweerde oortreder weer probeer. Volgens mev. Dowling het die beweerde oortreder gesê dat hy jammer is en dat hy nie meer gaan drink nie. Die navorser lig haar kommer oor Julie se veiligheid en dat dit weer kan gebeur. Mev. Dowling minimaliseer dit egter en volgens haar is Julie dieselfde met hom as van te vore. Die navorser beklemtoon dat mev. Dowling verantwoordelik vir haar kind se veiligheid is. Die navorser het die betrokke welsynsinstantie in kennis gestel dat die beweerde oortreder weer by die betrokke gesin woon.

**Tabel 7.31: Kwalitatiewe data van sessie agt met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie rebelleer nie teen haar ma se besluit nie alhoewel sy ongelukkig daarvoor is dat hy weer by die huis bly.	Julie lig die navorser in dat haar ma en die beweerde oortreder baklei het. Sy was al in die bed.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mev. Dowling minimaliseer die probleem en gee die beweerde oortreder nog 'n kans.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak. Op Julie se voorgrond is dat haar ma en die beweerde oortreder weer baklei het.

**7.6.2.11 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling.**

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Vertroue”, (sien punt 6.2.4.2.). Een van die gevolge van verraad is die onvermoë om te vertrou (Bannister, 1998:11).

**Tabel 7.32: Kwalitatiewe data van sessie nege met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie het skaam gelag toe die navorser haar inlig dat haar onderwyser baie positiewe terugvoer aan die navorser gegee het ten opsigte van haar gedrag en vordering op skool.	Volgens Julie het haar ma en stiefpa nog nie weer baklei nie en gaan dit goed by die huis op die oomblik. Julie noem dat sy bang is om haar eksamenuitslae te kry en hoop dat sy deur is.
Die navorser het vir Julie gevra wie sy nie vertrou nie. Sy het lank stilgebly en dit het gelyk of sy dit eers deurdink voordat sy geantwoord het.	Volgens Julie beteken vertroue vir haar dat sy iets vir iemand kan sê en dat die persoon belowe om dit vir homself te hou. Julie identifiseer haar tante, oom (ma se jongste broer), twee van haar vriendinne en haar kêrel as die persone wie sy vertrou.
Julie maak nou meer oogkontak as vantevore en lug haar opinies met selfvertroue.	Julie noem dat sy nie die beweerde oortreder vertrou nie. Sy verduidelik dat hy gesê het dat hy dit nie weer sal doen nie, maar sy is nie so seker daarvan nie.
Sy skuil nie meer so agter haar glimlag nie en kom meer gereed voor om kontak met haar gevoelens te maak en sake te hanteer.	Julie noem dat dit haar sal waarsku dat sy nie meer 'n persoon kan vertrou nie indien die persoon vatterig raak, uit vertel en nie luister en gehoor gee indien jy “nee” of “ja” sê nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Julie vertrou haar tante, oom, vriende en kêrel. Sy het nie haar ma genoem as 'n persoon wie sy vertrou nie.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak.
	Op Julie se voorgrond is dat sy nie die beweerde oortreder vertrou nie en haar eksamenuitslae waarvoor sy wag.

**7.6.2.12 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Julie.**

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Meer van myself”, (sien punt 6.2.3.2), en bespreek haar gunstelingdinge. Daarna betrek die navorser Julie by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne”, (sien punt 6.2.3.4.). Gil (1996:183) vind nie-verbale vorme van terapie bruikbaar veral wanneer die adolessent ongemaklik voel om oor iets te praat. Julie noem tydens die onvoltooide sin van haar ma dat haar ma “sag” is. Die navorser vermoed dat Julie dit sê omdat haar ma die beweerde oortreder nog ‘n kans gee.

**Tabel 7.33: Kwalitatiewe data van sessie tien met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie praat steeds binnensmonds en onduidelik, maar is baie meer spontaan.	Julie noem dat dit nou heel anders by die huis is as wat die voorheen was. Sy verduidelik dat sy voorheen bang was, nou is sy nie meer bang nie, voorheen het hy soms nie van haar gehou nie, nou is hy vriendelik, voorheen het hy en haar ma baie baklei, nou baklei hulle minder, voorheen het hy gedrink, nou drink hy nie meer nie en voorheen het hy haar geslaan wanneer sy gekeer het en hy het haar ma geslaan, nou slaan hy hulle nie meer nie. Sy erken dat sy nie regtig tevrede is dat hy by die huis is nie, maar wil nie verantwoordelik voel as hy en haar ma opbreek en haar ma nie gelukkig is nie.
Sy maak nou goeie oogkontak.	Julie erken dat sy soms terugdink aan hoe sy geskree en gehuil het dat hy moet ophou en dat hy nie wou nie. Sy erken dat sy dan sommer huil. Julie noem dat sy dadelik die navorser sal sê indien hy weer iets probeer.
	Sy en haar kêrel het besluit dat hulle nie seksueel aktief gaan wees voordat sy nie 21 jaar oud is nie.
	Julie deel met die navorser dat dit aan die een kant baie lekker vir haar is by die huis, veral omdat dit nou goed gaan, maar aan die ander kant kry sy nog terugflitse en huil dan (polariteit).
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Julie se kêrel het saamgekom.	Weerstand om saak aanhangig te maak.
Sy het graad agt geslaag.	Op Julie se voorgrond is haar huidige situasie, naamlik dat sy baie graag by die huis wil woon, maar hulpeloos voel omdat haar ma hom toelaat om weer by hulle te laat woon.

### 7.6.2.13 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Julie.

Julie vertel dadelik aan die navorser die probleme wat sy ervaar by die huis met die beweerde oortreder. Die navorser gaan sien mev. Dowling dadelik. Mev. Dowling bevestig dat sy en die beweerde oortreder baklei het omdat hy jaloers was toe Julie na haar biologiese pa gegaan het. Mev. Dowling noem dat sy met Julie se kêrel se ma reëlins sal tref dat Julie daar kan bly gedurende die dag of by haar niggies of by haar tante wanneer sy werk. Mev. Dowling vra of Julie nie na 'n kosskool kan gaan nie. Julie doen goed op skool en toon geen gedragsprobleme nie, daarom bevraagteken die navorser mev. Dowling waarom Julie weggestuur word word.

**Tabel 7.34: Kwalitatiewe data van sessie elf met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Die navorser merk op dat Julie gewig verloor het.	Julie vertel emosioneel dat haar ma en die beweerde oortreder baklei het omdat hy jaloers is en bang is dat Julie se ma hom gaan verlaat vir Julie se biologiese pa. Sy kan nie verstaan waarom hy jaloers is nie en noem dat haar ma dan vir hom gekies het. Volgens Julie het dit gelyk of hy weer haar ma wou slaan. Julie en haar kêrel het toe geloop.
Die navorser neem waar dat Julie ongelukkig lyk. Julie het begin huil toe die navorser aan Julie noem dat sy hartseer lyk.	Julie deel die navorser mee dat die beweerde oortreder haar gedrag probeer beheer en haar verbied om rond te loop en dat sy net by die huis moet bly. Hy het volgens Julie vir haar gesê dat sy haar nie soos 'n "straatmeid" moet gedra nie. Trane vermeerder in haar oë.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mev. Dowling sal reëlins met familieledes en Julie se kêrel se ma tref sodat Julie by hulle bly wanneer sy werk.	Die beweerde oortreder se jaloerie en beheer wat hy probeer uitoefen op Julie en haar ma is op haar voorgrond.
	Julie toon weerstand om onderdanig te wees aan die beweerde oortreder se gesag wat hy probeer afdwing op haar en haar ma.

### 7.6.2.14 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Julie Dowling.

Julie onthul dat die beweerde oortreder haar op twee geleenthede in die verlede verkrag het en dat hy haar nie net betas het nie. Sy het 'n tekening gemaak terwyl sy inligting van die voorval gegee het. Volgens Van der Merwe (1996a:138) bied kreatiewe spel, soos tekeninge, aan die adolessent die geleentheid vir ondersoek en ontlasting van gevoelens en is dit 'n manier om inligting in te samel. Julie gaan saam

met haar ma na die werk sodat sy nie alleen saam met die beweerde oortreder is nie. Julie se kêrel het die navorser later die dag gebel en ingelig dat Julie nog nie gereed voel om haar ma in te lig nie en dat sy dit eerder op 'n latere stadium wil doen. Julie se kêrel het die navorser weer in die week gebel en ingelig dat Julie gesê het dat sy nie lus voel vir die lewe as haar ma ingelig gaan word oor die verkragting nie. Die navorser het telefonies met Julie gepraat en haar verseker dat die navorser nie haar ma sal inlig sonder haar toestemming nie. Julie het verlig geklink.

**Tabel 7.35: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Julie Dowling**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is baie stil en kom emosioneel voor. Die afspraak was vir Julie baie moeilik gewees. Sy het egter deurgedruk en die navorser vertel wat gebeur het. Sy was nie in staat om 'n in diepte weergawe te gee nie, want dit was moeilik vir haar om daarvoor te praat.	Julie onthul dat sy twee keer in die verlede deur die beweerde oortreder verkrag is. Julie noem dat sy te bang was om te vertel van die verkragting en bang is dat haar ma kwaad gaan wees vir haar.
Julie praat baie onduidelik en vermy oogkontak terwyl sy vertel wat gebeur het.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie se kêrel het die navorser gebel en ingelig dat Julie meer met die navorser wil deel ten opsigte van die seksuele misbruik. Hy staan Julie by en het saam met haar gekom vir die afspraak.	Julie toon weerstand om haar ma in te lig van die verkragting en dreig met selfmoord sou haar ma ingelig word. Die verkragting is op Julie se voorgrond asook wat haar ma se reaksie daarop sal wees.

#### 7.6.2.15 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Skuldgevoelens / Ambivalente gevoelens”, (sien punt 6.2.3.1.). Julie dink dat die seksuele misbruik haar skuld was en voer as rede aan dat indien sy vroeër die seksuele misbruik onthul het, dit dan nie sou aangegaan het nie. Volgens Williams & Poijula (2002:105) kom skuldgevoelens voor wanneer die slagoffer van seksuele misbruik sleg voel oor haar gedrag (wat sy gedoen het of nie gedoen het nie) voor, tydens en na die seksuele misbruik. Volgens Julie het die beweerde oortreder erken dat hy verkeerd opgetree het en het hulle gevra om hom weer 'n kans te gee.

**Tabel 7.36: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Julie Dowling**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
---	---

Julie is mooi aangetrek en haar gemoedstoestand is lig en vrolik.	Julie lig die navorser in dat die beweerde oortreder haar gedreig het dat indien sy die seksuele misbruik onthul sy konflik tussen hom en haar ma sal veroorsaak. Volgens Julie was sy nog jonk en wou nie dit veroorsaak het nie.
	Julie het met die navorser gedeel dat sy skuldgevoelens ervaar want as sy vroeër vertel het, dan sou die seksuele misbruik nie voortgeduur het nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Julie se kêrel ondersteun haar.	Weerstand om haar ma in te lig omtrent die verkragting en dit is ook op haar voorgrond.
	Dit blyk dat Julie haar ma wil beskerm deur haar nie in te lig van die verkragting nie.

#### 7.6.2.16 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser gee aan Julie die geleentheid om die aktiwiteit: “Hartsnare” te voltooi, (sien punt 6.2.5.1.). Haar ma, kêrel, niggie en drie vriende is die naaste aan haar, dan is daar drie ander vriende wat ook na aan haar is. Sy dui aan dat twee meisies glad nie na aan haar is nie, weens jaloesie. Die navorser merk op dat sy nie die beweerde oortreder êrens ingeskryf het nie en vra aan haar waar sy hom sal posisioneer. Deur probleme op ‘n algemene manier te bespreek, help die terapeut die adolessent om inligting op ‘n veilige manier te bespreek (Gil, 1996:178). Sy plaas hom in die verste hartsnaar van haar af. Die navorser betrek haar by die aktiwiteit: “Kognisie”, (sien punt 5.2.6.8.).

**Tabel 7.37: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie praat baie onduidelik, veral wanneer sy opgewonde is en vinnig praat.	Volgens Julie gaan dit goed by die huis, geen bakleiery nie.
Sy maak voldoende oogkontak en lag nie meer wanneer ‘n bedreigende aspek bespreek word nie.	Sy vertel humoristies dat hulle net 25 sent gekry het vir metaal wat hulle opgetel en ingeneem het.
Sy kom al meer selfversekerd voor as aanvanklik en toon die moed om die navorser goed te vra, byvoorbeeld om haar skool toe te neem na die afspraak, want sy wil nie skool mis nie.	Sy identifiseer die volgende eienskappe waarvoor haar verhouding met die beweerde oortreder nie beskik nie: Hulle ondersteun en moedig mekaar nie aan nie, sy vertrou hom nie, sy kommunikeer nie openlik en eerlik met hom nie, sy is bang vir hom en hulle deel nie besluitneming nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Julie en haar kêrel kom aangestap, hulle lyk nog baie verlief. Hulle verhouding beskik	Ambivalensie ten opsigte van die beweerde oortreder – aan die eenkant vervul hy ‘n

oor eienskappe van 'n goeie verhouding.	finansiële en versorgende rol, maar aan die ander kant pla dit haar wat hy gedoen het.
	Op Julie se voorgrond is die afspraak met die welsyn op Maandag omdat sy en die beweerde oortreder in dieselfde huis woon.

**7.6.2.17 Verloop van sessie vyftien en sestien. Teenwoordig: Julie, mev. Dowling en die maatskaplike werker van die betrokke welsyn (sessie vyftien) en Julie (sessie sestien).**

Tydens sessie vyftien het die maatskaplike werker van die betrokke welsynskantoor het dit duidelik gemaak dat mev. Dowling verantwoordelik gehou word vir Julie se veiligheid. Mev. Dowling het opgehou werk en is nou by die huis ten einde Julie se veiligheid se verseker. Die navorser betrek Julie tydens sessie sestien by die bespreking van die aktiwiteit: "Liefdestale", (sien punt 6.2.5.3.). Die navorser verbind die bogenoemde aktiwiteit met die aktiwiteit: "Boodskappe", (sien punt 6.2.3.6.). Een van die gevolge van seksuele misbruik is 'n lae selfbeeld en 'n gevoel van waardeloosheid (Doyle, 1994:209). Julie hou daarvan om geprys te word en komplimente te kry. Sy noem die positiewe boodskappe wat sy onlangs gekry het en erken dat dit haar gelukkig laat voel het.

**Tabel 7.38: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie is mooi aangetrek.	Die navorser komplimenteer haar met haar hare wat netjies gevleg is. Sy noem dat sy hoofpyn het omdat dit so styf gevleg is en lag.
Sy lag en is in 'n vrolike gemoedstoestand.	Sy identifiseer haar hoofliefdestaal as "kwaliteittyd" en haar tweede liefdestaal as "prys en komplimente". Sy identifiseer haar ma se liefdestaal as "kwaliteittyd" en "dade" en die beweerde oortreder se liefdestale as "kwaliteittyd" en "prys en komplimente".
Sy maak oogkontak.	Sy vertel humoristies dat sy en haar kêrel geweet het dat sy nie weer van die afspraak gaan vergeet nie, maar omdat die skool vroeg uitgekom het, het sy amper.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>WEERSTAND / VOORGROND</b>
Haar kêrel herinner haar aan haar afsprake.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak en om haar ma in te lig omtrent die verkragting.
	Julie se verhouding met haar kêrel is op haar voorgrond.



### 7.6.2.18 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser gee vir Julie "huiswerk" wat sy by die huis moet doen wanneer sy tyd het, aktiwiteit: "My selfbeeld", (sien punt 6.2.3.5.). Die navorser betrek haar daarna by die aktiwiteit: "7de laan", (sien punt 6.2.2.6.). Julie vertel spontaan dat sy in haar mondeling by die skool gepraat het oor hoe hulle verlede jaar eenkeer gedrink het. Haar moeder het haar ook uitgevang en haar kop het "gespin" en gepyn. Julie vertel dat sy vir die kinders tydens die mondeling vertel het dat drank nie 'n persoon se probleme oplos nie en dat die probleem maar net weer daar sal wees. Die navorser gee aan Julie die geleentheid om probleme te identifiseer wat soos stene op haar skouers rus, aktiwiteit: "Kom ons maak ballonne van die stene in ons lewe," (sien punt 6.2.2.4.).

**Tabel 7.39: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie is in 'n ligte luim en vertel humoristies dat die wind haar hare woes deurmekaar waai. Julie kom meer selfversekerd voor en nie meer emosioneel nie.	Julie maak selfstellings en sê dat Emma van boeke van die natuur hou net soos sy. Sy vertel hoe ontsteld sy was en hoe sy gehuil het toe haar hond raak gery is.
Die navorser let op dat Julie aan die einde van die sessie nog iets op die hart het en nog wil gesels. Sy vertel dat iemand oor haar hond gery het. Hy sukkel om te loop, maar is al bietjie beter. Sy het gehuil en was baie ontsteld toe hy raakgery is.	Sy erken dat sy soms nie kan "nee" sê nie. Julie onthul dat sy verlede jaar eenkeer gedrink het maar beseft het dat drank nie haar probleme gaan wegvat nie
Julie begin nou al spontaan met die navorser te gesels oor gebeure in haar lewe en is nie meer so skaam nie.	Sy identifiseer dat sy te veel huiswerk het en te min tyd het, as 'n "steen" in haar lewe.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Goeie ondersteuning van haar kêrel.	Weerstand om haar ma in te lig van die verkragting en om 'n saak aanhangig te maak. Op Julie se voorgrond is haar hond wat raakgery is.

### 7.6.2.19 Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag", (sien punt 6.2.3.8.). Julie noem dat sy en haar ma soms passief optree. 'n Persoon kan kontak verloor met die "wat" en "hoe" van haar gdrag en kan daarom nie in staat wees om 'n

gevoel van bemeestering te bereik nie wat nodig is om effektief te lewe (Passons, 1975:18).

**Tabel 7.40: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie is in 'n ligte gemoedstoestand.	Julie vertel dat sy lekker vakansie gehou het en dat haar kêrel en sy baie tyd saam spandeer het.
Goeie belangstelling en deelname in die aktiwiteit.	Julie erken dat sy en haar ma soms passief optree.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>WEERSTAND / VOORGROND</b>
Gaan goed met haar en haar kêrel.	Weerstand om die saak aanhandig te maak en haar ma in te lig van die verkragting.
	Op Julie se voorgrond is haar verhouding met haar kêrel en dat sy uitsien om terug te gaan skool toe na die skoolvakansie.

#### 7.6.2.20 Verloop van sessie negentien en twintig. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie tydens sessie negentien by die aktiwiteit: “Positiewe denke”, (sien punt 6.2.2.5.). Een van die grootste vrese wat adolessenteslagoffers van seksuele misbruik kan ervaar, is om die seksuele misbruik te onthul (Benedict, 1994:190). Tydens sessie twintig voltooi Julie die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Sy is vrolik en in 'n ligte luim. Haar ouers se egskeiding blyk asof dit 'n onvoltooidheid in Julie se lewe is.

**Tabel 7.41: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie kom emosioneel voor. Julie huil toe sy vertel dat haar kêrel 'n vergadering met haar ouers gaan reël.	Julie vertel dat haar kêrel voorgestel het dat hulle met haar ouers moet praat omdat sy soms nie saam met hom mag loop nie. Sy is baie bang om dit te doen. Julie is bekommerd oor die vergadering met haar ouers en weet nie wat om te verwag nie.
Aan die einde van die sessie blyk sy minder gespanne en emosioneel te wees oor die vergadering.	Sy noem die volgende positiewe aspekte na die onthulling van die seksuele misbruik: sy het beter gevoel, haar ma was daar vir haar en het haar ondersteun, sy was nie meer bang vir die beweerde oortreder nie, sy het haar kêrel ontmoet toe sy by haar tante gaan woon het en die seksuele misbruik het gestop.
	Die negatiewe aspekte na onthulling was vir Julie dat die beweerde oortreder kwaad was, dat sy vir 'n ruk nie by die huis kon gebly het

	nie en nie geweet het wat nou verder gaan gebeur nie en sy was bekommerd oor haar skoolwerk.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Julie se kêrel tree selfgeldend op en benader probleme positief. Julie aan die ander kant is geneig om passief op te tree en is daarom bang om met haar ouers te praat. Hy gee egter leiding aan haar hoe om probleme op 'n selfgeldende manier aan te spreek.	Sy toon weerstand om saam met haar kêrel met haar ouers te praat oor haar inkomtye, aangesien sy nie weet wat om te verwag nie en bang is. Die vergadering met haar ouers is op haar voorgrond.

#### 7.6.2.21 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die bordspeletjie, (sien punt 6.2.6.1.). Sy toon uitstekende insig in al die vrae. Die navorser gee terugvoer van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool se resultate. Na afloop van terminering, kom groet Julie elke nou en dan die navorser by die kantoor. Sy kom gelukkig voor.

**Tabel 7.42: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Julie Dowling**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Julie is mooi aangetrek en vrolik.	Sy vertel opgewonde dat sy en haar kêrel toe met haar ouers gepraat het daarvoor dat sy soms na hom wil gaan en dat sy verstaan dat sy nie in die aande mag loop nie, maar slegs soms na hom wil gaan.
Julie gesels spontaan met die navorser en maak voldoende oogkontak.	Volgens Julie was sy verniet gespanne gewees en haar ma het gesê dat dit reg is.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSATND</b>
Julie se kêrel speel 'n belangrike rol in Julie se lewe. Hy speel ook 'n belangrike rol in haar beveiliging teen die beweerde oortreder aangesien sy hom dadelik sal vertel indien die beweerde oortreder sy grense weer oortree.	Julie wil steeds nie haar ma inlig omtrent die verkragting nie.
Sy vertel dat haar kêrel vir haar 'n nuwe hondjie gekoop het.	Op Julie se voorgrond is haar nuwe hondjie wat sy gekry het.

#### 7.6.2.22 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Dowling na afloop van terapeutiese dienslewering aan Julie

Die navorser gee terugvoer aan mev. Dowling ten opsigte van Julie se deelname aan die navorsing en die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate.

**Tabel 7.43: Julie se huidige funksionering volgens mev. Dowling**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Huidig.	Geniet goeie gesondheid. Kry soms hoofpyn.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Na voorval.	Moeder minimaliseer impak. Julie toon tekens van aggressiewe gedrag. Boetie wil weet of sy pa tronk toe gaan.
	Huidig.	Vrolik, belangstelling is om te teken. Haar selfbeeld en konsentrasie is goed en sy toon geen woedeuitbarstings nie.
<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Na voorval en huidiglik.	Goeie verhouding met kêrel, ma en broers. Moeder hou van Julie se kêrel. Moeder gee beweerde oortreder nog 'n kans ten spyte van beweringe. Gesonde portuurgroepverhoudings.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Na voorval.	Julie trek uit en gaan bly by tante vir 'n tydperk. Moeder hartseer daaroor.
	Huidig.	Volgens Mev. Dowling is Julie 'n gehoorsame kind en toon geen gedragsprobleme nie.
<b>Kognisie:</b>	Na voorval en huidig.	Geen probleme.
<b>Seksualiteit:</b>	Na voorval en huidig.	Julie het 'n kêrel, nie seksueel aktief nie. Moeder hou van hom.
<b>Skoolprestasie:</b>	Na voorval en huidig.	Skoolvordering en bywoning is goed. Die beweerde oortreder help nou soms vir Julie met haar huiswerk.
<b>Voorval inligting:</b>	Voorval inligting.	Beweerde oortreder is ma se saamleefmaat. Moeder van mening dat Julie hom sien as haar pa. Moeder kwaad vir hom en glo vir Julie. Sy geen hom egter weer 'n kans.
	Huidig.	Mev. Dowling is van mening dat indien die beweerde oortreder weer iets probeer, Julie haar kêrel sal vertel. Mev. Dowling is by die huis ten einde Julie se veiligheid se verseker.
<b>Dissipline:</b>	Na voorval en huidig.	Gehoorsam. Kommunikasie as dissiplineringsmetode.
<b>Gesinslewe:</b>	Na voorval.	Beweerde oortreder hou op drink. Geen verdere fisiese

		mishandeling nie.
	Huidig.	Gaan huidig goed. Die beweerde oortreder bring nie die beweringe op wanneer Julie iets verkeerd doen nie. Sy werk nie ten einde Julie se veiligheid te verseker.

### 7.6.2.23 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram


Die voortoets het daarop gedui dat Julie se selfpersepsie en trauma-dinamika soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Julie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het daarop getoon dat Julie se selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Julie se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 23% en haar vorige telling tydens die voortoets was 32%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Alhoewel Julie se “angstigheids”-telling afgeneem het, is dit steeds bo die aanbevole gebied. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy 'n mate van gebrek aan sekuriteit in haar verhoudings beleef en bang is om emosioneel seer te kry, aangesien haar ma die beweerde oortreder nog 'n kans gegee het en hy weer by hulle in die huis woonagtig is. Alhoewel haar ma maatreëls in plek gestel het om Julie te beveilig, is die navorser van mening dat sy tog in 'n mate bedreig voel deur haar omstandighede. Die betrokke welsynsinstantie in die omgewing sal omrede die beweerde oortreder in die huis woonagtig is, die huislike omstandighede monitor.


Julie se “verantwoordelikheid vir ander”-telling het baie goed afgeneem en is nou onder die aanbevole gebied. Die navorser is van mening dat Julie baie verantwoordelikheid op haar skouers neem om haar ma gelukkig te hou en te beskerm teen teleurstelling. Dit is ook moontlik die rede waarom sy nie haar ma wil inlig dat die beweerde oortreder haar nie net betas het nie, maar wel verkrag het. Sy is van

mening dat haar ma en broers finansiële daaronder sal ly indien sy 'n saak aanhangig maak teen die beweerde oortreder en die navorser vermoed dat dit ook een van die redes was waarom sy weerstand toon om 'n saak aanhangig te maak. Sy het egter opgestaan vir haar regte deur die seksuele misbruik te onthul en het 'n sterk ondersteuningsnetwerk, naamlik haar tante, kêrel, die betrokke welsyninstansie en die navorser, na wie sy kan uitreik indien daar weer probleme ontwikkel.

**Figuur 7.3: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie**



Julie se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamikafaktore) is 25% en haar vorige telling tydens die voortoets was 32%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Alhoewel Julie se "wantroue"-telling verbetering getoon het, is dit steeds bo die aanbevole gebied. Die navorser skryf haar wantroue daaraan toe dat sy seksueel misbruik is deur haar stiefpa, wat veronderstel is om 'n versorgende rol in te neem en sekuriteit in haar lewe te voorsien, maar die teendeel in haar lewe gedoen het. Die navorser is ook van mening dat die feit dat haar ma die beweerde oortreder weer 'n kans gegee het en toelaat om by hulle te woon, ook gelei het daartoe dat sy dit moeilik vind om ander te vertrou. Julie se "frustrasie" en "hulpeloosheid"-tellings het baie verbeter. Die navorser is van mening dat die onthulling van die seksuele misbruik en die terapeutiese insette vir Julie maniere voorsien het waarop sy beheer kan uitoefen oor die omgewingsfaktore in haar lewe.

**Figuur 7.4: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika**

#### 7.6.2.24 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Julie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Julie het tydens aanvang van terapie meestal oogkontak verbreek, sy het gelag wanneer bedreigende aspekte bespreek word ten einde haar seer te probeer wegsteek (defleksie) en het dit moeilik gevind om haarself verbaal op 'n selfgeldende manier uit te druk en wou eerder passief optree (retrofleksie). Sy was hulpeloos en gefrustreerd met haar situasie, en het ambivalente gevoelens ervaar ten opsigte van optrede teenoor die beweerde oortreder en om beskermend teenoor haar ma op te tree aan die ander kant.

Na afloop van dienslewering, was Julie vrolik en in staat om die navorser in te lig wanneer daar probleme is. Alhoewel haar ma die beweerde oortreder weer toegelaat het om by hulle in te trek, het sy haar werk gelos ten einde Julie se veiligheid te verseker. Julie is bemagtig en het beheer teruggewen in haar lewe deur die onthulling aangesien dit die seksuele misbruik gestop het en omdat baie mense haar ondersteun het na onthulling, byvoorbeeld die navorser, die welsyn, haar kêrel en tante. Die

onderhoude met mev. Dowling het ook daarop gedui dat Julie positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Julie toon geen gedragsprobleme nie en haar skoolvordering is goed.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Julie en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel en om te bepaal of dit steeds goed gaan met Julie. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Julie en dat geen verdere dienste benodig word nie. Sy kom groet die navorser soms by die kantoor en lyk op die oomblik gelukkig. Die navorser handhaaf 'n oop-deur beleid. Beide Julie se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenter aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Julie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

### **7.6.3 Biografiese inligting van gevallestudie drie: Mischka Beukes**

**Naam van die adolessent:** Mischka Beukes

**Kultuurgroep:** Kleurling

**Ouderdom:** 16 jaar oud

**Geslag:** Vroulik

**Aantal kinders in die gesin:** 3

**Huistaal:** Afrikaans

#### **7.6.3.1 Agtergrondinligting van Mischka Beukes**

Mischka woon saam met haar ouers en broer. Mischka is deur Strand Polisiestasie na PATCH verwys vir terapeutiese dienslewering. Mischka is beweerdelik deur drie skoolseuns in 'n klaskamer by die skool geforseer, waarna sy deur twee van die skoolseuns vasgehou is en deur die ander skoolseun verkrag is. Die beweerde oortreders het Mischka gedreig en sy het daarom eers ongeveer 'n week later haar juffrou omtrent die voorval ingelig.

#### **7.6.3.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Mischka Beukes volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Mischka se moeder, mev. Beukes.**

Mev. Beukes het skriftelike toestemming vir Mischka se deelname gegee.



**Tabel 7.44: Agtergrondgeskiedenis van Mischka Beukes**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Ontwikkelingsgeskiedenis:</b>	Swangerskap was onbeplan.	Na skok was hulle bly oor die swangerskap.
	Normaal geboorte geskenk.	Goed verloop.
	Geen ongelukke nie.	
	2003 betas en gedreig met 'n mes deur twee mans.	Het terapie ontvang en hofspraak is steeds hangende.
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Voor voorval.	Gesond geëet. Goed geslaap.
	Na voorval.	Maagpyn, diarree en kla van knop op die maag (spanning).
<b>Emosionele funksionering:</b>	Voor voorval.	Vrolik.
	Na voorval.	Konsentrasie swak. Stil, teruggetrokke en onttrek. Raak gou kwaad. Hartseer en bang om alleen te loop.
<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Voor voorval.	Nog geen verhoudings met seuns gehad nie. Goeie portuurgroepverhoudinge.
	Na voorval.	Toon tekens van onttrekking. Verhouding met moeder verswak na voorval weens Mischka wat onttrek. Skrikkerig vir mans. Gevoelens van stigmatisasie.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Voor voorval.	Geen.
	Na voorval.	Geen. Misbruik nie dwelms of alkohol nie.
<b>Kognisie:</b>	Voor voorval.	Geen.
	Na voorval.	Nagmerries.
<b>Seksualiteit:</b>	Voor voorval.	Geen probleme. Het nog nooit 'n ernstige verhouding gehad nie.
	Na voorval.	Skrikkerig vir mans.
<b>Skoolprestasie:</b>	Voor voorval.	Geen probleem nie.
	Na voorval.	Weerstand om terug te gaan skool toe.
<b>Voorval inligting:</b>	Voorval.	Eenmalige verkragting by die skool.
<b>Dissipline:</b>	Voor en na voorval.	Moeder praat hard wanneer sy ongehoorsaam is.
<b>Gesinslewe:</b>	Voor voorval.	Mischka was in 2003 'n slagoffer van onsedelike aanranding. Pa misbruik dwelms.
	Na voorval.	Pa misbruik dwelms. Ouers staan haar goed by dwarsdeur proses.

### 7.6.3.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes.

Mischka wil weens die voorval nie skool toe gaan nie en mev. Beukes is besorg oor stigmatisasie sou sy teruggaan na die skool. Stigmatisasie, met ander woorde, negatiewe konnotasies wat gekommunikeer word aan die kind, word versterk deur houdings van ander persone of gemeenskapslede (Finkelhor & Browne, 1986:184). Mev. Beukes is emosioneel en ontevrede dat so iets op die skoolgronde kon plaasvind. Mev. Beukes druk haar kommer uit oor die een beweerde oortreder wat na bewering al voorheen ook in 'n soortgelyke voorval betrokke was.

**Tabel 7.45: Kwalitatiewe data van sessie een met Mischka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Mev. Beukes noem dat Mischka na die voorval baie stil is. Mischka kom teruggetrokke en stil voor. Sy maak min oogkontak.	Mischka spreek die wens uit dat die leë klaskamers reggemaak en toegesluit moet word. Sy wil nie teruggaan skool toe nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mischka het haar juffrou 'n week na die voorval ingelig daaromtrent. Haar juffrou het die skoolhoof ingelig en die skoolhoof het die saak by die polisie rapporteer.	Mischka toon weerstand om terug te gaan na haar skool. Sy wil ook nie na die ander skool in hulle area gaan nie, want sy noem dat dit ver van hulle huis af is en haar moeder kan nie saam met haar stap nie omdat sy werk.
'n Meisie het vir Mischka gesê dat as die beweerde oortreders haar kry, dat hulle iets aan haar sal doen en daarom wil sy nie meer naby Mischka wees nie (stigmatisasie).	Die seksuele misbruik is op Mischka se voorgrond asook haar gepaardgaande vrese.

### 7.6.3.4 Verloop van sessie twee en drie. Teenwoordig: Die skoolhoof, mev. Beukes, die klasonderwyser en Mischka (sessie twee) en Mischka, mev. Beukes en die ondersoekbeampte (sessie drie).

Tydens sessie twee noem die skoolhoof dat die proefbeampte by hom was en dat die hof aanbeveel het dat die beweerde oortreders op hierdie stadium terugkom skool toe onder streng voorwaardes. Aangesien Mischka en die een beweerde oortreder in dieselfde klas is, kan sy na 'n ander klas geskuif word. Die betrokke beweerde oortreder is vroeër vanjaar ook aangekla in 'n onsedelike aanrandingsaak by die skool. Mev. Beukes het haar kommer uitgespreek oor haar kind se veiligheid by die skool. Die skoolhoof het die voorkomingsmaatreëls wat die skool in plek gestel het, bespreek. Mischka kom stil en teruggetrokke voor. Sy praat nie, vermei oogkontak

en skud net haar kop en dui sodoende aan dat sy nie skool gaan bywoon nie. Tydens sessie drie gaan die navorser saam met Mischka en mev. Beukes na die ondersoekbeampte by die polisiestasie. Die ondersoekbeampte neem 'n verdere verklaring by Mischka af en klaar sekere aspekte uit. Mischka kom stil en teruggetrokke voor. Sy noem dat sy skool mis en vermei oogkontak. Mischka en die navorser vul daarna die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool in.

### 7.6.3.5 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mischka Beukes.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Die lewenslyn”, (sien punt 6.2.1.1.). Mischka reageer op die nie-bedreigende aktiwiteite en gee spontaan baie inligting. Die eerste paar sessies gedurende gestaltspelerapie is hoofsaaklik om 'n terapeutiese verhouding te bou (Oaklander, 1988:185).

**Tabel 7.46: Kwalitatiewe data van sessie vier met Mischka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Die navorser het Mischka gevra of sy terug skool toe gegaan het en Mischka het net haar kop ontkenend geskud en oogkontak verbreek. Mischka se gesiguitdrukking spreek dat sy nie kans sien om terug te gaan nie.	Volgens Mischka het sy aanvanklik nie vriende op Hoërskool gehad nie, want haar vriende het begin rook en sy het alleen gesit. Volgens Mischka het sy toe nuwe vriende gemaak.
Sy het belangstelling getoon in die lewenslynaktiwiteit en aktief deelgeneem.	Volgens Mischka rook haar pa “buttons” en drink. Sy noem dat sy verveeld is by die huis.
Mischka maak nie baie oogkontak nie en sal afkyk as iets te moeilik vir haar is om oor te praat. Mischka is baie stil wanneer daar baie mense is, maar wanneer sy alleen saam met die navorser is, praat sy spontaan.	Sy vertel dat haar pa nie haar ma gehelp het om haar te versorg nie en toe sy twee jaar oud was, het haar ma hom uitgesit en het hy na sy familie gegaan. Sy en haar ma het alleen gebly. Mischka onthou dat in die week wat hy teruggekom het, sy op 'n koppie geval het.
Haar stem druk emosie uit, sy praat net soms onduidelik. Goeie energievlakke. Haar liggaamshouding is die van 'n skaam kind. Sy sal afkyk en stilbly as sy nie gereed voel om oor 'n saak te praat nie. Sy maak min oogkontak. Skouers hang.	Sy vertel op 11 jarige ouderdom het haar pa gaan werk, maar hy het nie geld vir die huis gegee nie. Haar ma het sy klere in die pad gegooi en volgens Mischka het sy sleg gevoel, want almal het gepraat.
Sy is nie selfversekerd nie en druk nie eie opinies op die oomblik uit nie.	Sy vertel dat sy prefek was in st. 5. Sy lag en vertel van 'n keer wat die rooster verander het en sy nie haar lewensoriëteringboek by die skool gehad het nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
'n Vriendin het saam met haar na die kantoor geloop. Mischka se verhouding met haar pa word negatief beïnvloed deur sy gebruik van	Tydens die lewenslynaktiwiteit kom Mischka se voorgrondbehoefte, naamlik om in die skool te wees na vore. Mischka vertel dat sy

alkohol en dwelms.	vir haar laerskooljuffrou gesê het dat sy st.10 wil klaarmaak. Sy haal haar juffrou se woorde aan: "Mischka kyk vorentoe, moenie agtertoe kyk nie."
Sy vertel van 'n baie spesiale juffrou toe sy in die laerskool was, wat altyd vir haar gevra hoe dit gaan. Sy kon vir haar sê hoe sy voel en as sy nie brood gehad het nie, het die juffrou vir haar gegee.	Mischka het duidelik ambivalente gevoelens ten opsigte van skool. Sy het 'n behoefte om st.10 te voltooi. Aan die ander kant toon sy weerstand om terug te gaan skool toe.

### 7.6.3.6 Verloop van sessie vyf en ses. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes (sessie vyf) en mnr. Beukes (sessie ses).

Die navorser het mev. Beukes en Mischka tydens sessie vyf gaan haal ten einde Mischka vir 'n swangerskaptoets by die hospitaal te neem en om Mischka die hof te gaan wys. Al die howe was egter in sitting en daarom kon Mischka nie vandag sien hoe die hof en die kindervriendelike hof lyk nie. Die navorser neem Mischka na die hospitaal vir 'n swangerskaptoets. Mnr. Beukes is tydens sessie ses baie hartseer oor die voorval en bevraagteken waarom die skool nie beter voorsorg getref het nie, aangesien daar vroeër die jaar ook 'n onsedelike aanrandingsaak by die betrokke skool was. Die navorser gee aan mnr. Beukes die geleentheid om te ventileer.

### 7.6.3.7 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Mischka.

Mischka vertel die navorser van die voorval, sien aktiwiteit: "Insamel van inligting van die voorval", (sien punt 6.2.1.3.). Mischka het nie die seksuele misbruik dadelik onthul nie weens dreigemente. Dreigemente is volgens Bannister (1998:192) 'n rede waarom die seksuele misbruik nie onthul word nie. Die navorser het haar daarna betrek by die aktiwiteit: "My liggaamgevoelens", (sien punt 6.2.1.5.).

**Tabel 7.47: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Mischka Beukes**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Die navorser merk op dat Mischka heeltemal op haar gemak voel.	Die navorser het vir Mischka ingelig dat haar pa die navorser kom sien het. Sy het verbaas, maar bly gesê: "Het hy?"
Mischka het in 'n duidelike stem vertel wat gebeur het. Soos sy vertel het, het sy al hoe vinniger gepraat en senuweeagtig gevroetel met haar hande.	Gelukkig: "Omdat ek gesê het", en "Ons huis het verander, my ma praat weer baie en sê ek moet goed doen waarvan ek hou om te doen."
Mischka het baie van nie-verbale	Hartseer: "Omdat ek nie kan teruggaan skool

kommunikasie gebruik gemaak en gewys met haar hande hoe sy hulle weggestoot het, hoe groot die tafel was en het direkte aanhalings gebruik.	toe nie.” Sy verduidelik dat sy bang is hulle doen dit weer met haar. Sy noem dat sy na ‘n ander skool sal moet gaan waar sy nie die beweerde oortreders sal sien nie.
Vermy soms oogkontak wanneer iets vir haar moeilik is om oor te praat, maar maak al meer oogkontak as aanvanklik.	Sy noem laggend dat sy kwaad was toe ‘n driejarige seuntjie haar in die gesig gespoeg het.
Haar stem het baie emosie uitgedruk en sy het harder gepraat toe sy vertel het van voorval.	Skuldgevoelens: Omdat sy nie in die skool is nie. Mischka noem dat sy haar skool en die onderwysers mis, veral haar houtwerk.
Liggaamshouding is meer selfversekerd. Hare was mooi gewas en sy was netjies aangetrek.	Bekommerd: Oor die hofsak waarin sy moet getuig.
Wanneer sy nie gereed voel om oor iets te praat nie, kyk sy af.	Spyt: Mischka is spyt dat sy gesê het, want nou wil sy nie teruggaan skool toe nie en sê: “..my lewe is deurmekaar.”
Haar pas was vinniger vandag as vorige sessies.	Bang: Sy is bang om skool toe te gaan, want sy is bang hulle doen dit weer. Sy is selfs bang om alleen winkel toe te stap en wil nie meer rondloop nie, sy is bang sy loop in die beweerde oortreders vas.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die navorser het die departement van onderwys gebel en het versoek dat hulle Mischka se ouers moet kom sien in verband met die voorval. Die navorser stel voor om Mischka Donderdag skool toe te neem. Sy kan dan kans kry om tussen haar vriende te wees en na haar registerklas te gaan. Die navorser sal by die hoof se kantoor wag.	Sy ervaar ambivalente gevoelens ten opsigte van skoolbywoning. Aan die een kant wil sy graag teruggaan skool toe en voel skuldig dat sy nie skool toe gaan nie en voel haar lewe is deurmekaar. Aan die ander kant is sy bang vir die beweerde oortreders en dat hulle dit weer sal doen, sou sy teruggaan skool toe. Weens hierdie ambivalente gevoelens toon sy dus weerstand om terug te gaan skool toe.
Verhouding met ma het positief verander. Sy was ook verbaas en beïndruk dat haar pa die navorser kom sien het.	Op Mischka se voorgrond is haar skoolopleiding en dat sy nie nou in die skool is nie weens die voorval en daarom voel haar lewe deurmekaar. Sy is nie in homeostase op die oomblik nie aangesien haar behoefte om skool te gaan onbevredig is.
Die navorser het Mischka gaan haal by die huis weens haar vrees om alleen te loop.	Onvoltooidheid in Mischka se lewe is haar vrees vir beweerde oortreders en dat sy nie kan skool toe gaan nie.

#### 7.6.3.8 Verloop van sessie agt en nege. Teenwoordig: Mischka.

Tydens sessie agt gaan haal die navorser vir Mischka en neem haar skool toe. Sy kom aanvanklik af en bang voor, maar later ontspan sy. Die navorser wag buite in die motor totdat sy die navorser kom inlig dat die navorser maar kan ry. Sy kom egter terug en lig die navorser in dat die kinders onder mekaar praat en sy spreek die wens uit om eerder huis toe te gaan. Sy vermei oogkontak.

Die navorser betrek Mischka tydens sessie nege by die aktiwiteit: “Meer van myself,” (sien punt 6.2.3.2.). Trauma kan die positiewe gevoelens wat ‘n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om “sleg” te wees (Williams & Poijula, 2002:162).

**Tabel 7.48: Kwalitatiewe data van sessie nege met Mischka Beukes**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy lag en vertel van haar byname en noem dat sy daarvan hou. Mischka is spontaan en gee goeie samewerking tydens bespreking van aktiwiteite.	Volgens Mischka is haar naam vir haar spesiaal en sê: “...dit is ek.” Sy noem dat sy haar dieselfde naam sou gegee het as sy haar eie naam moes kies.
Sy kom op haar gemak voor en praat selfversekerd oor nie-bedreigende aspekte.	Mischka se droom is om eendag ‘n filmster te word.
Sy vermy soms oogkontak wanneer iets vir haar moeilik is om oor te praat.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mischka noem dat wanneer sy sleg voel en haar vriendin dit opmerk, dat haar vriendin dan met haar praat en vra wat fout is.	Geen weerstand getoon nie.
Mischka vertel van ‘n seunsvriend van haar wat altyd na haar luister wanneer sy vir hom iets vertel. Mischka het ‘n hondjie wat ‘n belangrike aspek in haar lewe is.	Haar voorgrondbehoefte is haar skoolopleiding.

### 7.6.3.9 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mischka.

Mischka wys ‘n lêer aan die navorser waarin sy geskryf het om besig te bly. Sy het baie geskryf oor skool en kinders. Sy het ook oor die voorval en wat gebeur het, geskryf. Die navorser betrek Mischka by aktiwiteit: “Reaksies van belangrike persone in die adolessent se lewe na onthulling van die seksuele misbruik”, (sien punt 6.2.2.1.).

**Tabel 7.49: Kwalitatiewe data van sessie tien met Mischka Beukes**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy was vroeg gereed vir haar sessie en was baie mooi aangetrek. Sy het ‘n lêer en dagboek saam gebring om aan die navorser te wys.	Sy vertel van haar neef wat in ‘n ongeluk was en nou heeltemal geheueverlies het. Sy het by hom gaan kuier in die hospitaal.
Mischka was spraaksaam en het opgewonde voorgekom. Sy het spontaan oor gebeure gesels asook oor dit wat sy in haar lêer geskryf het.	Volgens Mischka het haar juffrou wat sy eerste vertel het, haar dadelik geglo en gesê dat hulle onmiddellik na die hoof moet gaan. Volgens Mischka kon sy sien dat die juffrou bang was vir haar part oor wat gebeur het.

	Volgens Mischka mis sy haar juffrou, want sy sien haar nie meer nie omdat sy nie op die oomblik skool bywoon nie. Mischka teken op die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel met die juffrou se reaksie, wat haar jammer gekry het en meer moed gegee het.
Sy maak al hoe meer oogkontak. Baie goeie belangstelling, deelname en opgewondenheid tydens sessie. Haar stem druk emosie uit en sy kom energiek voor, meer as tydens aanvang van terapie.	Volgens Mischka het haar ma dit dadelik geglo en het aanvanklik niks gesê nie en het net gehuil. Volgens Mischka was haar ma hartseer en haar ma het haar vasgehou. Sy teken in die gevoelgesiggie dat sy ook gelukkig voel oor haar ma se reaksie. Leëstoeltegniek: “Baie dankie dat ek met ma kan praat oor wat gebeur het.”
Sy lag en kom gelukkiger voor. Sy geniet die een-tot-een aandag.	Volgens Mischka laat dit haar beter voel om oor haar gevoelens te skryf.
Haar liggaamshouding is meer selfversekerd as tydens aanvang van terapie toe sy skaam voorgekom het.	Volgens Mischka het haar pa dit dadelik geglo en het hy vir haar gesê dat hy jammer is oor wat gebeur het en het hartseer gelyk. Volgens Mischka het hy vir haar tee gemaak.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Verhoudings met ma en pa is goed. Sy het goeie vriende.	Weerstand om terug te gaan na haar skool waar voorval plaasgevind het.
Die reaksies van belangrike persone in haar lewe na onthulling van die seksuele misbruik, was positief.	Haar voorgrondbehoefte en onvoltooide sake is die voorval en skoolbywoning. Sy het ‘n behoefte aan stimulering, daarom skryf sy van verskillende onderwerpe in haar dagboek.

### 7.6.3.10 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag”, (sien punt 6.2.3.8.). Gesonde portuurgroepverhoudinge verbeter die ontwikkeling van morele redenering, samewerking en wederkerigheid (Bolger, Patterson & Kupersmidt, 1998:1172).

**Tabel 7.50: Kwalitatiewe data van sessie elf met Mischka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy kyk navorser in die oë en behou ‘n gemaklike afstand. Sy was vandag spraaksaam en het opgewonde vertel van die seun wat sy ontmoet het.	Sy lag en erken dat sy passief optree en nie maklik praat nie. Mischka stem saam dat dit goed is om selfgeldend op te tree want dan weet die ander persoon hoe jy voel oor die saak.
Sy toon belangstelling, betrokkenheid en opgewondenheid tydens die sessie. Sy druk emosie in haar stem uit, veral toe sy vertel van die seun wat sy ontmoet het. Haar energievlakke hoog en sy kom opgewonde en	Mischka vra aan die navorser of dit verkeerd is om ‘n “boyfriend” te hê. Sy vertel van die seun wat sy ontmoet het van wie sy hou.

vrolik voor.	
Liggaamshouding is minder beperk en geslote as tydens aanvang van terapie. Haar liggaamsbeeld is goed en sy hou van mooi aantrek.	Mischka en haar ma was by die ander Hoërskool. Mischka is nou meer positief oor die ander skool. Sy noem dat dit mooi binne is en dat sy mense wat sy ken daar gesien het. Dit is ook nie so ver van hulle huis af nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy het 'n seun ontmoet in wie sy belangstel.	Op Mischka se voorgrond is 'n seun wat sy ontmoet het en haar vraag of dit verkeerd is om 'n kêrel te hê.
Goeie verhouding met portuurgroep. Sy het omgewingsondersteuning: die navorser, haar vriende en ouers.	Aansienlik minder weerstand as tydens vorige sessies om weer terug te gaan skool toe. Sy en haar ma was by 'n ander skool en haar houding om na die ander skool te gaan het positief verander.

### 7.6.3.11 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: "7de laan," (sien punt 6.2.2.6.).

**Tabel 7.51: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mischka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Die navorser merk op dat Mischka die aktiwiteit geniet en omdat 7de Laan haar gunstelingprogram is, ken sy die storie en die karakters baie goed.	Mischka vertel dat sy oplees oor wat in toekomstige episodes gaan gebeur en druk haar eie opinies uit oor die mense se optredes.
Sy lag en neem entoesiasies deel aan bespreking van haar eienskappe wat ooreenstem met die van die 7de Laan-karakters se eienskappe.	Volgens Mischka beskik sy oor die volgende positiewe eienskappe, naamlik: openlik en eerlik, praat soms daarvoor as iets haar pla, sy respekteer haar ma, sy het onvoorwaardelike liefde, sy het mooi maniere, sy wil niemand seermaak nie, luister na ander, gee soms raad, is vriendelik en is familievas.
Sy verander haar gesigsuitdrukkings soos sy praat en beduie met hande. Liggaamshouding is al meer selfversekerd en sy is mooi aangetrek. Sy vermy oogkontak en houding word geslote wanneer die navorser met haar praat oor skoolbywoning.	Mischka erken dat sy onverwerkte gevoelens het. Sy noem dat haar "kop soms op 'n ander planeet is". Sy noem dat sy soms begin dink as sy stilsit en dan dink hoekom die beweerde oortreders haar nie doodgemaak het nie. Volgens Mischka is dit wanneer sy so dink dat die beweerde oortreders haar pla. Sy noem dat sy wonder waarom Jesus dan twee soorte mense gemaak het as hulle sulke goed doen. Volgens Mischka kan sy nie vergeet nie en die hofsak werk op haar senuwees. Volgens Mischka dink sy dieselfde ding oor en oor. Sy gee erkenning daaraan dat dit nie net mans is wat goed verkeerd doen nie en dat daar vroue is wat ook goed verkeerd doen. Sy probeer ook die situasie van die beweerde oortreders se kant af beskou en probeer indink as sy 'n man was en een van



	hulle susters sou verkrag het, wat hulle dan sou doen. Sy wonder dan of hulle dink hulle is "hoër" omdat hulle mans is. Mischka noem dat haar hart sag is en dat sy weet sy maak ook foute.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mischka se neef was in 'n motorongeluk.	Sy toon weerstand om weer skool te gaan en wil nie daarvoor praat nie, noem net dat dit haar besluit is. Vermoogkontak en geslote houding.
Baie goeie verhouding met haar ouma. Haar nuwe vriend is ook beskermend oor haar en sy ingenome daarmee.	Op Mischka se voorgrond is die voorval en dat sy terugdink daaraan.

### 7.6.3.12 Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser neem Mischka tydens sessie dertien na 'n organisasie "Hands" wat kralewerk doen om die moontlikheid van werk te ondersoek. Mischka noem dat sy baie beïndruk is met die werk wat die organisasie doen en het haar naam op die waglys gesit. Die navorser betrek Mischka tydens sessie veertien by die aktiwiteit: "Onvoltooide sinne", (sien punt 6.2.3.4.). Mischka kry nagmerries en terugflitse van die voorval. Volgens Williams & Poijula (2002:58) kan drome oor die traumatiese gebeure soms inligting aan die slagoffers gee oor wat gebeur het.

**Tabel 7.52: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Mischka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Energievlakke neem af soos vertel van terugflitse van die beweerde oortreders en haar behoefte om skool toe te gaan, maar aan einde van sessie is dit weer gelig.	"... ek wil so graag skool toe gaan. Ek wens ek kan skool toe gaan. Ek wens dit kon net omgedraai wees. Ek sal nooit teruggaan nie, ek wil nie hulle gesigte sien nie. Een aand toe ek slaap, toe kry ek hulle gesigte voor my, toe kon ek glad nie slaap nie."
By die huis toon sy tekens van onttrekking, want in die onvoltooide sinne word dit duidelik dat sy stil en eenkant wil sit.	"...maar ek is anders. Ek is nie lief vir loop nie, want loop ek dan kom daai kinders (beweerde oortreders) weer om die draai. Ek voel of ek my met die mes kan steek. Ek vergeet van alles en net skielik dan onthou ek alles of sien hulle gesigte. Ek kan nêrens loop nie, dan kan ek hulle kry."
Wanneer dit egter moeilik raak vir haar om oor iets te praat, soos haar wens om skool te gaan en niggie wat haar polse gesny het, kyk sy net vorentoe en verbreek oogkontak.	"Ek mis my juffrou, ek het haar vertrou." "Ek is baie stil en saggeard en luister as my ma en pa met my praat."
	"Ek het gehoor hoe sê die een beweerde oortreder se ma vir my tante dat ek haar seun aangegee het. Ek was by my tante se huis."

	Die beweerde oortreder se ma het my uitgeskel toe sy hoor ek is by my tante se huis. Ek het nie my ma gesê nie, want ek weet my ma gaan sê ek het eerste begin. Ek het net stilgebly.”
	Vanuit die onvoltooide sinne kom selfmoordgedagtes na vore. Mischka vertel ook van haar niggie wat oorlede is. Sy het haar polse gesny, want sy was ook ‘n slagoffer van verkragting.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mischka mis haar juffrou wat sy eerste vertel het van die voorval, asook haar skool.	Op Mischka se voorgrond is die terugflitse en nagmerries wat sy van die beweerde oortreders kry.
Aangesien sy nie meer skool bywoon nie en bang is om in die strate te loop, het sy nie baie kontak met haar omgewing nie.	Sy toon weerstand om terug te gaan skool toe, want sy vrees die beweerde oortreders.

### 7.6.3.13 Verloop van sessie vyftien en sestien: Mischka

Die navorser neem Mischka tydens sessie vyftien na haar juffrou by die skool. Mischka se juffrou wil graag vir Mischka sien ten einde haar vrese ten opsigte van skoolbywoning te probeer uitsorteer. Sy is bereid om kinders wat skinder aan te spreek. Mischka noem dat dit vir haar ‘n verligting is om te hoor dat twee van die beweerde oortreders geskors is en dat sy bly is dat sy kan teruggaan. Tydens sessie sestien lig Mischka die navorser in dat sy besluit het om te gaan werk en nie terug te gaan skool toe nie. Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “My veiligheid”, (sien punt 6.2.1.2.). Die beweerde oortreders het Mischka na die verkragting gedreig. Dreigemente kan vrees by die adolessent tot gevolg hê (Gil, 1991:5).

**Tabel 7.53: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Mischka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy is baie meer selfversekerd oor haarself en haar toekoms. Kom ook minder bang voor as voorheen.	Sy noem dat die smokkelhuise en die plekke waar die dagga verkoop word, plekke in die gemeenskap is waar dit nie veilig is nie. Sy maak van ‘n metafoor gebruik en verduidelik dat daardie plekke soos ‘n magneet is en as sy eers daar was, kan jy nie wegbly nie. Sy is van mening dat as jy eers betrokke raak in die misbruik van dwelms, jy nie maklik daaruit kom nie.
Mischka is op haar gemak saam met die navorser en gee baie goeie samewerking. Sy is spontaan en geniet ooglopend die een-tot-een aandag.	Sy verduidelik dat wanneer sy alleen loop sy steeds bang is dat sy in die beweerde oortreders kan vasloop.

<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy het 'n goeie verhouding met haar suster.	Op Mischka se voorgrond is dat sy wil gaan werk asook die nuwe vriend wat sy ontmoet het en van hou.
Sy en haar jonger broer baklei baie.	Weerstand om terug te gaan skool toe. Sy het besluit om te gaan werk.

#### 7.6.3.14 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Meryl se storie”, (sien punt 6.2.4.1.). Volgens Mischka was die omkeerpunt in haar lewe toe sy haar juffrou vertel het. Een van die grootste vrese wat slagoffers van seksuele misbruik kan ervaar, is om die seksuele misbruik te onthul (Benedict, 1994:190).

**Tabel 7.54: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Mischka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy praat selfversekerd. Sy was voorheen baie ingetoë, maar kom nou gelukkiger en meer selfversekerd voor.	Mischka lig die navorser in dat sy Maandag begin werk het en sy is baie opgewonde daaroor.
Baie goeie belangstelling en deelname aan bespreking.	Erkenning dat sy haar woede soms op haar broer uithaal. Volgens Mischka was sy teruggetrokke na die voorval en het soms op haar bed gelê en huil. Volgens Mischka het sy ook aanvanklik gevoel dat sy nie beheer oor haar emosies het nie en wou net wegkom van die “aarde.”
Daar is tog 'n onderliggende aggressie wat volgende week aandag sal geniet.	Mischka noem: “... jy moet probleme in die gesig staar en moet dit hanteer.”
Sy trek mooi aan en versorg haarself goed.	Mischka maak van die metafoor van 'n bandspeler gebruik en noem dat wanneer sy die beweerde oortreder sien dit soos 'n bandspeler is wat weer aangeskakel word.
	Sy noem dat sy vir ongeveer 'n week stilgebly het oor die verkragting, want sy het gedink dat sy nie geglo sal word nie. Sy was ook bang vir die beweerde oortreders se dreigemente na die voorval. Sy was aanvanklik spyt na onthulling weens al die gevolge (sy het skool verlaat), maar besef nou dat “jy nie 'n moordkuil van jou hart moet maak nie.”
	Mischka verduidelik dat sy gevoel het dis haar skuld, toe die beweerde oortreders so met haar “aangegaan” het na die voorval. Sy besef egter nou dat dit nie haar skuld was nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy noem dat sy ook skrikkerig is wanneer haar seunsvriend aan haar vat en skrik as hy	Sy ervaar steeds kwaadgevoelens wat haar verbind met beweerde oortreders. Die

haar 'n drukkie gee. Volgens haar weet hy van die voorval maar word soms kwaad vir haar dan raak sy stil.	voorval is nog op haar voorgrond. Sy toon weerstand om terug te gaan skool toe en het begin werk.
---	---

### 7.6.3.15 Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Sintuie van my liggaam”, (sien punt 6.2.2.3.). Volgens Blom (2004:19) is gesonde kontak die individu se vermoë om kontak met die omgewing te maak deur gebruik te maak van haar sintuie, bewustheid van en die geskiktheid van haar liggaam, die vermoë om emosies op ‘n gesonde manier uit te druk en die gebruik van intellek op verskeie maniere om idees, denke en behoeftes uit te druk.

**Tabel 7.55: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Mischka Beukes**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek en versorg.	Mischka noem dat sy skrikkerig gevoel het voor die voorval weens die inligting wat sy gekry het met behulp van haar sintuie, maar sy het haar telkens verseker dat die saalbyeenkoms al seker verby is en dat die kinders gaan opkom klas toe.
Sy maak goeie oogkontak. Sy kom in ‘n ligte luim voor. Sy druk haar opinies selfversekerd uit.	Voor die voorval het sy geruik dat die beweerde oortreder dagga rook en volgens Mischka was sy bang dat haar onderwysers sal dink dat sy ook dagga gerook het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mischka mis haar skool en onderwysers.	Geen weerstand om te praat oor watter inligting sy ontvang het met behulp van haar sintuie voor die voorval nie.
	Op Mischka se voorgrond is die bespreking oor watter inligting sy ontvang het met haar sintuie voor die voorval.

### 7.6.3.16 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die bespreking van die eienskappe van ‘n goeie verhouding en die hartsnaaraktiwiteit, (sien punt 6.2.5.1.).

**Tabel 7.56: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Mischka Beukes**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
---	---

Sy is mooi aangetrek en haar hare lyk mooi.	Mischka noem dat geen verhouding slegs op liefde kan oorleef nie en dat ander aspekte soos respek 'n groot rol speel.
Mishcka skryf op die hartsnaaraktiwiteit in dat haar broer en ouma die naaste aan haar is, en in die volgende hartsnaar ook naby aan haar, is haar ouers, suster en vriende.	Mischka wil baie graag gaan werk by "Hands"
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Volgens Mischka beskik haar verhouding met haar ouma oor die eienskappe van 'n goeie verhouding.	Op Mischka se voorgrond is haar oupa wat na bewering alkohol misbruik en dat dit haar ouma se gesondheid benadeel.
Volgens Mischka het sy nie 'n goeie verhouding met haar oupa nie, want hy misbruik alkohol en sy vriende misbruik hom deur sy geld te gebruik. Sy gedrag benadeel volgens Mischka haar ouma se gesondheid.	Weerstand om terug te gaan skool toe; sy wil gaan werk.
Volgens Mischka is sy en haar vriende soos 'n "company", hulle doen dinge saam.	

### 7.6.3.17 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: "Kleivoorstellings", (sien punt 6.2.1.8.). Klei stel die adolessent in staat om kreatief te wees en laat die adolessent toe om 'n wye verskeidendheid emosies uit te druk (Oaklander, 1988:69).

**Tabel 7.57: Kwalitatiewe data van sessie twintig**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Mishcka kom gelukkig voor. Sy doen moeite met haar voorkoms en trek mooi aan.	Mischka noem dat sy bangerig voel vir die komende hofsak.
Sy maak 'n vrugtemandjie met klei in om gelukkig uit te beeld.	Sy verduidelik dat 'n vrugtemandjie as 'n geskenk aan iemand gegee kan word en die persoon gelukkig kan laat voel.
Sy maak twee groot en twee klein rotse om hartseer uit te beeld.	Sy verduidelik dat mens nie jou gevoelens moet opkrop nie en selfs met die natuur kan praat en uiting aan gevoelens gee.
Sy maak twee slange.	Sy vertel van 'n televisieprogram oor slange.
Sy maak 'n driehoek om kwaad uit te beeld.	Sy verduidelik dat leuens haar kwaad maak asook as mense steel.
	Mishcka noem dat probleme nie vanself weggaan nie en dat dit meer effektief is indien jy dit in die gesig staar en hanteer.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Goeie verhouding met vriende.	Op Mischka se voorgrond is dat 'n persoon jou probleme in die gesig moet staar en moet hanteer.
	Geen weerstand tydens sessie nie.

**7.6.3.18 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.**

Die beweerde oortreder het vir Mischka in die straat toegesnou dat hy haar gaan vermoor as hy haar kry. Sy spreek die wens uit dat hy deur die polisie gewaarsku moet word. Volgens Fox (1996:6) is 'n traumatiese komponent van seksuele misbruik die magteloosheid wat deur die kind ervaar word, aangesien sy totale onvermoë om die oortreder se gedrag te beïnvloed, ervaar. Mischka verduidelik dat sy besluit het om die saak terug te trek, weens haar ma se gesondheid, pyn wat sy op haar hart kry, en omdat dit een van die dae Kersfees is. Volgens Mischka wil sy aangaan met haar lewe, maar die beweerde oortreder maak dit nie moontlik indien hy in die straat al die goed aan haar skree nie.

**Tabel 7.58: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Mischka.**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Michelle lyk ongelukkig en hartseer terwyl haar tante vertel van die beweerde oortreder se ma se besoek aan hulle. Sy vermy oogkontak.	Mischka vertel dat ma haar "uitgeskel" het en gesê het: "...jy moet terug fok skool toe". Sy noem dat sy voel: "...kan ek nie doodgaan nie," as haar pa vloek. Volgens Mischka "skel" hy soms dat sy nie sy kind is nie en dan dink sy sommer baie goed.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die een beweerde oortreder het Mischka lelike name en woorde toegesnou in die publiek.	Op Mischka se voorgrond is die verhoudingsprobleme tussen haar en haar pa.
Verhoudingsprobleme tussen Mischka en haar pa. Haar neef is oorlede.	Die voorval met die beweerde oortreder in die straat is ook op haar voorgrond.

**7.6.3.19 Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.**

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: "Vertroue", (sien punt 6.2.4.2.). Die impak van verraad is baie keer uitermatige woede, wat net so vreesaanjaend deur die kind ervaar kan word as deur ander op wie die adolessent haar woede uithaal (Bannister, 1998:12).

**Tabel 7.59: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Mischka hou daarvan om haar opinies uit te druk en te gesels oor wat gebeur het gedurende die week. Heeltemal in kontras	Sy vertel dat daar 'n begrafnis was en druk haar teleurstelling in die mense uit wat drink na 'n begrafnis.

met hoe sy aanvanklik voorgekom het, sy was toe baie stil en het min oogkontak gemaak.	
Goeie energievlakke en oogkontak.	Volgens Mischka is vertrou vir haar wanneer sy haar hart op iets sit (risiko loop om dit te doen) en om te glo in die ander persoon. Mischka identifiseer drie van haar vriende as die persone wat sy vertrou en verduidelik waarom sy hulle vertrou.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mischka het drie goeie vriende wat sy vertrou.	Op Mischka se voorgrond is 'n meisie in die straat wat haar uitvloek sonder rede.
Daar is 'n meisie wat in dieselfde straat as hulle woon wat Mischka gevloek het sonder 'n verklaarbare rede.	Geen weerstand tydens sessie nie.

### 7.6.3.20 Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Die Liefdestale,” (sien punt 6.2.5.3.). Sy voel dat fisiese aanraking nie vir haar so belangrik is nie, maar solank die drukkie uit liefde gegee word en nie met ander bybedoelinge nie.

**Tabel 7.60: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy maak goeie oogkontak en druk haarself goed verbaal uit.	Mischka maak die stelling: “My hart verlang om skool toe te gaan.” Mischka sê sy voel dat haar broer vir haar part ook leer by die skool wanneer hy sy skoolklere aantrek.
Sy toon belangstelling en neem aktief deel aan besprekings.	Volgens Mischka het sy na die voorval gevoel sy wil net doodgaan, maar die navorser en familielid het haar daardeur gehelp.
Sy kom minder kwesbaar voor en is meer in staat om vir haarself op te staan.	Sy noem dat wat die beweerde oortreders teenoor haar gedoen het, verkeerd was.
	Sy identifiseer kwaliteittyd as haar primêre liefdestaal.
	Volgens Mischka word sy nie meer so gou kwaad soos altyd nie, maar wanneer sy kwaad word, sê sy goed wat sy nie bedoel nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy het met die suster by die kliniek gepraat oor die moontlikheid van aandskool en sal dit oorweeg.	Sy toon steeds 'n hunkering om terug te gaan skool toe, maar weens haar weerstand, wil sy eerder aandskool oorweeg.
	Haar behoefte om skool toe te gaan is steeds op haar voorgrond.

**7.6.3.21 Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes.**

Volgens mev. Beukes praat Mischka nou met haar wanneer iets haar pla en noem dat Mischka nou ontwikkel het in 'n tiener. Sy toon begrip dat tieners eksperimenteer, maar sy noem dat sy vir Mishcka vertrou. Mev. Beukes is van mening dat Mishcka 'n nuwe begin by 'n nuwe skool moet maak. Volgens mev. Beukes het Mischka die beweerde oortreder van die eerste saak se vrou geklap toe die vrou haar gevloek het. Sy het Mischka na die vrou geneem om om verskoning te vra en het vir haar verduidelik dat geweld niks beter maak nie. Mischka is stiller wanneer haar moeder by is. Mischka spreek die wens uit om liewer na die aandskool te gaan.

**7.6.3.22 Verloop van sessie vyf-en-twintig en ses-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.**

Die navorser betrek Mischka tydens sessie vyf-en-twintig by die aktiwiteit: "Weersverslag", (sien punt 6.2.1.7.). Die navorser gee aan Mischka die geleentheid om te ventileer oor haar gevoelens rondom haar vriend wat oorlede is. Sy geniet die kralewerk wat sy doen en haar vriendin verkoop dit by die skool. Sodoende maak hulle almal sakgeld waarmee hulle nou 'n krans kan koop vir haar vriend se begrafnis. Tydens sessie ses-en-twintig betrek die navorser Mischka by die aktiwiteit: "Hantering deur die professionele persone," (sien punt 6.2.3.9.).

**Tabel 7.61: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Mishcka Beukes**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy maak goeie oogkontak, het egter oogkontak vermy toe sy praat oor die begrafnis van haar vriend wat vir haar 'n moeilike ervaring was.	Sy vertel eerste van haar ervaring met die ondersoekbeampte en gee haar tien uit tien vir haar optrede. Sy het ook 'n baie goeie ervaring ten opsigte van haar eerste rapport, haar juffrou. Mischka gee haar ook tien uit tien vir haar optrede. Haar ervaring van die terapie is ook positief en sy gee die navorser ook 10 uit 10. Sy gee die staatsaanklaer nege uit tien.
Sy vertel navorser van haar vriend se begrafnis en lyk hartseer daarvoor. Sy noem dat hulle hom mis en dat hulle Sondagaand by sy ma was.	Sy noem dat sy bang was toe sy na die polisiestasie gegaan het. Mischka noem dat sy die dokter moes gaan sien het na die voorval ten einde medikasie te kry vir die beskerming teen seksueel oordraagbare



	siektes asook vir bewyse vir die hofsak.
	Sy noem dat haar juffrou en die terapeut se hantering van die saak haar gelukkig laat voel het.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Een van haar beste vriende is oorlede in 'n motorongeluk.	Weerstand om terug te gaan skool toe.
Mischka se ervaringe met die polisie, dokter, staatsaanklaer en terapeut was positief.	Die begrafnis van Mischka se vriend is op haar voorgrond.

### 7.6.3.23 Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteite: "Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens?" en "Die verkeersligaktiwiteit," (sien punt 6.2.4.4 en 6.2.4.5.). Slagoffers van seksuele misbruik het 'n geneigdheid om woede te ignoreer of om uit te bars en te reageer wat beide die slagoffers en ander om hulle kan seermaak (Knauer, 2000:83). Volgens Mischka kan sy in die toekoms eerder stilbly en wegloop, vir iemand gaan vertel wat haar kwaad gemaak het of tuin gaan skoonmaak wat haar sal help kalmeer.

**Tabel 7.62: Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Mishcka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Haar gesig verhelder en sy lyk opgewonde toe sy vertel van die wetenskapboek wat sy gelees het.	Mischka vertel opgewonde van die wetenskapdagboek wat haar ma vir haar gekoop het met inligting van diere.
Sy maak goeie oogkontak, neem aktief deel aan bespreking en toon belangstelling in die aktiwiteite.	Sy erken dat sy soms haar kwaadgevoelens op onaanvaarbare maniere uitdruk, byvoorbeeld deur passief op te tree, of om te slaan of om te eet.
Sy is in 'n ligte gemoedstoestand.	Volgens Mischka raak sy stil, speel met haar naels of kuis sy haar arms, wanneer sy begin kwaad word.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die navorser het meer inligting oor die aanskool aan Mischka gegee.	Toon weerstand om terug te gaan skool toe.
	Op Mischka se voorgrond is om 'n werk te kry.

### 7.6.3.24 Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by bespreking van die aktiwiteit: "Afspraak verkragting," (sien punt 6.2.5.6.).

**Tabel 7.63: Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Mischka Beukes**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Mischka lyk teleurgesteld toe die navorser terminering met haar bespreek.	Volgens Mischka is dit belangrik om 'n tyd vas te stel met jou familie wanneer jy op 'n afspraak gaan en wanneer jy sal terugkom.
Haar energievlakke en gemoed lig weer tydens bespreking van die aktiwiteit. Sy was aanvanklik bietjie afgehaal oor die pos wat reeds gevul was, waarvoor sy wou aansoek doen.	Volgens haar is dit ook belangrik dat jy reëlings met jou ouers moet tref oor waarheen jy gaan. Volgens Mischka kan jy ook met iemand reël om jou te kom haal in plaas daarvan dat die ou jou terugneem, want dan kan hy nie allerhande draaie ry nie.
	Mischka noem dat “dit” wat sy oorgekom het, haar ook baie geleer het. Sy noem dat sy nie drink en rook nie en dat sy baie ingestel is daarop hoe mense na hulle kinders kyk.
	Sy noem dat dit haar baie kwaad maak as mense wat onder die invloed van drank is, dink dat hulle altyd reg is.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy was teleurgesteld toe sy uitvind dat die pos waarvoor sy wou aansoek doen, reeds gevul is.	Weerstand om terug te gaan skool toe. Op Mischka se voorgrond is haar soektog na werk.

#### 7.6.3.25 Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes.

Die beweerde oortreder van die vorige seksuele-misbruiksaak was na bewering onder die invloed van alkohol en het na hulle huis gekom waarna 'n bakleiery ontstaan het. Dit is by die polisie gerapporteer. Michelle was gelukkig nie daar nie.

**Tabel 7.64: Mischka se huidige funksionering volgens mev. Beukes**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Na voorval.	Maagpyn, diarree en kla van knop op die maag (spanning).
	Huidig.	Gesondheid is goed.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Na voorval.	Konsentrasie swak. Stil, teruggetrokke en onttrek. Raak gou kwaad. Hartseer en bang om alleen te loop.
	Huidig.	Geen kommer nie. Mischka is 'n introvert, haar ma spreek die wens uit dat sy meer spraaksam moet wees.
<b>Interpersoonlike</b>	Na voorval.	Toon tekens van onttrekking. Verhouding met moeder

<b>verhoudings:</b>		verswak na voorval weens Mischka wat onttrek. Skrikkerig vir mans. Gevoelens van stigmatisasie.
	Huidig.	Verhouding met haar vriende en moeder is goed. Haar moeder het begrip vir haar ontwikkelingsfase en is self nie skaam om as moeder te erken as sy iets verkeerd gedoen of gesê het nie.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Na voorval.	Geen. Misbruik nie dwelms of alkohol nie.
	Huidig.	Raak nie meer so erg kwaad nie en was nog nie weer betrokke in 'n bakleiery nie. Geen huidige kommer nie.
<b>Kognisie:</b>	Na voorval.	Nagmerries.
	Huidig.	Geen probleme nie.
<b>Seksualiteit:</b>	Na voorval.	Skrikkerig vir mans.
	Huidig.	Geen probleme nie.
<b>Skoolprestasie:</b>	Na voorval.	Weerstand om terug te gaan skool toe.
	Huidig.	Het skool verlaat weens voorval. Doen kralewerk.
<b>Voorval inligting:</b>	Huidig.	Sy het saak tydelik teruggetrek. Die beweerde oortreders pla haar nie en groet ordentelik wanneer hulle haar sien.
<b>Dissipline:</b>	Na voorval.	Gehoorsaam.
	Huidig.	Gehoorsaam.
<b>Gesinslewe:</b>	Na voorval.	Pa misbruik dwelms. Ouers staan haar goed by dwarsdeur proses.
	Huidig.	Gaan goed. Ouers staan haar goed by dwarsdeur proses.


#### 7.6.3.26 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Mischka se selfpersepsie en trauma-dinamika soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Mischka se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het daarop getoon dat Mischka se

selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.


Mishcka se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 18% en haar vorige telling tydens die voortoets was 55%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Al Mishcka se selfpersepsietotale het goed afgeneem en almal behalwe haar angstigheidtelling is onder die aanbevole gebied. Haar angstigheidtelling het afgeneem vanaf 59 na 40, en dui dus nog op 'n behoefte vir verandering aan. Die navorser skryf haar hoë angstigheidtelling daaraan toe dat sy voorheen al 'n slagoffer van seksuele misbruik was, waartydens twee mans (bekend aan haar), haar op straat vasgehou en betas het. Die laaste voorval van seksuele misbruik het by die skool plaasgevind. Met ander woorde sy was telkens 'n slagoffer van seksuele misbruik by plekke waar ander aanneem 'n persoon veilig sal wees, naamlik in die publiek en by die skool. Sy is daarom steeds bang om alleen rond te loop weens bogenoemde redes en ook omdat sy die beweerde oortreders kan raakloop, asook om te getuig in die hangende hofsake. Mischka se vorige hofsak kom komende Maandag voor. Die saak teen die skoolseuns het sy tydelik teruggetrek.

**Figuur 7.5: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie**



Mischka se huidige algehele Traumadinamika-puntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 10% en haar vorige telling tydens die voortoets was 44%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Mischka se trauma-dinamika-totale het baie goed afgeneem, en almal is onder die aanbevole gebied. Daar is 'n goeie verbetering in haar hulpeloosheidtelling.

**Figuur 7.6: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika**



### 7.6.3.27 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindings komplementeer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die speltherapieprogram Mischka se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Mischka het tydens aanvang van terapie meestal oogkontak verbreek, teruggetrokke voorgekom en stil gebly en afgekyk wanneer bedreigende aspekte bespreek is. Sy was hulpeloos en gefrustreerd met haar situasie, en het ambivalente gevoelens ervaar ten opsigte van haar skoolopleiding. Aan die een kant wou sy graag teruggaan, maar aan die ander kant het sy baie weerstand getoon om terug te gaan.

Na afloop van dienslewering, was Mischka baie spontaan en het dadelik die navorser ingelig omtrent gebeure in haar lewe. Sy het 'n finale besluit geneem om nie terug te gaan skool toe nie, maar het kralewerk vanaf die huis begin doen en het dit verkoop. Mischka se familie het haar deurgaans ondersteun na onthulling en sy het verantwoordelikheid geneem deur getrou haar terapeutiese sessies by te woon. Die onderhoude met mev. Beukes het ook daarop gedui dat Mischka positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Mischka toon huidig geen gedragsprobleme nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Mischka en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel en om te bepaal of dit steeds goed gaan met Mischka. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Mischka en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur beleid. Beide Mischka se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Mischka se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

#### **7.6.4 Biografiese inligting van gevallestudie vier: Gillian Johnson**

**Naam van die adolescent:** Gillian Johnson

**Kultuurgroep:** Kleurling

**Ouderdom:** 15 jaar oud

**Geslag:** Vroulik

**Aantal kinders in die gesin:** Vier

**Huistaal:** Afrikaans

##### **7.6.4.1 Agtergrondinligting van Gillian Johnson**

Gillian is in haar tante se sorg op 'n privaatreëling. Sy het by haar ma vir die naweek gaan kuier toe die voorval plaasgevind het. Sy en haar vriende het iemand gaan soek by 'n smokkelhuis. Teen halfagt die aand het sy haar vriende daarop gewys dat sy huis toe moet gaan. Hulle het saam met haar gestap tot by die stalletjies en sy moes van daar af alleen tot by die huis stap. Twee mans het agter haar aangeloop en die een het haar teruggeruk. Hulle het haar na 'n veldjie geneem waar een haar verkrag het. Hy het haar ook geskop. Hulle het drank in haar mond gegooi en 'n sigaret in haar mond gedruk. Sy het haar ma vertel wat gebeur het toe sy by die huis kom.

**7.6.4.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Gillian volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Gillian se voog, mev. Koen.**

Mev. Koen gee skriftelike toestemming vir Gillian se deelname aan die navorsing.

**Tabel 7.65: Agtergrondgeskiedenis van Gillian Johnson**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Ontwikkelingsgeskiedenis:</b>	Ma en stiefpa uitmekaar. Ma begin drink.	Gillian en suster kom woon by hulle tante.
	Swangerskap was onbeplan, moeder was nie gelukkig daarvoor nie.	Gillian ken nie haar pa nie
	Normaal geboorte geskenk.	Goed verloop.
	Geen ongelukke of vorige tramatiesse gebeure nie.	Geen.
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Voor voorval.	Goed.
	Na voorval.	Probleme om te slaap.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Voor voorval.	Sterk persoonlikheid.
	Na voorval.	Tekens van onttrekking, stiller en hartseer. Gillian het die opmerking gemaak: "Ek is nie meer lus om te lewe nie." Gillian ervaar skuldgevoelens.
<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Voor voorval.	Gaan kuier by ma naweke.
	Na voorval.	Tekens van onttrekking. Gaan nie meer na ma naweke nie omdat voorval in daardie gebied plaasgevind het. Min vriende. Stigmatisasie, Gillian voel die mense kyk na haar na die voorval en sy voel anders as ander kinders.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Voor voorval.	Gehoorsame kind.
	Na voorval.	Gehoorsame kind.
<b>Kognisie:</b>	Voor voorval.	Geen probleme nie.
	Na voorval.	Nagmerries.
<b>Seksualiteit:</b>	Voor en na voorval.	Praat oor seksualiteit. Geen probleme nie.
<b>Skoolprestasie:</b>	Voor voorval.	Vorige skoolverslag was nie goed nie.
	Na voorval.	Skoolbywoning is goed.
<b>Voorvalinligting:</b>	Voorval.	Sy en Gillian het nog nie oor voorval inligting gepraat nie.
<b>Dissipline:</b>	Voor en na voorval.	Sy raas en hok Gillian

		wanneer sy ongehoorsaam is.
<b>Gesinslewe:</b>	Voor voorval.	Gelukkige by haar tante.
	Na voorval.	Gelukkig by haar tante. Haar ma moet nou by haar kom kuier, want Gillian wil nie meer na die gebied gaan waar die voorval plaasgevind het nie.

#### 7.6.4.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Gillian Johnson.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Individuele terapie is relevant om gesonde verhoudingsinteraksies te modelleer en sodoende die adolessent met ‘n meer optimistiese siening van die potensiaal van menslike verhouding te voorsien (Gil, 1996:188).

**Tabel 7.66: Kwalitatiewe data van sessie een met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Gillian is aanvanklik stil en kom skaam voor, maar glimlag vriendelik.	Volgens Gillian was die jaar wat haar ma en stiefpa getrou het, ‘n slegte jaar, want haar ma het alkohol misbruik.
Sy ontspan gou tydens aktiwiteit en gee spontaan inligting.	Dit is vir haar sleg dat haar ma in die Xhosa-woonbuurt bly en sy wil weens die voorval nie meer na daardie gebied gaan nie.
Goeie oogkontak.	Sy gee baie nie-bedreigende inligting van die verskillende skole wat sy al bygewoon het.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Goeie verhouding met haar tante by wie sy woon.	Gillian toon weerstand om na die gebied te gaan waar haar ma woon omdat die voorval daar plaasgevind het. Dit is ook op haar voorgrond.
	Sy ervaar negatiewe gevoelens en wantroue teenoor swartmense omdat die beweerde oortreders swartmense was.

#### 7.6.4.4 Verloop van sessie twee en drie. Teenwoordig: Gillian Johnson.

Voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Voltooi die vraelys se vrae aanvanklik stadig en deurdink eers die vrae voordat sy dit antwoord. Ten einde ‘n effektiewe terapeutiese intervensie te struktureer, is dit noodsaaklik dat die terapeut moet begin met ‘n begrip vir die sielkundige impak van die seksuele misbruik op die individuele kind (Killian & Brakarsh, 2004:367). Gillian spreek die wens uit dat die voorvalinligting nie met haar tante gedeel moet word nie. Die navorser betrek Gillian



tydens sessie drie by die aktiwiteit: “Liggaamgevoelens,” (sien punt 6.2.1.5.). Gillian is ontsteld oor ‘n familielid wat vir ander mense van die voorval vertel het. Dit voel nou vir haar of ander mense vir haar kyk. Stigmatisasie verwys na die negatiewe konnotasies wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervaringe wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld (Webb, 1999:110).

**Tabel 7.67: Kwalitatiewe data van sessie drie met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Haar hare is mooi versorg.	Gelukkig. As ek by my vriende en as ek by my familie is.
Sy maak oogkontak.	Hartseer. Oor dit wat gebeur het.
Alhoewel sy soms sku en skugter voorkom, is daar tog ook 'n selfversekerde sy van Gillian wat deurskemer.	Kwaad. Sy verduidelik dat haar nefie se vrou vir almal op die plaas vertel het van die voorval. Daar is een meisie in haar skool van daardie plaas wat haar nou aankyk asook die meisie se vriende.
Sy sal nie spontaan net praat en vertel van gebeure nie, maar reageer goed op vraagstelling.	Skuldgevoelens. Dat ek nie my vriende vertel het nie, want ek is bang hulle vertel weer vir iemand anders.
Haar oë het bietjie tranerig geword tydens bespreking van gevoelens, toe sy kontak maak met haar gevoelens.	Bekommerd. Gaan hulle (beweerde oortreders) gevang word?
	Spyt. Spyt ek het na my ma gegaan daardie naweek.
	Bang. Vir die mense wat dit gedoen het.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy was by die hospitaal vir haar opvolg MIV-bloedtoets.	Op Gillian se voorgrond is die voorval en stigmatisasie.
Sy bly nie in dieselfde gemeenskap as die beweerde oortreders nie, want die voorval het in ‘n ander woongebied plaasgevind.	Weerstand dat enige iemand van die voorval moet praat, weens haar vrees vir stigmatisasie.

#### 7.6.4.5 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “Gunsteling dinge” en “My naam,” (sien punt 6.2.3.2 en 6.2.3.3.). Die navorser betrek haar by bespreking oor haar naam. Een van die gevolge van seksuele misbruik is ‘n lae selfbeeld en ‘n gevoel van waardeloosheid (Doyle, 1994:209).

**Tabel 7.68: Kwalitatiewe data van sessie vier met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy kom meer op haar gemak, spontaan en vrolik voor. Goeie oogkontak.	Sy noem ook dat sy belangstel in “fashion” en graag eendag in daardie lyn wil gaan werk. Sy hou van haar naam, want dit is anders.

Dit was asof die navorser 'n deurbraak gemaak het ten opsigte van die terapeutiese verhouding. Sy is spontaan en het opgewonde deelgeneem aan bespreking van die aktiwiteite.	Sy onthou dat sy baie sleg gevoel het en kwaad geword het toe die kinders haar geterg het. Die kinders het haar "Thandi" genoem na 'n kuns-en-kultuur opvoering oor die "cremora" advertensie. Sy het nie daarvan gehou nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy sal gaan uitvind na wie sy vernoem is en wie haar naam gekies het.	Op haar voorgrond is die aktiwiteite en vrae ten opsigte van haarself.
	Geen weerstand tydens sessie ervaar nie.

#### 7.6.4.6 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser en Gillian besoek die hof, vir hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Om getuie te lewer by die hof is 'n stresvolle ervaring vir 'n getuie (Müller, 2000:68).

**Tabel 7.69: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy kom in 'n ligte luim voor.	Gillian spreek die wens uit om in die kindervriendelike kamer te getuig indien sy moet getuig.
Gillian is nie 'n kind wat sommer net spontaan sal praat nie, maar vandag het sy vir die eerste keer spontaan iets vir die navorser van haar sussie vertel.	Sy skryf: "Ek is bang die twee mans gaan nie gevang word nie," en "Ek is bekommerd dat hulle nie die nagevolge sal dra nie." en "Ek is senuweeagtig omdat ek nog nooit in die hof betrokke was met enige iets nie."
Sy is pragtig aangetrek. Gillian is stil, maar reageer goed op direkte vraagstelling.	
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy en haar ouma gaan by familie in die Paarl kuier die komende vakansie.	Op voorgrond is haar vraag of die beweerde oortreders gearresteer is.
Besoek die hof.	Weerstand om in die oop hof te getuig.

#### 7.6.4.7 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: "Onvoltooide sinne," (sien punt 6.2.3.4.). Sy ervaar egter skaamgevoelens oor die voorval. Een van die emosies wat slagoffers van seksuele misbruik ervaar en wat dikwels voorkom, is skaamte (Williams & Poijula, 2002:116).

**Tabel 7.70: Kwalitatiewe data van sessie ses met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Gillian lyk teleurgesteld toe die navorser haar inlig dat die beweerde oortreders nog nie	"Ek is gelukkig," "Ek voel reg om aan te gaan met my lewe" en "Ek weet ek kan my

gearresteer is nie.	skoolloopbaan voltooi.”
Gillian kom oor die algemeen gelukkig voor en is mooi versorg.	“My gevoelens word seergemaak wanneer mense agter my rug praat.”
	“Ek voel veilig wanneer ek in die huis, saam met my familie is” en “Ek is bly om ek te wees, want ek is lief vir myself.”
	“Ek voel skaam wanneer mense my vra oor wat gebeur het” en “Niemand verstaan die situasie nie.”
	“Wanneer ek groot is, wil ek ver van my familie af bly, en my eie probleme oplos en nie na my familie hardloop nie.”
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Gillian het ‘n baie lekker vakansie by haar familie in die Paarl gehad.	Op haar voorgrond is die ondersteuning wat sy ontvang van haar vriende en familie.
Sy skryf in die onvoltooide sinne dat haar ma ‘n lieflike mens is.	Geen weerstand tydens sessie nie.

#### 7.6.4.8 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by bespreking van die aktiwiteit: “Meryl se storie,” (sien punt 6.2.4.1.). Gillian noem dat sy skuldgevoelens ervaar het weens haar kleredrag die aand van die voorval. Slagoffers van seksuele misbruik voel baie keer verantwoordelik vir die seksuele misbruik en blameer hulleself (Conradie, 2000:12).

**Tabel 7.71: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Gillian lyk in ‘n goeie gemoedstoestand.	Gillian noem dat sy skuldgevoelens ervaar het weens haar kleredrag die aand van die voorval.
Sy praat openlik met die navorser oor die impak wat die seksuele misbruik op haar gehad het.	Sy ervaar probleme om seuns te vertrou. Volgens Gillian het sy aanvanklik onttrek en het gehuil na die voorval, maar nie nou meer nie.
Sy kom selfversekerd voor en gee erkenning aan haar vordering en heling tot op datum.	Volgens Gillian het sy die seksuele misbruik dadelik onthul omdat sy bang was dat sy kan siek word.
	Gillian erken dat sy haar kwaadgevoelens na die voorval op haar sustertjie gerig het.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy sien uit daarna om Desember vakansie weer na haar familie in die Paarl te gaan.	Die impak van die voorval op haar, is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

#### 7.6.4.9 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “Die reaksies van belangrike persone na onthulling van die seksuele misbruik,” (sien punt 6.2.2.1.). Haar ma was die eerste persoon wat sy ingelig het en haar ma het haar geglo. Een van die grootste vrese wat adolessenteslagoffers van seksuele misbruik kan ervaar, is om hulle ouers van die seksuele misbruik te vertel (Benedict, 1994:190). Die navorser betrek Gillian daarna by die aktiwiteit: “Hantering deur die professionele persone,” (sien punt 6.2.3.9.). Sy teken dat sy bly is om na die navorser te kan kom om oor die voorval te kan praat.

**Tabel 7.72: Kwalitatiewe data van sessie agt met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy kom gemaklik voor en in ‘n goeie gemoedstoestand. Goeie oogkontak.	Volgens Gillian het haar ma gesê dat sy nie moet was voor die medies nie. Haar ma het hartseer gelyk. Haar ma het suikerwater vir haar gemaak en het die bure gevra om die polisie te bel, maar hulle het nie lugtyd gehad nie. Hulle het daarom die volgende oggend na die polisiestasie gegaan. Volgens Gillian kon sy nie slaap nie.
Gillian teken dat sy hartseer en bly gevoel het oor haar tante by wie sy bly se reaksie. Sy verduidelik dat sy hartseer gevoel het, want haar tante is “baie oor haar” en dit het haar ook laat hartseer voel omdat haar tante hartseer gevoel het. Aan die ander kant is sy ook bly dat haar tante haar bygestaan het.	Volgens Gillian het haar ma haar vriendin ingelig. Die vrou het dit dadelik geglo en vir Gillian gesê dat sy moet sterk wees en het vertel dat dieselfde met haar al gebeur het. Sy het ook hartseer gelyk en vir Gillian ‘n drukkie gegee en bemoedig.
Kom meer selfversekerd en gemaklik voor as aanvanklik.	Haar tante het dit dadelik geglo en het gesê dat sy nie haar kop daarvoor moet breek nie en dat sy daarvoor sal kom. Sy was hartseer. Sy het die bed reggemaak vir Gillian en het gesê dat sy moet lê.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die belangrike mense in haar lewe het positief reageer en opgetree na onthulling van die seksuele misbruik en was goed vir haar helingsproses.	Op haar voorgrond is die inligting wat tydens die aktiwiteit bespreek is.
Gillian verduidelik spontaan dat haar tante by wie sy bly vir haar soos ‘n ma is en dat haar ma vir haar soos ‘n tante is.	Geen weerstand tydens sessie nie.
Haar vriendin van die Paarl gaan kom kuier.	

#### 7.6.4.10 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “Sintuie van my liggaam,” (sien punt 6.2.2.3.). Gillian het hulpeloosheid ervaar toe die vrouens wie sy om hulp gevra het, haar nie gehelp het nie. Hulpeloosheid verwys na die proses waartydens die kind se wil, begeerte en sin van effektiwiteit heeltemal oortree word (Finkelhor & Brown, 1986:183).

**Tabel 7.73: Kwalitatiewe data van sessie nege met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Gillian is in ‘n ligte luim.	Gillian noem dat sy gesien het dat daar ouens agter haar loop die aand van die voorval en sy het aanvanklik gedink hulle loop ook net êrens heen en het nog “allright” gevoel. Toe hulle egter verby die smokkelhuis geloop het, het een vir haar geroep en sy het gedink dat sy nie gaan reageer nie en was bang.
Gillian gebruik haar sintuie goed en het die aktiwiteite wat die gebruik van haar sintuie getoets het, geniet.	Sy het geruik dat die oortreder na drank ruik en het gedink dat hy onder die invloed van alkohol was en was bang. Toe sy naby haar ma se huis was, het hulle haar vasgehou aan haar arms. Sy het geskree.
	Gillian onthul dat swartmense nie bruinmense help nie. Sy vertel dat daar twee vrouens was en sy het vir hulle gesê dat sy nie die mans ken nie. Die vrouens het vir haar gesê dat sy lieg.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Goeie ondersteuning van haar familie.	Op haar voorgrond is die vrouens wat sy om hulp gevra het en wat nie gehelp het nie.
Haar juffrou is baie tevrede met haar gedrag en skoolwerk.	Gillian toon weerstand om swartmense te vertrou weens die voorval, aangesien die vrouens vir wie sy hulp gevra het haar nie gehelp het nie en die beweerde oortreders was swartmense.

#### 7.6.4.11 Verloop van sessie tien en elf. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser neem Gillian tydens sessie tien vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Sy kom in ‘n ligte gemoedstoestand voor en is mooi aangetrek. Baie slagoffers van seksuele misbruik vrees dat hulle die MIV/VIGS virus kon opgedoen het as gevolg van die seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1997:548). Die navorser betrek Gillian tydens sessie elf by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Gillian vertrou nie die familielid wat ander vertel het van die voorval nie. Die graad van verraad wat die

adolescent ervaar, is nou verwant aan die familie se reaksie op die onthulling (Finkelhor & Brown, 1986:183). Die navorser gee selfbeeldaktiwiteite, (sien punt 6.2.3.5.), aan Gillian om by die huis te voltooi. Trauma kan die positiewe gevoelens wat ‘n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om “sleg” te wees (Williams & Poijula, 2002:162).

**Tabel 7.74: Kwalitatiewe data van sessie elf met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy is opgewonde terwyl sy die navorser omtrent Kerfees en Nuwe jaar inlig.	Gillian noem dat vertrou vir haar beteken dat sy ‘n geheim vir daardie persoon kan vertel, wat dit nie vir ander sal vertel nie.
Sy het ‘n neusring laat inskiet die vakansie.	Gillian noem dat haar ma na aan haar hart is.
Goeie oogkontak en konsentrasie.	Volgens Gillian is die navorser betroubaar.
	Volgens Gillian vertrou sy nie haar neef se vrou nie, want sy het ander vertel van die voorval.
	Gillian noem dat dit ‘n waarskuwingsteken vir haar sal wees indien ‘n persoon ‘n belofte maak en dit nie nakom nie, en ‘n geheim verklap.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Gillian identifiseer haar ma, vriendin en die navorser as die persone wat sy vertrou.	Op Gillian se voorgrond is haar familielid wat ander vertel het van die voorval.
	Geen weerstand tydens die sessie nie.

#### 7.6.4.12 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “My veiligheid,” (sien punt 6.2.1.2.). Gillian vertel dat sy skoene moes gaan koop het in Somerset-Wes en iemand gevra het om saam met haar te gaan omdat sy bang is vir swartmense in die dorp. Die beweerde oortreders was swartmense. Volgens Webb (1999:110) kan angssimptome voorkom as gevolg van die hulpeloosheid wat die slagoffer ervaar.

**Tabel 7.75: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Gillian kom moeg voor vandag weens video-aand, maar gee goeie samewerking, toon opgewondenheid en belangstelling.	Volgens Gillian voel sy veilig by die huis, mall (tussen baie mense), kerk, skool en by haar tante.
Gillian is baie perfeksionisties en presies in die maak van haar ekokaart.	Volgens Gillian is daar “skolliëriges” seuns in die gebied waar haar tante woon en hulle laat haar onveilig voel.
Goeie oogkontak.	Volgens Gillian voel sy baie keer nie veilig in

	Somerset-Wes nie, want daar is baie swartmense.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy het gaan kuier by haar tante en het video's gekyk saam met haar vriende.	Op Gillian se voorgrond is haar vrees vir swartmense na die voorval. Die beweerde oortreders was swartmense.
	Weerstand om alleen dorp toe te gaan, weens haar vrees vir swartmense.

#### 7.6.4.13 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteite: “Nie-verbale gedrag” en “Persoonlike spasie,” (sien punt 6.2.1.6. en 6.2.2.11.). Spel terapie is ‘n hulpinteraksie tussen ‘n opgeleide volwassene en ‘n kind wat poog om die kind se emosionele nood te verlig deur die simboliese kommunikasie van spel (Webb, 1999:30). Die navorser betrek haar daarna by die aktiwiteit: “Kognisie,” (sien punt 6.2.2.8.).

**Tabel 7.76: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Gillian geniet dit om nie-verbaal verskillende gevoelens uit te beeld en bemeester dit.	Volgens Gillian sal sy eers met haar versorgers daarvoor moet praat indien haar vriende vra dat sy saam met hulle na ‘n nagklub moet gaan.
Sy dui aan met hoeveel persoonlike spasie sy gemaklik voel – voor, agter en langs haar.	Volgens Gillian sal sy ontevrede voel indien ‘n persoon oneerlik is tydens ‘n eksamen en sal sy of self met die persoon praat of stilbly.
	Volgens Gillian sal sy bang en kwaad wees indien iemand in hulle huis ingebreek het, en sal sy die polisie bel.
	Volgens Gillian sal sy afgehaal voel indien haar vriendin ‘n kompetisie wen waarin sy ook deelgeneem het, maar sy sal haar vriendin gelukwens.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy het haar ma nie die afgelope twee weke gesien nie.	Op Gillian se voorgrond is haar verjaarsdag.
Sy was die naweek in die Paarl by familie en was by haar niggie se verjaarsdag.	Geen weerstand tydens sessie nie.

#### 7.6.4.14 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die bespreking van die aktiwiteit: “Konflikhantering,” (sien punt 6.2.4.6.). Gillian is van mening dat die situasie jou optrede bepaal.

**Tabel 7.77: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy kom ontspanne en spontaan voor.	Sy vertel dat sy baie goed gedoen het in haar Biologietoets en dat sy hard geleer het. Sy is egter teleurgesteld dat sy haar sessie moes kanselleer om te leer vir die toets.
Sy kom gemotiveerd voor ten opsigte van haar skoolwerk.	Volgens Gillian bepaal die situasie baie keer jou optrede en soms moet jy eerder stilbly soos 'n slak.
Sy het gewig verloor. Die navorser het dit genoem en sy het vertel dat sy moeite doen om gewig te verloor. Sy is nie meer skaam soos tydens aanvang van die sessies nie.	Sy vertel dat 'n meisie haar naam opgeskryf het as iemand wat gepraat het in die klas, maar sy het nie. Sy was kwaad daarvoor. Sy noem: "Ek raak gou kwaad, maar ek oefen selfbeheer uit."
Gillian blyk tevrede te voel met wie sy is.	Volgens Gillian hanteer sy konflik soms soos 'n slak, jakkals en 'n uil.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy het gaan kuier by haar familie en dat sy haar tante gehelp het met die skottelgoed en voorbereiding van die kos.	Op Gillian se voorgrond is haar skoolwerk en prestasies in haar toetse. Geen weerstand tydens sessie nie.

**7.6.4.15 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Gillian.**

Die navorser betrek haar by bespreking van die aktiwiteite: "Boodskappe" en "7de Laan," (sien punt 6.2.3.6. en 6.2.2.6.). 'n Belangrike ontwikkelingstaak van die adolessent volgens Erik Erikson is die vestiging van 'n unieke individuele identiteit (Comunian & Gielen, 2000:407).

**Tabel 7.78: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Gillian Johnson**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy is in 'n ligte gemoedstoestand en kom opgewonde voor oor die seun wat belangstel in haar en oor die positiewe boodskappe wat sy ontvang het.	Haar tante het vir haar gesê dat sy groot geword het en mooi is. Haar ander tante het haar geprys oor haar skoolwerk. Haar niggie het gesê dat haar hemp mooi is.
Mooi aangetrek en versorg.	Volgens Gillian het sy belangrik, gelukkig en goed gevoel toe sy die positiewe boodskappe ontvang het.
Goeie oogkontak.	'n Meisie in die Paarl wat volgens Gillian jaloers is op haar, het gesê dat Gillian haar "hou soos die high tipe." Volgens Gillian het sy sleg gevoel oor wat die meisie gesê het.
	Volgens Gillian het sy mooi maniere, is sy kalm en regverdig, is sy erg oor haar familie, en is sy vrolik, energiek en hulpvaardig.
	Sy erken dat sy soms onbeskof is en dit soms op ander uithaal.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>



Sy was by haar niggie se voorstelling.	Op haar voorgrond is die seun wat in haar belangstel.
Sy vertel opgewonde van 'n seun in die Paarl wat belangstel in haar.	Geen weerstand tydens sessie nie.

#### 7.6.4.16 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Gillian.

Sy maak verskoning dat sy vorige afspraak moes kanselleer weens haar toetsreeks. Die terapeut kan besluit om te termineer indien die kind ingeskakel het by vriende en sosiale aktiwiteite en terapie dan sien as indringing in die aktiwiteite, of wanneer die kind ver genoeg in die terapeutiese proses beweeg het en self verder vordering kan maak en wanneer die kind se gedrag positief verander het volgens die ouers en skool (Geldard & Geldard, 2002:123). Voltooi Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

**Tabel 7.79: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Gillian Johnson**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Op haar gemak.	Sy het besluit om nie sokker te speel nie omdat die sokkeroefening in die aande is en ook omdat sy baie skoolwerk het.
Goeie oogkontak.	Sy is baie positief ingestel op haar skoolwerk
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het haar ma lanklaas gesien, haar ma gaan nou moontlik in die Paarl woon.	Op haar voorgrond is haar toetsreeks en skoolwerk.
Sy gaan Paarl toe vir die vakansie.	Geen weerstand nie.

#### 7.6.4.17 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: mev. Koen, Gillian se voog.

Die navorser gee terugvoer ten opsigte van Gillian se resultate. Mev. Koen is tans baie tevrede met Gillian se funksionering.

**Tabel 7.80: Gillian se huidige funksionering volgens mev. Koen**

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Na voorval.	Probleme om te slaap.
	Huidig.	Geen probleme nie.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Na voorval.	Tekens van onttrekking, stiller en hartseer. Gillian het die opmerking gemaak: "Ek is nie meer lus om te lewe nie." Gillian ervaar skuldgevoelens.
	Huidig.	Gillian is nou vrolik. Sy hou

		daarvan om haarself mooi te maak en het nou die dag grimering aangesit. Sy hou van teken en stel belang in die weermag.
<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Na voorval.	Tekens van onttrekking. Gaan nie meer na ma naweke nie omdat voorval in daardie gebied plaasgevind het. Min vriende. Stigmatisasie, Gillian voel die mense kyk na haar na die voorval en sy voel anders as ander kinders.
	Huidig.	Verhoudings met voog en man is goed. Gillian se moeder toon nie baie belangstelling nie en maak leë beloftes.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Na voorval.	Gehoorsame kind.
	Huidig.	Gehoorsame kind.
<b>Kognisie:</b>	Na voorval.	Nagmerries.
	Huidig.	Geen probleme nie.
<b>Seksualiteit:</b>	Na voorval en huidig.	Praat oor seksualiteit. Geen probleme nie.
<b>Skoolprestasie:</b>	Na voorval.	Skoolbywoning goed.
	Huidig.	Werk hard, positief ingestel skoolwerk het verbeter en doen huiswerk.
<b>Dissipline:</b>	Na voorval.	Sy raas en hok Gillian wanneer sy ongehoorsaam is.
	Huidig.	Gillian probeer hard en gesindheid is positief
<b>Gesinslewe:</b>	Na voorval.	Gelukkig by haar tante. Haar ma moet nou by haar kom kuier, want Gillian wil nie meer na die gebied gaan waar die voorval plaasgevind het nie.
	Huidig.	Gaan goed. Hulle hou daarvan om saam te lag en te spot.


#### 7.6.4.18 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Gillian se selfpersepsie en trauma-dinamika soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Gillian se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het daarop getoon dat Gillian se

selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Gillian se huidige algehele selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsiefaktore) is 28% en haar vorige telling tydens die voortoets was 38%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Meeste van Gillian se selfpersepsietotale het goed afgeneem, haar isolasietelling is onveranderd en haar angstigheiddtelling het toegeneem.

Die navorser skryf haar onveranderde isolasietelling daaraan toe, dat haar moeder nooit die moeite gedoen het om die navorser te kom sien nie, alhoewel afsprake gemaak is. Gillian kon nie meer na die gebied gaan waar haar moeder gewoon het nie, aangesien die voorval daar plaasgevind het. Daar is dus van haar moeder verwag om by Gillian te kom kuier by haar tante (versorger) se huis. Kontak tussen haar en haar moeder het egter al hoe meer afgeneem. Volgens Gillian se versorger maak Gillian se moeder leë beloftes en toon Gillian se moeder nie voldoende belangstelling in haar kinders nie. Die navorser skryf Gillian se toename in haar angstigheiddtelling toe aan haar vrees vir swartmense omdat die oortreders swartmense was. Sy word egter daagliks blootgestel aan swartmense in die dorp, op die taxi's en op besoeke aan plekke. Sy het telkens tydens terapieessie haar vrees vir swartmense gelig. Haar moeder se tekort aan belangstelling en afname in kontak, kan ook bydra tot die toename in haar angstigheiddtelling. Die natoets is ook tydens Gillian se toetsreeks afgeneem, en sy is baie daarop ingestel dat haar skoolwerk moet verbeter en sy wil goed doen en slaag.


**Figuur 7.7: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie**



Gillian se huidige algehele Trauma-dinamika-puntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 23% en haar vorige telling tydens die voortoets was 39%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Al Gillian se trauma-dinamika-totale het afgeneem, alhoewel sommige steeds bo die aanbevole gebied is. Moontlik verklarings waarom haar hulpeloosheid, houding-teenoor-volwassenes en wantrouetelling steeds bo die aanbevole gebied is, kan as volg deur die navorser verklaar word, naamlik:

- Die volwasse vrouens wat sy om hulp gevra het tydens die voorval, het haar nie gehelp nie,
- Haar moeder toon volgens Gillian se tante min belangstelling in haar kinders en kontak tussen Gillian en haar moeder het afgeneem,
- Gillian vertrou nie swartmense nie, aangesien die beweerde oortreders swartmense was asook die volwasse vrouens wat haar nie gehelp het toe sy hulle gevra het nie.

**Figuur 7.8: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika**



#### **7.6.4.19 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge**

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Gillian se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Gillian het tydens aanvang van terapie meestal teruggetrokke en stil voorgekom. Sy sou goed reageer op direkte vraagstelling, maar het nie spontaan enige iets vertel nie. Haar tante het ook genoem dat Gillian net na die voorval stil was, tekens van onttrekking getoon het en probleme ervaar het om te slaap.

Na afloop van dienslewering, was Gillian baie spontaan en het die navorser spontaan ingelig van gebeure in haar lewe. Sy het baie meer selfversekerd voorgekom en was baie gemotiveerd ten opsigte van haar skoolwerk. Gillian se tante en oom (versorgers) het haar deurgaans ondersteun na onthulling en sy het verantwoordelikheid geneem deur getrou haar terapeutiese sessies by te woon. Die onderhoud met mev. Koen het ook daarop gedui dat Gillian na afloop van terapeutiese dienslewering positiewe veranderinge getoon het en nie meer probleme ervaar om te slaap nie. Volgens mev. Koen is Gillian nou vrolik, positief ingestel op haar skoolwerk en toon huidig geen gedragsprobleme nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Gillian en haar tante, mev. Koen, gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel en om te bepaal of dit steeds goed gaan met Gillian. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Gillian en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Beide Gillian se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Gillian se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

#### **7.6.5 Biografiese inligting van gevallestudie vyf: Natalie Bruwer**

**Naam van die adolessent:** Natalie Bruwer

**Kultuurgroep:** Kleurling

**Ouderdom:** 15 jaar oud

**Geslag:** Vroulik

**Aantal kinders in die gesin:** Vier

**Huistaal:** Afrikaans

### 7.6.5.1 Agtergrondinligting van Natalie Bruwer

Natalie se moeder het vir Natalie na die winkel gestuur om kerse te gaan koop. ‘n Uitgebreide familielid het vir Natalie langs die pad gekry en haar met ‘n mes gedwing om saam met hom te gaan. Hy het haar na ‘n hokkie geneem waar hy haar verkrag het. Hy het haar die nag daar gehou en weer die oggend vroeg verkrag. Die beweerde oortreder het vir Natalie gesê dat sy vir haar ma-hulle moet lieg en dat sy moet sê dat sy by ‘n vriend was. Natalie het dadelik onthul wat gebeur het toe sy by die huis kom.

### 7.6.5.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Natalie volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Natalie se moeder, mev. Bruwer.

Mev. Bruwer gee skriftelike toestemming vir Natalie se deelname aan die navorsing.

**Tabel 7.81: Agtergrondgeskiedenis van Natalie Bruwer**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Ontwikkingsgeskiedenis:</b>	Natalie het vanaf driejarige ouderdom tot vanjaar by haar tante gewoon.	Sy het elke tweede naweek kontak met haar ma gehad. Sy wou terugkom na haar ma nadat sy en haar tante ‘n uitval gehad het.
	Swangerskap was onbeplan, Natalie se biologiese pa het mev. Bruwer beskuldig dat iemand anders die pa is.	Mev. Bruwer het hom aangegee vir onderhoud en hy het betaal totdat mev. Bruwer weer getrou het.
	Normaal geboorte geskenk.	Goed verloop.
	Op tweejarige ouderdom het Natalie woedebuie gekry.	Het flou geword. Nie nou meer nie.
	Geen ongelukke of vorige tramatiesse gebeure nie.	Geen.
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Voor voorval.	Goed.
	Na voorval.	Eetlus het verminder en sy voel na van die AZT pille.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Voor voorval.	Geen probleme nie.
	Na voorval.	Natalie kom senuweeagtig voor en wil nie alleen wees nie. Was bang en huilerig na die voorval. Natalie is bang vir die hofsak.

<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Voor voorval.	Geen kommer nie.
	Na voorval.	Tekens van onttrekking, sy is stil. Verhouding met ma is goed en met stiefpa gemiddeld.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Voor voorval.	Gehoorsame kind.
	Na voorval.	Tekens van aggressiewe gedrag. Natalie het eenkeer met 'n mes onder haar kussing geslaap en verduidelik dat dit vir selfverdediging is, sou iemand deur die venster klim.
<b>Kognisie:</b>	Voor voorval.	Geen probleme nie.
	Na voorval.	Geen probleme nie.
<b>Seksualiteit:</b>	Voor en na voorval.	Praat nie oor seksualiteit nie. Geen probleme nie. Mev. Bruwer voel Natalie is nog te jonk om 'n kêrel te hê.
<b>Skoolprestasie:</b>	Voor voorval.	Haar skoolvordering en bywoning was altyd goed, behalwe haar laaste skoolverslag. Mev. Bruwer het haar selfoon afgeneem daarvoor.
	Na voorval.	Na die voorval wou Natalie sommige dae nie skool toe gaan nie. Volgens mev. Bruwer is Natalie nie 'n kind wat sommer net by die huis sal bly nie.
<b>Voorvalinligting:</b>	Voorval.	Mev. Bruwer het Natalie na die winkel gestuur om kerse te gaan koop. Natalie het nie huis toe gekom nie, haar foon was af en mev. Bruwer het besef dat Natalie nooit so optree nie en het die polisie in kennis gestel.
<b>Dissipline:</b>	Voor en na voorval.	Mev. Bruwer hok en neem Natalie se selfoon as strafmetode.
<b>Gesinslewe:</b>	Voor voorval.	Haar man het begin drink.
	Na voorval.	Mev. Bruwer gaan 'n interdik teen die beweerde oortreder uitneem. Haar man drink steeds. Hy word baie kwaad as hy gedrink het en iemand doen iets verkeerd.

### 7.6.5.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer.

Mev. Bruwer ventileer oor die beweerde oortreder wat 'n familielid is en al voorheen kinders seksueel misbruik het. Volgens mev. Bruwer maak die oortreder telkens of hy ontoerekeningsvatbaar is wanneer hy aangekla word van 'n seksuele misbruiksaak. Natalie het verkies om nie vandag oor die voorval te praat nie. Die navorser en Natalie het 'n gedeelte van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool voltooi.

**Tabel 7.82: Kwalitatiewe data van sessie een met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie het moeg voorgekom en het gegaap tydens die sessie.	Volgens Natalie voel sy naer van die "AZT" medikasie.
Natalie kom gemaklik voor by die navorser en gee goeie samewerking.	
Haar energievlakke is laag.	
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Natalie was by die hospitaal vir 'n mediese ondersoek na die voorval.	Op Natalie se voorgrond is die verkragting. Sy toon weerstand om vandag oor die voorval te praat.

### 7.6.5.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Natalie.

Natalie verkies om nie vandag oor die voorval te praat nie en die navorser respekteer die versoek. Volgens Bannister (1998:8) kan gevoelens van hulpeloosheid verhoog word in 'n terapeutiese verhouding wat nie 'n mate van beheer aan die kliënt bied nie. Die navorser betrek Natalie by die aktiwiteit: "Die lewenslyn," (sien punt 6.2.1.1.). Natalie voltooi daarna die res van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

**Tabel 7.83: Kwalitatiewe data van sessie twee met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Kom meer ontspanne voor as tydens die eerste sessie.	Volgens Natalie het sy vanaf driejarige ouderdom tot vanjaar by haar tante gebly.
Sy is mooi aangetrek.	Volgens Natalie het sy op agtjarige ouderdom saam met haar niggies gerook. Sy vertel dat haar niggie die verkeerde vriende gemaak het, wat gedrink het, en haar niggie het skool verlaat.
Sy sit agteroor in haar stoel, maar gee goeie samewerking.	Sy en haar tante by wie sy gewoon het, het 'n uitval gehad omdat sy 'n seun gevry het. Volgens Natalie sal sy nie haar ma sê as sy 'n seun gevry het nie, omdat haar ma voel sy is



	nog te jonk. Volgens Natalie het sy nog net gevry en het sy nog nie seksuele omgang met 'n seun gehad nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy gaan steeds na dieselfde skool, al bly sy nou by haar ma in 'n ander omgewing.	Op haar voorgrond is haar lewensgeskiedenis.
Sy en haar niggie is in dieselfde skool. Die navorser het haar skoolhoof ingelig omtrent haar inskakeling by terapie.	Weerstand om vandag te praat oor die voorval.

#### 7.6.5.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer.

Volgens mev. Bruwer het 'n polisieman die storie van die voorval versprei en het hy gesê dat die beweerde oortreder gaan wegkom. Stigmatisasie verwys na die negatiewe konnotasies wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervaringe en wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld (Webb, 1999:110). Natalie gee die inligting van die voorval, (sien punt 6.2.1.3.).

**Tabel 7.84: Kwalitatiewe data van sessie drie met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie kom stil voor vandag, maar reageer goed op direkte vraagstelling. Sy is mooi aangetrek en versorg.	Natalie gee die inligting van die voorval. Volgens Natalie het die beweerde oortreder haar gedreig met 'n mes.
Natalie praat sagter soos dit vir haar moeilik raak om oor die voorval te praat. Sy het moed bymekaar geskraap en 'n goeie weergawe van die voorval gegee.	Die beweerde oortreder het gesê dat hy 'n "kind by haar wil maak," want hy wil hoor wat die familie sê.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Haar ma was by die polisiestase oor die polisieman wat na bewering stories versprei.	Die voorval is op haar voorgrond.
	Toon nie weerstand om te praat oor die voorval vandag nie.

#### 7.6.5.6 Verloop van sessie vier en vyf. Teenwoordig: mev. Bruwer (sessie vier) en Natalie (sessie vyf).

Die navorser gee aan mev. Bruwer die geleentheid om te ventileer oor haar frustrasies en die reaksies van haar familieleden weens die beweerde voorval. Volgens mev. Bruwer is Natalie bang vir die komende hofsak. Tydens sessie vyf betrek die navorser Natalie by die aktiwiteit: "Liggaamsgevoelens," (sien punt 6.2.1.5.). Volgens Natalie versprei haar oom skinderstories. Stigmatisasie word versterk deur

houdings van ander persone in die familie of gemeenskap (Finkelhor & Browne, 1986:184).

**Tabel 7.85: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy skud net ontkennend haar kop toe die navorser vra of daar iets by die huis is wat haar gelukkig laat voel.	Natalie vertel dat haar niggie ongelukkig is by die mense waar sy bly. Volgens Natalie is sy gelukkig wanneer sy by haar vriende is.
Natalie begin meer spontaan met die navorser te gesels as aanvanklik.	Volgens Natalie is sy spyt dat sy die aand van die voorval winkel toe gestap het.
Energievlakke is goed.	Volgens Natalie voel sy bang, kwaad en hartseer oor die voorval. Sy is bang die beweerde oortreder kom los.
Sy is mooi aangetrek.	Volgens Natalie is sy bekommerd oor haar skoolwerk, want sy kon nie konsentreer en leer die eksamen nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Haar oom wil nie hê dat sy en haar niggie vriende moet wees nie.	Op Natalie se voorgrond is haar vrees vir die hof.
Sy het nie andersins baie vriende nie, omdat sy in 'n ander omgewing bly as waar sy skoolgaan.	Geen weerstand getoon nie.

#### 7.6.5.7 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Natalie.

Natalie kom aangehardloop en vra dat die navorser met haar stiefpa moet kom praat, want hy skel op 'n ander man en haar sussie huil. Die ander man ry en die navorser gee aan Natalie se stiefpa die geleentheid om te ventileer, hy is onder die invloed van alkohol. Die navorser wys hom op die gevolge van sy gedrag en impak op die kinders. Hy kalmeer en toon spyt oor sy gedrag. By die kantoor betrek die navorser vir Natalie by die bespreking van die aktiwiteit: "Reaksies van belangrike persone na onthulling van die seksuele misbruik," (sien punt 6.2.2.1.).

**Tabel 7.86: Kwalitatiewe data van sessie ses met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie kom aangehardloop en vra die navorser om met haar stiefpa te kom praat.	Sy het haar kommer uitgedruk oor haar sustertjie wat huil omdat haar stiefpa op die ander man geskel het.
Natalie het gespanne voorgekom by die huis, maar nadat die situasie ontlont is, het sy ontspan.	Sy verduidelik dat sy soms afwesig is by die skool weens vervoerprobleme.
	Volgens Natalie het haar ma haar dadelik geglo. Haar ma het gehuil toe die polisie nie

	dadelik die foon antwoord nie. Sy het saam met Natalie hospitaal toe gegaan.
	Volgens Natalie het haar stiefpa haar geglo en het sy skoene aangetrek om die beweerde oortreder te gaan soek.
	Volgens Natalie het haar ma se neef vir haar gevra of sy “allright” is en hy het saam hospitaal toe gegaan.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Natalie se pa is onder die invloed van alkohol en dit het ‘n negatiewe impak op die gesin.	Op Natalie se voorgrond is haar stiefpa se gedrag.
Natalie se ma was nie by die huis nie en sy het die navorser gevra om met haar stiefpa te praat.	Geen weerstand nie.
Natalie se stiefpa, haar ma se neef en ma het positief reageer na onthulling en sy is bly daarvoor.	

#### 7.6.5.8 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Natalie.

Die navorser betrek Natalie by die bespreking van die aktiwiteit: “My veiligheid,” (sien punt 6.2.1.2.).

**Tabel 7.87: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie is aanvanklik stillerig, maar later vertel sy spontaan van haar kontak met haar pa.	Sy vertel dat haar stiefpa na die insident van verlede Vrydag, nog nie weer gedrink het nie.
Sy het haar hare mooi versorg. Natalie se gesig verhelder toe sy die navorser vertel dat sy haar pa by die troue gesien het.	Volgens Natalie was hulle by ‘n troue in die dorp waar haar pa bly. Natalie vertel dat haar pa gesê het dat sy die vakansie by hom moet kom kuier. Volgens Natalie het haar stiefma by die huis gekom, sy het geskel en was onder die invloed van alkohol.
Natalie toon met ‘n regmerk op die kaart aan dat sy by al die plekke waarheen sy gaan veilig voel.	Natalie vertel dat sy en haar biologiese pa winkel toe gestap het en dat hy vir haar goed gekoop het.
Sy toon met ‘n kruisie aan dat sy egter op pad winkel toe en terug nie veilig voel nie.	Volgens Natalie is die smokkelhuise plekke in haar omgewing waar dit nie veilig is nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy het kontak met haar biologiese pa gehad en het dit baie positief beleef. Haar stiefma was egter onder die invloed van alkohol.	Op Natalie se voorgrond is haar kontak met haar biologiese pa. Sy toon die behoefte om die komende vakansie by hom te gaan kuier.
	Aanvanklik stil gewees, half weerstand getoon, maar later spontaan en vrolik.

### 7.6.5.9 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer.

Die navorser neem Natalie en mev. Bruwer na Somerset-Wes se landroshof en betrek Natalie by die aktiwiteit: “Hofvoorbereiding,” (sien punt 6.2.2.7.). Daarna neem die navorser vir Natalie na die hospitaal vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Baie slagoffers van seksuele misbruik vrees dat hulle die MIV/VIGS virus kon opgedoen het as gevolg van die seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1997:548).

**Tabel 7.88: Kwalitatiewe data van sessie agt met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie merk op die vorm dat sy senuweeagtig voel oor die hofsaak.	Sy skryf in: “Ek was nog nooit hier nie en ek sal nie lekker kan praat nie, want my senuwees gaan werk.”
Natalie is stil, maar luister aandagtig.	Sy vertel dat haar oom haar nie na haar pa toe geneem het die naweek nie en lyk teleurgesteld.
Sy kyk telkens na haar hofvoorbereidingboekie wat die navorser vir haar gegee het. Natalie is stillerig voor haar ma.	Sy vra dat haar ma liever moet deelneem aan die rollespel. Sy is te skaam om dit te doen voor haar ma.
Die navorser en mev. Bruwer rollespel vir Natalie ‘n saak en Natalie lag.	
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Die navorser neem Natalie en haar ma na die hof vir hofvoorbereiding.	Op Natalie se voorgrond is die hofsaak.
Daarna neem die navorser vir Natalie na die hospitaal vir haar opvolg MIV-bloedtoets.	Toon weerstand om deel te neem aan die rollespel voor haar ma.

### 7.6.5.10 Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: mev. Bruwer (sessie nege) en Natalie (sessie tien).

Die navorser lig mev. Bruwer in omtrent Natalie se behoefte aan kontak met haar biologiese pa. Mev. Bruwer ventileer en noem dat sy opmerk dat Natalie se oë “groot word” wanneer hulle van die beweerde oortreder voor haar praat. Die navorser beveel aan dat hulle nie voor Natalie moet praat van die voorval nie. Die navorser betrek Natalie tydens sessie tien by die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Bewustheid is die kapasiteit om te fokus, om aandag te gee. (Vergelyk Yontef, 1993:139 en Passons, 1975:21.)

**Tabel 7.89: Kwalitatiewe data van sessie tien met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie is in 'n ligte gemoedstoestand.	Sy spreek die wens uit om na haar pa te gaan vir 'n naweek.
Sy het die kuier in Grabouw baie geniet en wou nie terugkom nie, omdat sy die Saterdag wou gaan kyk het hoe haar vriende rugby speel.	Volgens Natalie het sy tydens die voorval gesien dat die beweerde oortreder sy hand in sy sak druk en het gedink dat hy iets gevaarlik in sy sak het en was bang.
Sy is in staat om haar sintuie goed te gebruik.	Sy het gevoel toe hy die mes teen haar nek druk en het gehoor hoe hy vir haar gesê het dat sy nie moet raas nie.
Natalie lag en vertel dat haar stiefpa geval het Saterdag toe hy weer onder die invloed van alkohol was en toe sê hy vir hulle dat hulle nie mooi na hom kyk nie.	Sy onthou dat hy na sweet geruik het en noem dat sy gedink het dat hy stink. Natalie is in staat om positiewe inligting wat sy die afgelope week met behulp van haar sintuie ontvang het, op te noem.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy wil graag by haar biologiese pa gaan kuier.	Op Natalie se voorgrond is haar kuiertjie by haar niggies.
Sy het die week by haar niggie baie geniet.	Geen weerstand tydens sessie nie.

**7.6.5.11 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Natalie.**

Die navorser betrek Natalie by bespreking van die aktiwiteit: "My naam," (sien punt 6.2.2.3.). Natalie maak 'n kleivoorstelling om haar van uit te beeld. Klei stel die adolessent in staat om kreatief te wees, gevoelens is geneig om na vore te kom en om deur die aktiwiteit uitgedruk te word (Geldard & Geldard, 2002:156).

**Tabel 7.90: Kwalitatiewe data van sessie elf met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie deurdink en frons voordat sy haar kleivoorstelling maak. Sy lyk tevrede met die eindresultaat.	Natalie deel spontaan inligting rondom haar naam.
Sy lyk ingenome toe sy vertel dat haar pa haar naam gekies het.	Sy spreek die behoefte uit om by haar pa te gaan kuier.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Natalie wil by haar biologiese pa gaan kuier.	Op Natalie se voorgrond is haar behoefte om by haar pa te gaan kuier.
	Geen weerstand nie.

**7.6.5.12 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Natalie.**

Die navorser betrek Natalie by die bespreking van die aktiwiteit: "Meryl se storie," (sien punt 6.2.4.1.).

**Tabel 7.91: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie is aanvanklik stillerig omdat sy net voor die sessie opgestaan het.	Natalie noem dat sy ook aanvanklik stil en teruggetrokke was na die voorval. Volgens Natalie het sy dadelik die seksuele misbruik onthul sodat die beweerde oortreder nie dieselfde aan aan kinders kan doen nie.
	Volgens Natalie het sy die aand van die voorval gehuil. Volgens Natalie ervaar sy nie skuldgevoelens nie.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Volgens Natalie het haar niggie se outjie motiverend met haar gepraat toe sy teruggekom het van die hospitaal.	Op Natalie se voorgrond is om die Desembervakansie na haar pa te gaan.
	Geen weerstand nie.

**7.6.5.13 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Natalie en Mev. Bruwer.**

Die navorser betrek Natalie by die aktiwiteite: “Gunstelingdinge” en “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.2 en 6.2.3.4.). Enige onvoltooide gestalt is ‘n onvoltooide saak wat oplossing vereis (Yontef, 1993:78).

**Tabel 7.92: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Aanvanklik stillerig, maar later spontaan begin gesels. Sy vertel laggend van ‘n paar humoristiese gebeure in haar lewe.	Natalie noem dat haar stiefpa “vervelig” is wanneer hy dronk is en dat hy dan vir haar sing. Sy noem dat dit haar egter hartseer laat voel wanneer haar ouers baklei wanneer haar stiefpa onder die invloed van alkohol is.
Sy lyk vrolik en toon belangstelling in die aktiwiteite.	Natalie noem dat haar grootste vrees is om alleen in die huis te slaap.
Maak voldoende oogkontak.	Volgens Natalie voel sy veilig by haar ouers.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Mev. Bruwer kom saam met Natalie na haar sessie.	Op Natalie se voorgrond is humoristiese gebeure met haar familieleden die afgelope tyd.
Sy gaan die motor laat regmaak en sal dan vir Natalie vir ‘n naweek na haar pa neem.	Geen weerstand nie.
Natalie noem dat haar familie vir haar omgee.	

**7.6.5.14 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Natalie.**

Die navorser betrek Natalie by bespreking van die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag,” (sien punt 6.2.3.8.). Volgens Yontef (1993:7) is manier van dink ‘n sentrale deel van gestaltterapie: “Wat doen jy nou en hoe doen jy dit?” Die teenwoordige is van belang, want die verlede is verby en die toekoms het nog nie gearriveer nie (O’Leary, 1998:17).

**Tabel 7.93: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Natalie is mooi aangetrek en in ‘n ligte luim. Sy neem spontaan deel aan bespreking.	Natalie noem dat dit goed gaan met haar.
Goeie energievlakke.	Natalie identifiseer haar ma as ‘n selfgeldende persoon.
Toon belangstelling in aktiwiteit en toon insig.	Natalie identifiseer haar stiefpa, suster en haarself as persone wat soms aggressief optree.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Sy gaan dalk Desember vakansie vir ‘n naweek na haar biologiese pa.	Op Natalie se voorgrond is ‘n argument tussen haar ma en stiefpa, toe hy onder die invloed van alkohol was.
Goeie verhouding met haar ouma.	Geen weerstand nie.

**7.6.5.15 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Natalie.**

Die navorser betrek Natalie by bespreking van die aktiwiteit: “7de Laan,” (sien punt 6.2.2.6.). Trauma kan die positiewe gevoelens wat ‘n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om “sleg” te wees (Williams & Poijula, 2002:162).

**Tabel 7.94: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Sy kom opgewonde voor toe sy die navorser vertel van haar vakansie by haar biologiese pa.	Natalie identifiseer die volgende positiewe eienskappe waarvoor sy beskik, naamlik: vriendelik, eerlik, hulpvaardig, liefdevol, familievas, mooi en betroubaar.
Natalie maak goeie oogkontak. Sy is mooi aangetrek en versorg haarself goed.	Natalie vertel dat sy selfgeldend opgetree het nadat haar stiefsussie in haar goed gekrap het die vakansie.
Haar energievlakke was hoog en sy was baie spontaan tydens die sessie.	Natalie erken dat haar skoolwerk kan verbeter.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>

Natalie vertel dat sy Kersfees by haar biologiese pa was. Sy en haar stiefma het ook baie tyd saam spandeer.	Die vakansie by haar biologiese pa is op Natalie se voorgrond. Geen weerstand nie.
--	--

#### 7.6.5.16 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer.

Die navorser betrek Natalie by die aktiwiteit: “Positiewe denke” en “vertroue,” (sien punt 6.2.2.5 en 6.2.4.2.). Volgens Webb (1999:110) kan verraad lei na probleme in interpersoonlike verhoudings, probleme om verhoudings te bou, suspisie, ambivalensie en die keuse van verhoudings waarin die persoon uitgebuit word.

**Tabel 7.95: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Natalie Bruwer**

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie is spontaan en nie meer so stil soos tydens aanvang van terapie nie.	Natalie noem dat die negatiewe behels wat die beweerde oortreder aan haar gedoen het.
Goeie deelname, energievlakke en belangstelling.	Natalie identifiseer die positiewe na onthulling as haar ouers se ondersteuning. Die navorser voeg by haar goeie gedrag, dat sy geslaag het en die seksuele misbruik onthul het.
Goeie oogkontak, liggaamshouding is gemaklik.	Volgens Natalie beteken vertroue vir haar dat sy op iemand kan staatmaak en dat sy goed vir daardie persoon kan vertel. Sy vertrou haar twee niggies.
	Volgens Natalie vertrou sy nie die beweerde oortreder nie weens wat hy gedoen het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die beweerde oortreder het na bewering gedreig dat indien hy uit die tronk uit kom, hy vir Natalie en haar ouers gaan doodmaak.	Op Natalie se voorgrond is haar suster wat werk soek.
Natalie was in Grabouw saam met die kerk se jeuggroep.	Geen weerstand nie.

#### 7.6.5.17 Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Natalie.

Die navorser betrek Natalie by die bespreking van die aktiwiteit: “Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens” en “Die verkeerslig,” (sien punt 6.2.4.4. en 6.2.4.5.). Perls het die idee ontwikkel dat ‘n persoon verantwoordelikheid moet neem vir haar lewe (Blugerman, 1986:71). Om verantwoordelikheid te neem vir jouself is die kern van terapie vanuit die gestaltbenadering (O’Leary, 1998:17). Tydens sessie agtien voltooi Natalie die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.



**Tabel 7.96: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Natalie Bruwer**

<b>LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE</b>	<b>EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF</b>
Mooi aangetrek en versorg.	Volgens Natalie kry sy hoofpyn, en word haar hele gesig rooi wanneer sy kwaad word.
Neem deel aan bespreking met selfvertroue.	Volgens Natalie “skel” sy, klap of gaan sê haar ma as sy kwaad is.
Goeie energievlakke en oogkontak.	Volgens Natalie moet sy wegloop, met iemand gaan praat, of musiek luister wanneer sy kwaad word.
<b>KONTAK MET DIE OMGEWING</b>	<b>VOORGROND / WEERSTAND</b>
Natalie stem in dat die navorser met haar ma mag praat oor haar stiefpa se misbruik van alkohol.	Op Natalie se voorgrond is ‘n insident waartydens ‘n ander meisie kom moeilikheid soek het met haar niggie.
	Geen weerstand nie.

**7.6.5.18 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: mev. Bruwer.**

Mev. Bruwer stem saam dat die navorser kan termineer.

**Tabel 7.97: Natalie se huidige funksionering volgens mev. Bruwer**

<b>ONDERWERPE:</b>	<b>GEBEURE:</b>	<b>IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:</b>
<b>Gesondheidsgeskiedenis:</b>	Na voorval.	Eetlus het verminder en sy voel na van die “AZT” pille.
	Huidig.	Gesondheid goed.
<b>Emosionele funksionering:</b>	Na voorval.	Natalie kom senuweeagtig voor en wil nie alleen wees nie. Was bang en huilerig na die voorval. Natalie is bang vir die hofsak.
	Huidig.	Natalie is weer vrolik. Sy kom nie meer so senuweeagtig voor nie en is nie meer so stil nie. Sy loop nou weer alleen winkel toe.
<b>Interpersoonlike verhoudings:</b>	Na voorval.	Tekens van onttrekking, sy is stil. Verhouding met ma is goed en met stiefpa gemiddeld.
	Huidig.	Haar verhouding met haar ma en stiefpa is goed. Natalie hou nie daarvan wanneer haar stiefpa drink nie. Verhouding met haar suster is goed. Sy het vir ‘n week gaan kuier by haar pa en stiefma en het dit baie


		geniet. Haar halfbroer en halfsuster het daarna by haar kom kuier.
<b>Gedragsprobleme:</b>	Na voorval.	Tekens van aggressiewe gedrag. Natalie het eenkeer met 'n mes onder haar kussing geslaap en verduidelik dat dit vir selfverdediging is, sou iemand deur die venster klim.
	Huidig.	Geen probleem nie. Sy is 'n gehoorsame kind.
<b>Kognisie:</b>	Na voorval.	Geen probleem nie.
	Huidig.	Geen probleem nie.
<b>Seksualiteit:</b>	Na voorval.	Praat nie oor seksualiteit nie. Geen probleme nie. Mev. Bruwer voel Natalie is nog te jonk om 'n kêrel te hê.
	Huidig.	Geen kommer nie.
<b>Skoolprestasie:</b>	Na voorval.	Na die voorval wou Natalie sommige dae nie skool toe gaan nie. Volgens mev. Bruwer is Natalie nie 'n kind wat sommer net by die huis sal bly nie.
	Huidig.	Ten spyte van 'n moeilike jaar het sy geslaag.
<b>Voorval inligting:</b>		Mev. Bruwer het Natalie na die winkel gestuur om kerse te gaan koop. Natalie het nie huis toe gekom nie, haar foon was af en mev. Bruwer het besef dat Natalie nooit so optree nie en het die polisie in kennis gestel.
<b>Voorvalinligting:</b>	Huidig.	Mev. Bruwer ondersteun Natalie baie goed en volg op wanneer die hofdatums is.
<b>Dissipline:</b>	Na voorval en huidiglik.	Mev. Bruwer hok en neem Natalie se selfoon as strafmetode.
<b>Gesinslewe:</b>	Na voorval.	Mev. Bruwer gaan 'n interdik teen die beweerde oortreder uitneem. Haar man drink steeds. Hy word baie kwaad as hy gedrink het en iemand doen iets verkeerd.
	Huidig.	Natalie se stiefpa misbruik alkohol en dit veroorsaak spanning.

### 7.6.5.19 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Natalie se selfpersepsie en trauma-dinamika soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Natalie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het daarop getoon dat Natalie se selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Natalie se huidige algehele selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsiefaktore) is 30% en haar vorige telling tydens die voortoets was 30%. Haar selfpersepsietelling is in die aanbevole gebied en is daarom nie 'n bron van kommer nie. Natalie se gebrek aan selfgelding-, verantwoordelikheid vir ander- en gebrek aan selfwaardetelling het goed afgeneem. Die navorser skryf die toename in haar angstigheids telling daaraan toe dat die ondersoekbeampte verkeerdelik nie die dossier na die hof geneem het op 'n spesifieke dag nie en die saak is toe daarom tydelik teruggetrek en die beweerde oortreder was tydelik vrygelaat. Natalie en haar gesin was baie ontsteld, omdat die beweerde oortreder gevaarlik is. Die navorser het dadelik die stasiebevelvoerder daarvan in kennis gestel, maar die beweerde oortreder kon eers ongeveer twee weke later weer gearresteer word, nadat die dossier weer hof toe geneem is en die saak weer op die rol geplaas is. Dit het alles net voor die natoets alles afgespeel.

**Figuur 7.9: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie**




Natalie se huidige algehele Trauma-dinamika-puntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 13% en haar vorige telling tydens die voortoets was 18%. Sy het goeie vordering gemaak en haar telling is steeds onder die aanbevole gebied naamlik 'n totaal van minder as 30% is. Die meeste van Natalie se trauma-dinamika-totale het afgeneem, slegs haar wantrouetelling en stigmatelling het toegeneem. Die navorser skryf dit aan die volgende faktore toe, naamlik:

- Natalie is deur 'n eksterne familielid seksueel misbruik,
- Volgens Natalie het haar een oom skinderstories na die seksuele misbruik versprei,
- Die ondersoekbeampte het nie die dossier by die hof gehad toe die beweerde oortreder weer voorgekom het nie en die saak is tydelik teruggetrek,
- Natalie se stiefpa misbruik alkohol en dit het 'n nadelige impak op die gesin.

Persone wat dus veronderstel is om beskerming te bied, naamlik familie en die polisie, het Natalie telkens in die steek gelaat en dit kon bydra tot die toename in haar wantrouetelling en stigmatelling.

**Figuur 7.10: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika**



#### **7.6.5.20 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge**

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Natalie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Natalie het tydens aanvang van terapie meestal teruggetrokke en stil voorgekom. Haar moeder het ook net na die voorval genoem dat Natalie tekens van onttrekking getoon het en senuweeagtig voorgekom het.

Na afloop van dienslewering, was Natalie baie meer spontaan en selfversekerd. Natalie se moeder het haar deurgaans ondersteun na onthulling en het self ook die navorser kom sien vir individuele sessies. Natalie het verantwoordelikheid geneem deur getrou haar terapeutiese sessies by te woon. Die onderhoud met mev. Bruwer het ook daarop gedui dat Natalie na afloop van terapeutiese dienslewering positiewe veranderinge getoon het en sy het Natalie weer as vrolik beskryf. Volgens mev. Bruwer is Natalie nie meer bang om alleen te loop nie en kom nie meer so senuweeagtig voor nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Natalie en mev. Bruwer gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel en om te bepaal of dit steeds goed gaan met Natalie. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Natalie en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Beide Natalie se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Natalie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

### **7.7 Samevatting**

Die vyf voortoetse van die vyf Kleurling respondente het daarop gedui dat al vyf respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed.

Almal se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die vyf natoetse het daarop getoon dat al vyf respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie meer hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Al vyf Kleurling respondente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Die gemiddelde van die vyf respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 39.8% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 25.8%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde van die vyf respondente se trauma-dinamika-tellings voor intervensie was 33.6% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 20%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Al vyf die Kleurling respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamikatellings het individueel verbetering getoon. Die inligting wat met behulp van die onderhoude aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat hulle positiewe veranderinge by die respondente na die implementering van die speltherapieprogram opgemerk het. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate komplimenteer mekaar. Die resultate dui dus daarop dat die implementering van die speltherapieprogram die Kleurling respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

In hoofstuk agt sal die Xhosa-adolessente se resultate wat uit die empiriese ondersoek verkry is, asook die interpretasie daarvan, aangebied word.